Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Die Werk
van
Julle Geloof

==========

Gesprekke uit die boek Handelinge
oor die geloof

==========

Ds. M.J. Booyens

Inhoudsopgawe

Woord vooraf 3
1. Die dissipels volhard almal eensgesind in die gebed 4
2. Die volgelinge van Jesus kies 'n ander apostel in die plek van Judas Iskariot 7
3. Die volgelinge van Jesus ontvang met Pinkster die krag van die Heilige Gees 9
4. Petrus verkondig die evangelie van Christus 11
5. Die mense is diep getref 13
6. Die mense het geluister en hulle bekeer 15
7. Die mense het hulle laat doop 18
8. Die apostels het baie tekens en wonders gedoen 21
9. Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van die verlamde man sterk gemaak 23
10. Petrus en Johannes was aan God meer gehoorsaam as aan die Joodse Raad 25
11. Die gemeente het gebid en die plek het geskud 27
12. Die eerste Christelike gemeente het die gemeenskap van die heiliges beoefen 29
13. Petrus en Johannes was bly dat hulle ter wille van die Naam van Jesus kon ly 31
14. Stefanus het as martelaar gesterf 33
15. Die vlugtende Christene het die evangelie verkondig 36
16. Die Etiopiër het gesê: "Hoe sou ek kon verstaan as niemand dit vir my uitlê nie?" 38
17. Saulus het gevra: "Wie is U, Here?" 41
18. Kornelius het 'n boodskap aan Petrus gestuur 43
19. Petrus gaan na Kornelius 45
20. Die gemeente bid vir Petrus in die tronk 47
21. 'n Saadjie geplant in Antiogië 49
22. Die gemeente in Antiogië dra by om die nood van die gemeente in Jerusalem te verlig 51
23. Die gemeente van Antiogië sonder vir Barnabas en Saulus af om sendingwerk te gaan doen 53
24. Sergius Paulus is gered 55
25. Die heidene was bly oor die woord van die Here 58
26. Die verlamde man in Listra 60
27. "Alleen deur die geloof in Jesus Christus" — besluit van Handelinge 15 62
28. Die geloof van Timoteus se moeder en grootmoeder 65
29. Die apostel Paulus gaan na Europa 67
30. Lidia, die eerste gelowige in Europa 69
31. "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word" 71
32. Paulus was verontwaardig oor al die afgodsbeelde in Atene 73
33. Paulus dank God vir die werk van die geloof van die gemeente in Tessalonika 75
34. Prissilla en Akwila werk 77
35. In Efese is "huis skoon gemaak" 79
36. Die gemeente in Korinte was bedroef oor 'n brief van Paulus 82
37. Paulus gaan na Jerusalem 84
38. Paulus het saam met die ouderlinge van Efese gekniel en gebid 87
39. Paulus het vir die Jode soos 'n Jood geword om die Jode te wen 89
40. Die geboeide Paulus preek vir die volk 91
41. Paulus verklaar voor die Joodse Raad dat hy glo in die opstanding 93
42. Paulus verklaar dat hy oor die opstanding van die dooies tereg staan 95
43. Paulus verkondig die Woord aan Feliks en Drusilla 97
44. Paulus beroep hom op die keiser 99
45. Paulus worstel om die siel van Herodes Agrippa 101
46. Paulus verkry beheer oor die skip in die stormsee 104
47. Paulus dank God en skep moed 107

Woord vooraf

"Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons aan julle in ons gebede dink. Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus" (1 Tess. 1:2, 3).

In die boek lê ons nie die nadruk op die "Openbaringshistoriese" gang in die boek "Handelinge" nie, maar let daarop hoe mense deur die geloof reageer op die Openbaring.

DIE SKRYWER

Heilbron 1981.

Hierdie boek is die derde deel van 'n reeks bestaande uit drie dele wat handel oor: *Die Geloof.*

Deel een is: *Deur die geloof.* Gesprekke oor die geloof uit die Ou Testament met as uitgangspunt Hebreërs 11.

Deel twee is: *Jou geloof het jou gered.* Gesprekke oor die geloof uit die vier Evangelies.

1. Die dissipels volhard almal eensgesind in die gebed

> Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed.... — Hand. 1:14.

Wag op doop met Heilige Gees

Die Here Jesus het liggaamlik vertrek — Hy het opgevaar na die hemel.

Die elf dissipels keer terug na Jerusalem in opdrag van hulle Here:

> "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word" — Hand. 1:4, 5.

Deur die geloof is hulle gehoorsaam aan sy opdrag — hulle gaan terug na die stad. In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek waar hulle gewoonlik vertoef het.... Dan lees ons:

> "Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed."

So begin die nuwe bedeling van die kerk.

Dit is die bedeling van die Heilige Gees.

Jesus Christus het gekom in die vlees. Deur sy opstanding is Hy kragtig bewys as die Seun van God.

En toe vaar Hy op na die hemel. En Hy laat aan die dissipels 'n opdrag agter:

> ". . . . julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld" — Hand. 1:8.

Ken swakhede

So kom hulle aan in die bovertrek waar hulle gewoonlik vergader het.

Wat nou? Wat moet ons doen?

Die meeste van ons is ongeletterde vissers uit Galilea.

'n Galileër word normaalweg nie in Jerusalem hoog aangeslaan nie.

Ons kom feitlik maar uit die agterland van Palestina.

En daarby was ons nie op skool of universiteit nie.

Ons het ons lewe gemaak uit wat ons met die hande gedoen het.

Jesus se getuies in Jerusalem? Dit is absurd! Hoe sou ons 'n gesprek kan aanknoop met die geleerde rabbi's in hierdie stad?

Hoe sou ons hulle kon oortuig dat Jesus die Christus is? Hy self kon niks met hulle uitrig nie!

Ag, die taak, wat die Heiland opgelê het, kan ons nie uitvoer nie. Daarvoor ken ons onsself en die Jode te goed. Ons is geheel onbekwaam daartoe en die magte teenoor ons sal ons eenvoudig platloop.

Nee, nou, op hierdie oomblik, sien ons nie kans om iets te doen nie. Ons bly net hier in ons skuilplek. Ons bly by-mekaar.

Hulle kniel en bid

Maar hulle glo!

En dan doen hulle tog iets — hulle wag en soek na krag en lig. En dan begin die kerk van Jesus Christus — na sy vertrek na die hemel — op 'n pragtige noot.

Elf manne kniel neer.

Saam met hulle kniel ander manne — ook die broers van Jesus wat vroeër nie in Hom geglo het nie. En ook 'n aantal vroue — onder wie Maria, die moeder van Jesus. Ook sy kniel nou voor haar Seun — wat ook haar Here en Verlosser is. Hoe bly en dankbaar sou sy wees dat haar ander kinders saam met haar neerkniel om Hom te aanbid.

Die kerk van Jesus Christus begin met 'n bidstond. Beter kan die kerk nie begin — en voortgaan nie.

Jesus se voorbeeld

Hulle Here het hulle geleer om te bid — deur sy voorbeeld. Hy self het baie gebid en hulle was getuies daarvan.

Hulle het ook gesien wat die omgang met sy Vader in die gebed aan Hom gedoen het.

Dit het Hom selfs in staat gestel om die lydensbeker uit die hand van sy Vader te neem en tot die bodem te ledig.

Hy het ook gesê: "Bid en julle sal ontvang."

Jesus se beloftes

Mooi is die getuienis dat hulle eensgesind volhard in die gebed.

Ook daaraan is 'n belofte van die Here Jesus verbind: "Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle" (Matt. 18:19, 20).

Hulle is eensgesind — een en dieselfde nood dryf hulle. Een in die geloof in Jesus Christus, kniel hulle voor Hom. Eensgesind in hulle begeerte om die krag te ontvang om sy getuies te kan wees — roep hulle tot Hom.

Hulle onthou immers nie alleen sy opdrag om sy getuies te wees nie. Hulle onthou ook sy belofte:

> "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" — Hand. 1:8.

En selfs die belofte is verbind aan 'n ander belofte:

> "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee — die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra" — Luk. 11:13.

Daarom bid hulle deur die geloof

Deur die geloof in die beloftes bid hierdie groepie manne en vroue. En hulle gee nie moed op nie. Hulle worstel met die Here in hulle swakheid. Hulle volhard — dag na dag hou hulle weer hulle gebedsbyeenkomste.

Hulle klop dat die deur van die Kragbron oopgemaak moes word.

Hulle roep dat die Gees uit die hoogte op hulle uitgestort moes word.

Die Heilige Gees sou kom, volgens die belofte van die Here.

En tog vra hulle daarom — en pleit daarvoor.

So is die gelowige mens maar.

Hy kan nie anders wees nie.

Juis omdat die Here beloof het, bid hy en kan nie ophou nie.

Jou lewe lank kan jy die gebed nie staak nie.

Jy het altyd — elke dag die behoefte aan krag — die krag van die Heilige Gees.

Gebedsbyeenkomste is nie alleen nodig gedurende die tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster nie.

Dit is elke dag nodig — in jou huisgesin — saam met vriende en vriendinne.

Plek en omstandighede maak geen verskil nie.

In die erediens en daarbuite:

> " .... waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by julle" — Matt. 18:20.

Miskien moet die Here ons eers seermaak — slaan — verdruk. Dan sal ons weer leer om spontaan en oral te bid. En eensgesind te bid — omdat ons in dieselfde nood is.

2. Die volgelinge van Jesus kies 'n ander apostel in die plek van Judas Iskariot

> Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word — Hand. 1:21.

Die elf apostels en 'n groep gelowiges — by die geleentheid honderd en twintig persone — was eensgesind saam en het vol-hard in die gebed. Dit is die tipiese uiting van 'n groepie gelowige mense wat voor hulle 'n bo-menslike taak het en weet dat hulle daartoe, uit hulleself, nie die vermoë besit nie.

Doen meer as om te bid

Maar hulle glo in hulle opdrag en weet dat dit gedoen moet word. Daarom doen hulle meer as om te bid.

Hulle maak hulleself intussen gereed vir die taak wat voorlê — terwyl hulle wag en bid om die koms van die Heilige Gees.

Die duiwel het naamlik 'n bres in hul geledere geslaan.

Judas Iskariot — die verraaier — het uitgeval.

En die Here Jesus het twaalf apostels aangestel — ook nie sonder rede nie. Twaalf is 'n heilige getal. Dink maar net hieraan:

Johannes sien in Openbaring 21 die nuwe Jerusalem, die stad of "kerk" van God, uit die hemel neerdaal.

> "Die stad se muur het twaalf fondamente, en daarop is daar ook twaalf name, die van die twaalf apostels van die Lam" — Openb. 21:14.

Geloof in die Skrif

Daarom staan Petrus op by die byeenkoms.

Deur die geloof begin hy praat:

> "Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word. Hy is as een van ons gereken en is ook gekies om 'n aandeel in ons werk te hê, maar hy het die gids geword van die wat vir Jesus gevange geneem het" —16, 17.

Hy verwys hier waarskynlik na Ps. 41:10. Die Heilige Skrif

kry mense aan die werk. Dan vertel hy kortliks wat met Judas gebeur het.

Leë plek moet gevul word

Eindelik stel Petrus dan sy saak:

> "Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is, totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is" — 21, 22. Hier vind ons die vereistes waaraan 'n apostel moes voldoen. Hulle moes ooggetuies van Jesus se hele optrede wees. Daarom was die apostelamp 'n eenmalige amp. Na hulle dood is daar geen verdere apostels aangestel nie. Alleen Paulus is spesiaal deur die Here geroep — as die ontydig geborene —

om die evangelie aan die heidene te verkondig" — Hand. 15:8; Gal. 2:7.

Hulle is die fondament van die kerk. Op die evangelie van Jesus Christus, wat hulle sou verkondig, verrys die nuwe Jerusalem, die heilige stad van God. Hulle moes fundamentele werk doen. Daarom moes hulle voltallig wees, wanneer die Heilige Gees kom en hulle met krag uit die hoogte toerus. En hulle glo daarin. Daarom is die verkiesing 'n geloofsdaad.

Die heilige lot

Hulle stel dan 'n dubbeltal. Twee manne word voorgestel — miskien die enigste twee wat aan die vereistes voldoen:

"Josef, wat ook Barabbas of Justus genoem word, en Mattias" —23.

Josef was waarskynlik die gunsteling van die vergadering. Hy word eerste genoem en sy naam vertel ook iets. Sy bynaam is Justus — "die regverdige".

Hulle wou egter nie volgens hulle eie voorkeur kies nie. Dit wou hulle aan die Here oorlaat. Daarom bid hulle eers: "Here, U wat die harte van almal ken, wys die een aan wat U uit hierdie twee verkies het" — 24.

Die lot is 'n heilige handeling. Dan beslis geen redelike of menslike faktore nie. Dan wys God self aan, wie Hy verkies.

So het die Here Agan deur die lot aangewys as skuldige — Jos. 7:14-18.

Saul is vooraf deur Samuel as koning gesalf en daarna deur die lot as koning aangewys — 1 Sam. 10:20, 21.

Daarom mag 'n Christen nie met die lot speel nie. Lotery is dan afgodediens — ontheiliging van die heilige wil van God.

> "Maar julle wat.... 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot — Ek sal julle bestem vir die swaard, julle almal sal buig om geslag te word" — Jes. 65:11, 12.

Die lot mag nooit anders as met heilige eerbied en met die gebed gewerp word nie.

Nadat hulle gebid het werp hulle die lot en die Here wys Mattias aan as sy uitverkore apostel. En die gemeente lê hom daarby neer — dit is die wil van God.

Hoewel sy naam nooit eens weer in die Bybel genoem word nie, is hy tog een van die heilige apostels. Die Here het hom daartoe vir Homself afgesonder. Ook van die meeste ander, uit die twaalf apostels, lees ons nie weer nie. Die Bybel is immers geen kroniek van mense nie, maar die openbaring van God — en sy werke. En Hy openbaar genoeg om almal wat dit lees, tot die geloof te bring.

Deur die geloof het hulle die leë plek van Judas weer gevul. Deur die geloof het hulle die lot gewerp, nadat hulle die Naam van die Here aangeroep het.

3. Die volgelinge van Jesus ontvang met Pinkster die krag van die Heilige Gees

> Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat.... "
> .... ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het
> — Hand. 2:4, 11.

Die Heilige Gees werk die geloof

Die apostels en ander volgelinge van Jesus, wat op die Pinksterdag bymekaar was, was gelowige mense.

Die geloof het hulle alreeds van die Heilige Gees ontvang.

Die Here Jesus het immers vantevore al oor wedergeboorte en geloof gepraat as 'n gawe van die Heilige Gees: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy in die koninkryk van God nie kom nie" — Joh. 3:5.

Later sê Hy van die geloof:

> "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self dra niks by nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe. Maar daar is party van julle wat nie in My glo nie" — Joh. 6:63, 64.

Hulle glo nie, omdat hulle nie lewend gemaak is deur die Heilige Gees nie. Die apostels glo egter wel en Petrus kan sê:

> "En ons glo vas en weet dat U die Heilige van God is" — Joh. 6:69.

Die Heilige Gees versterk die geloof

Wat beteken dit dan vir hulle dat die Heilige Gees op Pinkster uitgestort is? Luister na die woorde van Jesus voor sy hemelvaart:

> "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem ...." — Hand. 1:8.

En tien dae na die hemelvaart is hulle nog eensgesind saam. Hulle bid en wag op die krag uit die hoogte. Dit is die dag van die Pinksterfees van die Jode. Dit is 'n oesfees. Jesus het gekom om te saai. Hy self het soos die koringkorrel in die grond geval en gesterf om te kan opkom en groei tot die oes — Joh. 12:24. Hy het opgestaan uit die graf en opgevaar na die hemel. En dan kom die Heilige Gees om die oes op sy versoeningswerk in te samel. So bou Jesus, deur die Heilige Gees, sy kerk op aarde. So het die Heilige Gees net een keer in die geskiedenis gekom. Hy het gekom om te bly — ons leef in die bedeling van die Gees.

Sonder Heilige Gees — geen geloof en geen krag

En soos die dissipels ontvang ook ons die wedergeboorte en geloof — die nuwe lewe — deur die Heilige Gees. Soos hulle, het ook ons 'n opdrag om uit te voer en ontvang daartoe die krag van die Heilige Gees.

Indien hierdie mense nie geglo het nie, sou hulle nie op die Pinksterdag met die Heilige Gees gedoop gewees het nie. Hulle sou nie met die Heilige Gees vervul gewees het nie. Hulle sou nie in ander tale van die groot dade van God kon praat nie.

Dan sou daar geen sendingwerk plaasvind en geen Bybels vertaal word, sodat alle nasies die getuies van Jesus kan hoor praat — in hulle eie tale — van die groot dade van God nie. Hier is die talewonder tog gewis 'n teken dat mense van alle nasies en tale die Woord van God in

hulle eie taal sal hoor. Hierdie mense het nie 'n onverstaanbare taal — in onverstaanbare klanke — voortgebring nie. Die hoorders het verstaan wat hulle sê.

Christus se koninkryk moet oor die aarde groei — tot alle volke en taalgroepe.

En daartoe sal gelowige mense deur die eeue heen krag van die Heilige Gees ontvang.

Pinkster onherhaalbaar — werk van die Gees herhaal

In 'n sekere sin is Pinkster onherhaalbaar. Die uitstorting van die Heilige Gees, die aanbreek van die nuwe heilstyd, is 'n unieke gebeurtenis. Maar soos Pinkster, soos die doop met die Heilige Gees, vir die dissipels die ingang was tot die nuwe heilstyd, so is die doop met die Heilige Gees vir elke gelowige die toegang tot die nuwe eeu, die nuwe heilstyd. Die doop met die Heilige Gees staan aan die begin van die nuwe lewe, die lewe met God deur geloof in Jesus Christus .... Hierdie doop met die Heilige Gees is eintlik maar dieselfde as die wedergeboorte, die aanvang van die nuwe lewe, die lewe van die geloof.

Daar is egter op Pinkster nog 'n ander aspek.... die toerusting met krag van die Gees. Die Gees van God is die Gees van krag — 2 Tim. 1:7.

Die Heilige Gees doen twee dinge: Hy vernuwe en Hy bekragtig.

Die apostels het geglo.

Daarom het hulle eensgesind bymekaar gewag en gebid om die krag van die Heilige Gees.

En hulle geloof is nie beskaam nie:

> ".... want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het" — Rom. 5:5.

Hulle is almal met die Heilige Gees vervul.

Deur die geloof het hulle almal gepraat van die groot dade van God.

Daartoe het die Heilige Gees aan hulle geloof die krag gegee.

Glo in belofte

En ons besit die belofte:

> "As julle wat sleg is, dan weet om julle kinders goeie dinge te gee — die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra — Luk. 11:13. Glo en bid — maar doen ook iets meer — wees gehoorsaam: "En moenie die Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël. " laat die Gees julle vervul" — Ef. 4:30; 5:18.

Bid, maar gebruik veral ook die middel wat die Gees gebruik — die swaard van die Gees — die Woord van God.

En jy sal met die Heilige Gees en sy krag vervul word.

En jou woorde en dade sal praat van die groot dade van God.

4. Petrus verkondig die evangelie van Christus

> Toe staan Petrus.... op en hy spreek die mense onder leiding van die Heilige Gees toe — Hand. 2:14.

Krag ontvang

Deur die geloof preek Petrus.

Hy het moeilik daartoe gekom, want hyself was swak. Hy het self die Here Jesus drie keer verloën.

Hy het geglo en sy geloof was swak, maar die Heilige Gees het sy geloof versterk en ... . toe kon hy nie meer swyg nie.

Jesus se beloftes is waar gemaak:

> "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld" — Hand. 1: 8.

Geen "Heilige Gees-kerk"

Van die Heilige Gees self — wat deur die wonderbare tekens van sy koms die mense laat saamdrom — sê Petrus nie veel nie.

Ja, onder leiding van die Heilige Gees sê Petrus min van die Gees. Die Gees het nie gekom om vir Homself 'n kerk te stig nie — hoewel Hy in die kerk woon — maar Hy het gekom om vir Christus sy kerk te stig en te bou.

Sonder die Heilige Gees kom ons nie by Christus nie.

Sonder die Heilige Gees het ons geen geloof nie.

Sonder die Heilige Gees in ons, woon Christus nie in ons nie.

En tog: Ons is nie in die eerste plek getuies van die Heilige Gees nie. Ons is getuies van Jesus Christus.

Daarom klink dit vreemd in ons ore dat mense van "Pinksterkerke" of "Heilige Gees-kerke" praat.

Petrus handel die tekens van die Heilige Gees se koms af met een aanhaling uit die Bybel — uit die profesie van Joël.

En dan lei die Heilige Gees hom weg van Homself af, na Jesus toe.

Jesus van Nasaret

> "Israeliete luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur kragtige dade. God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak" — 22, 23.

Deur die geloof sê Petrus dit aan die Jode.

Julle is skuldig aan die oorlewering en kruisdood van julle Messias! Gelei — of liewer gedryf — deur die Heilige Gees, kan hy nou nie stilbly nie. En hy spaar die Jode nie. Hulle moet goed weet dat hulle skuldig is. 'n Mens wat sy eie sonde nie ken nie, kom nie by Jesus nie. Hy het immers gekom om te soek en te red die wat verlore was.

Ag, dit was nie alleen die Jode en Pontius Pilatus wat skuldig was aan die misdaad teen Jesus nie!

Elke mens onder die son is ewe skuldig.

> "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel" — Jes. 53:5.

Hy het opgestaan

Maar Petrus gaan al verder:

> "Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan" — 24.

Deur die geloof verkondig Petrus die opstanding van Jesus! Dit is om van te sing:

> "Maar nou, Christus is opgewek uit die dood. Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?" — 1 Kor. 15:20, 55.

Met hierdie oorwinningslied in die hart en op die lippe trek die apostels gelowig die wêreld in. Dit verkondig hulle in die aangesig van die dood. Hulle Here het opgestaan, wat kan die dood hulle nog aandoen?

Hy het opgevaar

Meer nog:

> "Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort" — 33.

Deur die geloof is Petrus 'n getuie van die volle en heerlike Heiland.

Hy het gekom as 'n mens — Jesus van Nasaret.

Hy het kragtige werke gedoen en die ryke evangelie verkondig.

Hy is deur julle oorgelewer en gekruisig.

Hy het opgestaan uit die dood.

En Hy het opgevaar na die hemel.

Hy is Here en Christus

Daarom:

> "Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"

So sluit Petrus sy eerste preek, as getuie van Jesus Christus in Jerusalem, af. Deur die geloof het Petrus dit kon doen — die geloof wat hy van die Heilige Gees ontvang het en wat deur dieselfde Gees op die dag versterk is. Hy is immers met die Heilige Gees vervul.

En mense wat met die Heilige Gees vervul is, praat gelowig en moedig van Jesus, wat God Here en Christus gemaak het.

5. Die mense is diep getref

> By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen broers?" — Hand. 2:37

Aangeneem as die Woord van God

Hierdie vraag van die mense is 'n gelowige vraag.

Hulle het op Pinksterdag geluister na die Woord van God, wat deur Petrus verkondig is. Petrus het opgetree in die Naam van Jesus Christus — as sy gesant of getuie. By Petrus was dit soos Paulus later skrywe:

> "Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God.... En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys!" — 1 Thess. 2:13.

Waar die evangelie van Jesus verkondig word, is dit geen dooie woorde nie:

> "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mense self dra niks by nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe" — Joh. 6:63.

As enigiemand deur die woord diep getref word, werk die woord in hom. Dan is die geloof klaar in hom geplant. By die mense was dit so. Hulle harte is geraak en hulle het dadelik ingesien dat hulle self Jesus verkeerd beoordeel het.

Hulle deel in die skuld aan sy dood.

Hulle antwoord deur vraag

Maar hulle het ook gehoor van sy oorwinning oor die dood — sy opstanding en hemelvaart. Hulle het ook die tekens van die koms van die Heilige Gees gesien en gehoor. Hulle weet selfs nou wat dit, volgens die Woord van God, beteken. En in hulle harte ontwaak iets van verlange om hierin te deel.

Maar hulle weet nie hoe nie. En vandaar hulle vraag:

> "Wat moet ons doen, broers?"

Hierdie vraag is nie blote nuuskierigheid nie. Dit is die angstige vraag van mense wat hulle eie verlorenheid insien. Ons hoor hierin die ontroerende uitroep van die tronk-bewaarder van Filippi:

> " .... wat moet ek doen om gered te word?"

Die mense sien nie alleen hulle eie verlorenheid nie, maar ook die Verlosser. Hy, Jesus van Nasaret, wat deur hulle leiers en hulleself oorgegee is aan Pilatus om gekruisig te word, is hulle hoop. Maar wat doen 'n mens om by Hom uit te kom?

Hulle soek die pad na Jesus, die Verlosser, toe. Daarom vra hulle vir sy gesante: "Wat moet ons doen?" Die vraag sou hulle nie sonder geloof kon vra nie. Hulle het sy roepstem gehoor en dit vind weerklank in hulle harte.

Dit blyk ook daaruit dat hulle die apostels nie weerspreek nie. Hulle verwerp nie die getuienis van Petrus nie. Hulle neem hom op sy woord en hoor in sy woorde die roepstem van Jesus self.

Antwoord op roepstem van God

Hulle vraag is 'n antwoord op die roeping van God.

Hulle hoor sy stem en dit tref hulle harte — hulle is geraak.

Daarom kan ons sê: Deur die geloof het hierdie mense die vraag tot die apostels gerig.

Hoe anders is dit as die talle vrae van die Fariseërs en skrif-geleerdes tot Jesus? Hulle het sulke vrae gestel om Hom te verstrik. So het hulle aan Jesus gevra:

> "As U die Christus is, sê dit reguit vir ons!" — Joh. 10:24.

Hulle het die vraag nie uit die geloof gestel nie, maar net 'n duidelike verklaring van Hom geëis sodat hulle Hom kon aan-kla. Daarom is Jesus se antwoord:

> "Ek het dit vir julle gesê, en tog glo julle nie . . . . julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie. My skape luister na my stem" — Joh. 10:25-27.

Ja, sy skape wat glo, luister na sy stem. Hulle herken sy stem as die stem van hulle Herder.

Ook hierdie mense het geluister na sy stem, vandaar hulle

vraag:

> "Wat moet ons doen, broers?"

As 'n mens maar eers daar kom, waar jy die stem van God hoor, in sy woord wat verkondig word, dan is jy 'n gelukkige mens. Al weet jy nog nie wat om te doen nie. Dit kan jy altyd vra — van sy diensknegte of van Hom self in die gebed. Dit is veel gevaarliker wanneer mense nie meer vrae het nie. Dit kan 'n teken van valse gerustheid wees.

6. Die mense het geluister en hulle bekeer

> Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle.... Die wat sy woorde aangeneem het, is gedoop" — Hand. 2:38, 41.

> *Hulle wat vra vir die guns van die Here en hulleself vir Hom aanbied, om deur Hom geregeer en geleer te word, gaan nooit leeg weg nie — Calvyn.*

Bekeer julle!

Dit het hierdie mense deur die geloof ondervind. "Bekeer julle" sê Petrus.

So sluit hy aan by die prediking van Johannes die Doper en Jesus self:

> "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom" — Matt. 3:2; Matt.4:17.

"Bekeer julle" beteken: Kom tot insig. Word verander in julle innerlike oortuiging, sodat die hele mens vernuut kan word en 'n ander mens word. En kom 'n mens tot insig, dan kan dit nie anders as dat jy bedroef is oor jouself nie. Jy het berou oor jou sondes. En jy soek vergewing daarvan — wat Petrus ook dadelik aanwys:

> "Bekeer julle .... sodat julle sondes vergewe kan word."

Deel aan skatte en gawes

Dit is die hoofsaak van wat Petrus sê, hoewel hy nog heerlike dinge hierby voeg:

> "Bekeer julle, en laat julle elkeen doop in die Naam van Jesus Christus, sodat julle sondes vergewe kan word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."

In die paar woorde het ons 'n samevatting van die hele Evangelie van Jesus Christus. Dit hou in dat die gelowige mens, wat homself verloën en die wêreld afwys, homself volkome op God verlaat. Omdat hy glo is hy verlos deur die vrye vergewing van sy sondes deur Christus. Hy is verlos van sy skuld en aangeneem tot 'n kind van God. Maar hy ontvang ook die gawe van die Heilige Gees — om hom by Christus te hou. Die Gees bewaar hom in die vryheid wat hy in Christus ontvang het.

Groot is die rykdomme wat Christus aanbied. Sy skatte en gawes word mildelik op elkeen wat glo uitgestort — in oorvloedige mate.

Deur die geloof neem hulle Christus aan

Deur die geloof kom hulle dan na vore.

> "Die wat sy woorde aangeneem het, is gedoop...."

So begin die apostels die oes insamel op die bevel van

Christus.

> "Gaan dan na al die nasies toe en maak mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het" — Matt. 28:19, 20.

Deur die geloof is die apostels gehoorsaam aan sy bevel.

En deur die geloof vra die mense:

> "Wat moet ons doen" — 37.

En deur die geloof neem mense hulle woord aan — hulle luister na die woorde van hulle Herder.

En deur die geloof volg hulle Hom.

En deur die geloof gaan hulle voort op die pad agter die goeie Herder aan:

> "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels."

Deur die geloof laat hulle hul leer. Hulle wil meer weet van die blye boodskap van Jesus Christus. Hulle wil die Woord van God ken. Deur die geloof wil 'n mens altyd meer weet van sy Here.

Volhard in die leer

Die bruid van Christus — sy kerk — wil Hom altyd beter ken.

Daarom volhard hulle — hulle hou aan — om hulle toe te lê op die leer van die apostels.

> "Hulle het elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom" — 46.

Ook dit doen hulle deur die geloof.

Hulle hou eredienste en ondersoek saam met die apostels die Skrifte en luister na die woorde van Christus — wat Hy aan die apostels opgedra het.

'n Mens wat glo hou aan om die woorde van die profete en apostels te ondersoek. Hy kan nie anders nie. Deur die Woord kom hy tot geloof en hy is dan leergierig — hy wil meer weet, omdat sy geloof moet groei en gesterk word. Elkeen het immers 'n taak om te vervul. Elkeen het 'n stryd om te stry — die stryd van die geloof. Daarom moet elkeen bewapen wees met die leer van die apostels — Skrifkennis.

Ten gronde weens gebrek aan kennis

Die volk Israel het verval en is verstrooi onder die nasies. Waarom? Luister na die profeet Hosea:

> "My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp" — Hos. 4: 6.

Daarom:

> "Laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken" — Hos. 6:3.

Geloof is 'n gewisse kennis

Om te glo beteken om te ken. Maar dan moet jy weet Wie jy ken.

Jy kan selfs 'n denkbeeldige God en Christus daarop nahou.

Jy kan selfs 'n eiewillige godsdiens beoefen, waarvan die Here walg. Dit is wanneer jy Hom en die afgode, waarvan Mammon die god van geld en besittings nie die minste is nie, tegelyk wil dien.

Dit kan 'n mens doen, omdat jy Hom nie waarlik ken nie.

En jy moet jouself ook ken.

En dit is 'n soort kennis waarvan jy niks leer uit die sielkunde nie. Laboratoriums — waar mense-liggame opgesny en ontleed word — kan die kennis ook nie aan jou gee nie. Dit kry jy alleen uit die Woord van God.

Ek was op skool en universiteit. Ek het wiskundige probleme opgelos. Maar ek weet nou niks meer daarvan nie. Ek beoefen dit nie meer nie en daarom ken ek dit ook nie meer nie.

Moenie ophou om te leer wanneer jy belydenis van geloof afgelê het nie. Moet dit nie as jou "boerematriek" beskou wat afgehandel is nie.

Hou aan om die Bybel te ondersoek.

Wetenskapsbeoefening beteken voortdurende studie.

Om uit die geloof te lewe beteken ook voortdurende Skrifondersoek.

Deur die geloof kom jy gereeld in die kerk.

Deur die geloof hou jy elke dag huisgodsdiens.

Deur die geloof ondersoek of bestudeer jy die Bybel.

En dit beteken vir jou meer en meer skatte en gawes uit die hand van die Here. Jy word toegerus en jy ken jou Here en sy genade, sorg en leiding, altyd beter. Jy proe die beginsel van die ewige vreugde.

> "Laat ons ken — laat ons dit najaag om die Here te ken!"

7. Die mense het hulle laat doop

> Bekeer julle en laat julle elkeen doop in die Naam van Jesus Christus, sodat julle sondes vergewe kan word — Hand. 2:38.

Bekeer — om tot geloof te kom

Deur die geloof het die mense hulle bekeer.

Hulle het geglo in die woord van Petrus dat Jesus die Christus en Here is.

En glo 'n mens, dan kom dit tot uiting in die bekering. Jy dink anders, omdat jy glo en dit kom tot uiting in wat jy sê en doen. Dit is glo en bekeer.

Hier kon Paulus eintlik ook maar net gesê het:

> "Glo in die Here Jesus Christus en julle sal gered word" — Hand. 16:31.

Bekering beteken hier eintlik: om tot die geloof te kom.

Dit kan ons die begin van die bekering noem. Daar is ook 'n voortgaande — of daaglikse — bekering. Ons bly immers sondaars wat elke dag teen die sonde stry — en elke dag struikel — en ons moet ons elke dag nog van bepaalde sondes bekeer.

Roep altyd tot bekering

Daarom moet die gemeente voortdurend opgeroep word tot bekering. Aan die een kant is daar altyd nog huigelaars — onbekeerdes — in die gemeente. Hulle is in werklikheid nog ongelowig. Hulle is "die huigelaars en die wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie" — Heidelbergse Kategismus Vraag 81.

Andersyds is almal in die gemeente — ook die ware gelowiges — nog sondaars, wat hulle geloof moet versterk en hulle lewe moet verbeter, waarvan dieselfde vraag en antwoord van die Kategismus praat. Daarom mag die kerk nooit — ja nooit — ophou om te roep tot bekering nie.

Vergewing van sondes, doop en bekering

Die doop en die bekering en die vergewing van sondes is ten nouste aan mekaar verbind. Johannes het die doop tot bekering en vergewing van sondes bedien — Mark. 1: 4.

Die mense glo — daarom kom hulle na vore en laat hulle doop. Hulle glo alles wat Petrus sê — ook dit:

> "Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders."

Soos God aan Abraham belowe het, belowe Hy nog steeds aan ouers en kinders — ons nageslagte:

> "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou ...." — Gen. 17:7.

Verbond — besnydenis — doop

Maar die doop moes êrens begin, net soos die besnydenis by Abraham begin het. Abraham was nege en negentig jaar oud toe hy besny is — Gen. 17:24. Soos die wederdopers sou sê: Hy het eers geglo en toe is hy besny. Paulus sê dit trouens ook: God het aan Abraham die geregtigheid toegereken omdat hy geglo het.

"Toe hy reeds besny was of toe hy nog onbesnede was?

Dit was nie toe hy besnede was nie, maar toe hy nog onbesnede was.

Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade, tot Abraham gekom, sodat dit van krag sou bly vir sy hele nageslag.

En sy nageslag is nie net die wat die wet ontvang het nie, maar ook die wat glo soos Abraham geglo het — Rom. 4:10, 16.

En tog is dit die wonder van God se genade dat Hy Abraham beveel:

> "Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag na jou. 'n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word" — Gen. 17: 10, 12.

Deur die geloof

Kindertjies, wat nog nie kan glo soos Abraham geglo het nie, word besny. Hulle word besny, nie omdat hulle glo nie, maar omdat hulle aan die verbond behoort. Die verbondsbeloftes kom ook aan hulle toe, soos Petrus hier sê:

> "Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders."

Dit bly waar — vir Israel en vir ons — alleen die geloof in die beloftes van God, skenk aan ons die vergewing van sondes en die gawe van die Heilige Gees.

Dit bly ook waar vir ons nageslag.

Nie die waterdoop gee aan ons al hierdie dinge nie — dit glo die Roomse.

Nee, deur die geloof wat die Heilige Gees in ons harte werk deur die verkondiging van die evangelie, ontvang ons die vergewing van sondes en die gawe van die Heilige Gees. Ons sondes word afgewas deur die bloed en Gees van Christus — Kategismus Sondag 26.

Die bloed van Christus het gevloei — daarom geen bloedige teken, die besnydenis, meer nie, maar die onbloedige teken — die water. Ter wille van die bloed van Christus is beide Abraham en sy nageslag en ons en ons kinders se sondes afgewas, in soverre ons dit met 'n gelowige hart aanneem. Almal uit die nageslag van Abraham wat besny is, het tog nie ook die besnydenis van die hart — wedergeboorte en ware geloof — ontvang nie. Dit verwag ons ook nie van ons nageslag nie. Die hele geslag van Abraham het egter die beloftes van God ontvang en die teken van die besnydenis, omdat God waarlik bedoel wat Hy beloof het. Dat sommige afvallig word en hulle nie van harte bekeer nie, is nie God of sy belofte of sy teken se skuld nie. Dit is hulle eie skuld.

So is dit ook by ons met die doop.

> "Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders."

Ouers van gedoopte kinders

En wat moet ons as ouers van gedoopte kinders dan doen? Ons moet dieselfde doen as wat ouers van kinders, wat besny is, moes doen:

> " . . . .en jy moet dit jou kinders inskerp
> en daaroor spreek as jy in jou huis sit
> en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy
> opstaan" — Deut. 6:7.

Deur die geloof laat mense hulle doop — mense wat nog nie vroeër gedoop is nie.

Deur die geloof laat ouers hulle kinders doop.

En deur die geloof voed hulle hul kinders op om deur die Woord van God tot die geloof te kom — om wat God belowe het en wat hulle toekom — vir hulle toe te eien.

So word hulle ook weer ouers met kindertjies aan wie die belofte toekom.

En deur die geloof doop hulle hul kindertjies.

Verbond en uitverkiesing

So vloei die stroom van God se uitverkiesing normaalweg binne die bedding van die verbond. Die stroom word aangevul deur sytakke van nuwe strome wat, deur bekeerlinge van buite, bygevoeg word. En binne die bedding van die verbond is ook nie alleen water nie — daar is ook slyk en opdrifsels en modder. Daar is ook die skynheiliges wat maar meepraat en meedoen, terwyl hulle harte en lewe nog ver van Christus af is. Verbond beteken: genade en oordeel.

God is getrou aan sy verbond — beide wat sy liefde en sy verbondswraak betref.

Bly maar gelowig en klein aan sy voete. En voed u kinders so op.

8. Die apostels het baie tekens en wonders gedoen

> Die apostels het baie tekens en wonders gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul — Hand. 2:43.

Ontsag of vrees

In ons ou Afrikaanse vertaling en ook die Grieks, is hierdie uitspraak andersom: "En vrees het op elkeen gekom, en baie tekens en wonders het deur die apostels plaasgevind." Dan is dit duidelik dat die vrees of ontsag nie alleen 'n gevolg van die tekens en wonders was nie, maar ook vanweë dit wat vooraf genoem is:

> "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en gebede" — 42.

Die mense se geloof het tot uiting gekom in hulle hele verskyning — in alles wat hulle doen en sê. Daarvoor het die Jode ontsag gehad — ons kan dit selfs vrees of angs noem — wat hulle daarvan weerhou het om hulle te vervolg. Die krag van die evangelie in die lewe van mense, kan selfs vyandige mense met skrik vervul, sodat hulle hul met rus laat. So hou die Here sy hand oor sy kudde — veral aan die begin. Hulle moes geleentheid kry om tot 'n behoorlike begin te kom.

Later kom daar wel vervolging, maar dan het die Here ook daarmee sy doel — om die evangelie te laat versprei na ander mense en volke — Hand. 8:4; 11:19-21.

Wonders en tekens

Die apostels doen tekens en wonders deur die geloof. Jesus het dit belowe:

> "Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit"
> Matt. 10:8.

So word die belofte van die Here waar gemaak en toon Hy sy krag deur die Heilige Gees. Ook daardeur word die gemeente gevestig en beskerm teen die aanslae van die vyande — aan die begin. Met 'n diep ontsag hou hulle die hande van die gemeente af. Ons lees selfs:

> "Die hele volk was hulle goedgesind" — 47.

Die geloof 'n wondergawe

Die geloof is 'n wondergawe en die geloof doen wonders.

Dit is altyd waar.

Wonders en tekens volg op die spore van elkeen wat glo.

Dit is opmerklik dat die "buitengewone" tekens en wonders al skaarser word, hoe verder 'n mens vorder met die boek Handelinge.

Ons lees minder van siekes wat gesond gemaak word.

Maar dit was ook nie meer nodig nie.

Die evangelie het soos 'n veldbrand oor die destydse wêreld gegaan. Die verkondiging van die Woord het duisende mense aan die voete van Jesus van Nasaret gebring.

Hulle is aan Hom gebind deur die lewende geloof.

En om te glo beteken dat jy die Onsienlike sien. Om te glo beteken dat jy 'n bewys het van die dinge wat jy nie sien nie. En dan sien jy eers reg. Die wonder wat in jou innerlike plaasgevind het, maak van jou 'n wondermens — 'n nuwe mens — want jy leef nie meer nie,

maar Christus leef in jou.

Geloof en tekens

O ja, die Here kan nog mense op wonderbaarlike wyse genees — selfs wanneer dokters geen raad meer het nie. Ek kan self daarvan getuig. Maar dit is en bly toegifte. Dit kom soms op ons weg om ons opnuut te verkwik en te sterk om aan te hou om te glo — al sien ons nie.

Ek dink aan 'n tante in Pretoria. Vir bykans dertig jaar aan 'n siekbed gekluister en voortdurend in pyn. Kom jy haar slaapkamer binne, begroet sy jou met 'n opgewekte glimlag. Is dit nie 'n teken of wonder nie? 'n Teken waartoe die wonder van die geloof 'n sondaarmens in staat stel?

So kan ek baie andere opnoem.

Dink aan die duisende martelare wat met 'n lied in die hart gesterf het — en dit nog doen in ons tyd.

Sien en hoor jy 'n man soos eerwaarde Wurmbrand, wat vir veertien jaar in kommunistiese tronke in Roemenië gemartel is, dan aanskou jy 'n teken van die geloofskrag wat God aan 'n nietige mens gee.

Ek glo in tekens — ook in my eie lewe.

Hulle staan soos groot en klein bakens op my lewenspad — die tekens dat God Hom met my bemoei.

Maak maar jou oë oop en kyk! Kyk na jouself en die wêreld met die oë van die geloof — en jy het altyd rede om die Here te prys, omdat jy wonders sien.

9. Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van die verlamde man sterk gemaak

> Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal — Hand. 3:16.

Petrus gee wat hy het

'n Verlamde man van Jerusalem word aangedra na die tempel-poort, wat Mooipoort genoem word. Elke dag word hy daar neergesit om te bedel.

Die apostels, Petrus en Johannes, is op pad na die tempel en toe hulle wou binnegaan, vra die man vir hulle iets. Toe hulle hom stip aankyk verwag hy ook iets — maar gewis nie wat hy ontvang het nie.

"Kyk na ons" sê Petrus. Daarmee vra en kry hy die aandag van die verlamde. Hy kyk na hulle met afwagting. Hy wag op 'n geldstukkie.

Maar dan sê Petrus:

> "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!"

Daarop gryp Petrus sy regterhand vas en help hom op. Sy voete en enkels is skielik sterk. Hy staan op en loop regop en spring — huppelend van blydskap — en hy prys die Here.

Wat het ons om deur die geloof te gee?

Dink daaraan: Ons het nie altyd geld om te gee nie, maar deur die geloof het ons altyd iets om te gee. Ons kan ten minste die pad van die geloof aanwys.

En om die pad aan te wys kan ons heelwat by Petrus leer.

Hy sê vir die man: "Staan op en loop" en hy vat sy hand en help hom op.

Petrus se geloof was aktief, werksaam, om die man te help om tot geloof in Jesus Christus van Nasaret te kom.

Praat van Christus en roep mense na Hom toe, maar doen ook iets.

Rig op die slap hande en trae knieë en snel liggaamlik en geestelik verminkte en verlamde mense tegemoet.

Petrus preek

Die dankbare bly man bly by Petrus en Johannes. Mense wat gesien het wat gebeur, vertel dit aan andere. Hulle stroom saam — en Petrus kry 'n geleentheid om die Evangelie te verkondig.

Eie krag en vroomheid

Verbaas staan die menigte Petrus en Johannes en aankyk. Mooi begin Petrus sy toespraak:

> "Israeliete, hoekom is julle hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof ons deur eie krag of vroomheid gemaak het dat hierdie man loop" —12.

Eie krag en eie vroomheid is dinge waarop 'n mens self graag roem. Maar dit geld nie vir die gelowige nie. Die enigste krag wat hy besit is geloofskrag — en dit is gegewe krag. Dit is 'n genadegawe.

Dieselfde geld van ons vroomheid. Eie vroomheid kan niks vermag sonder die krag van Bo nie. Eintlik is die ware vroomheid, 'n vrug van die geloof. Daarom is al die "vroomheid" van die Jode niks werd nie, want dit is nie gebind deur die geloof aan Jesus Christus nie.

Nie aan ons nie — maar aan die Here die eer

Net so mooi is Petrus se uiteindelike slotsom wat die man se genesing betref:

> "Deur die geloof in sy Naam het Hy (Jesus)
> die bene van hierdie man sterk gemaak....
> Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome
> herstel, hier voor julle almal" — 16.

Hy, Christus, het die man se bene sterk gemaak — en nie ons nie.

Die geloof in Hom kom ook selfs van Hom — en nie uit ons nie.

Dit is 'n ootmoedige en sterk belydenis:

Ootmoedig — want dit is nie ons wat dit gedoen het nie, maar Jesus.

Sterk — die geloofskrag wat julle aanskou kom ook nie uit ons nie maar van Hom. Julle sien die krag van God.

Daarom: "Nie aan ons nie, maar aan U kom die eer toe!"

Wie het geglo?

Maar wie se geloof was nou hier werksaam? Die geloof van Petrus en Johannes of die geloof van die verlamde man wat gesond gemaak is?

In die eerste plek het Petrus en Johannes hier 'n geloofsdaad verrig. Hulle het geglo dat die Here sou doen wat hulle verwag. Daarom kon hulle tot die daad oorgaan.

Maar ook die verlamde man het geglo — in die woord van Petrus en daarom in die Naam en krag van Jesus Christus die Nasarener.

Ons kan wel aanvaar dat die verlamde man se geloof swak was.

Petrus moes selfs meer doen as om net te praat — hy moes ook sy hand vat en hom ophelp. Maar hy het Petrus tog op sy woord geneem.

En dan beteken dit ook baie dat die voormalige verlamde man meer gedoen het as om net normaal te loop:

> "Daarna het hy saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy geloop en gespring en God geprys het" — 8.

Die man was bly en baie dankbaar en hy het deur die geloof geweet aan wie sy dank toekom. Hy het sy dank aan die Here gebring. En dit is die tipiese uiting van die geloof — oral en altyd.

Omdat ons glo word ons oortredinge vergewe.

Omdat ons glo word ons siektes genees.

Omdat ons glo bewys ons dankbaarheid aan die Here.

10. Petrus en Johannes was aan God meer gehoorsaam as aan die Joodse Raad

> Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie" — Hand. 4:19, 20

Voor die owerheid

Dit is geloofstaal.

So het Maarten Luther ook later aan die Ryksdag van Worms, wat geëis het dat hy sy 95 stellings moes terugtrek, gesê: "Hier staan ek — God help my — ek kan nie anders nie!" Hy kon en mag nie aan sy owerheid meer gehoorsaam wees as aan God nie.

Vir Petrus en Johannes was dit die nasleep van die genesing van die verlamde man. As gevolg van die wonder het die volk saamgestroom om hulle en Petrus het begin om te vertel van Jesus — sy werk en sy dood en sy opstanding. 'n Groep priesters en Sadduseërs, wat nie in die opstanding glo nie, het met die bevelvoerder van die tempelwag op hulle afgestorm en hulle gevange geneem. Hulle is vir die nag in die tronk opgesluit, sodat die Raad hulle die volgende oggend kon verhoor.

Petrus verkondig Jesus aan sy regters

Die Raad was egter met hulle verleë. Hulle durf nie teen hulle optree nie, omdat die Christene in die guns by die volk was. Hulle kon selfs nie ooreenkom oor 'n behoorlike aanklag teen hulle nie. Die man aan wie die weldaad bewys is, het ook daarby gestaan — klaarblyklik as getuie vir die twee apostels.

Petrus het die geleentheid te baat geneem om ook aan die deurlugtige here die evangelie van Jesus Christus te ver-kondig. Hy huiwer nie om te praat van "Jesus vir wie julle gekruisig het maar wat God uit die dode opgewek het" nie. Hoewel die Raad verbaas was oor die moed en vrymoedigheid van die ongeleerde manne, kon hulle nie teen hulle optree nie. Die Here wou dit nog nie hê nie. Sy werk in Jerusalem was nog nie voltooi nie, hoewel daar al 5 000 gelowiges in Jerusalem was — 4.

God of owerheid

Eindelik laat die Raad die apostels uit die raadsaal verwyder en beraadslaag afsonderlik wat hulle te doene staan. Hulle kon die duidelike wonder nie ontken nie, maar besluit om hulle streng te beveel om nie meer in die Naam van Jesus met mense te praat nie. Toe hulle die bevel aan die twee manne oordra, is Petrus se antwoord:

> "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."

Kruis-opneem

Deur die geloof het hulle die onderskeidingsgawe en moed om te sê wat hulle moet sê. Hulle sê dit in die aangesig van vervolging en moontlike doodstraf. Omdat hulle in Christus glo, kon hulle nie anders nie. Christus leef in hulle en die krag van die Heilige Gees stel hulle daartoe in staat. Hier tree duidelik aan die lig dat hulle ware volgelinge van Jesus is, soos Hy self gesê het:

> "As iemand agter My aan wil kom,
> moet hy homself verloën,
> sy kruis opneem en My volg" — Matt. 16:24.

"Kruis-opneem" beteken vir sy volgelinge dat hulle deel het aan sy kruis. Sy kruis het vir Hom vernedering en vervolging, spot en selfs die smadelike dood aan die kruis beteken. Dieselfde dinge kan ook sy volgelinge ondervind. In die tyd van keiser Nero het in Rome letterlik duisende Christene aan kruise gesterwe. En selfs in ons tyd leef die kerk onder die skaduwee van die kruis. In kommunistiese lande gaan hulle gevangenisse binne en word op onmenslike wyse gemartel en doodgemaak — net omdat hulle weier om in die opsig aan die staat gehoorsaam te wees. Hulle weier om oor Christus en sy kruisdood en opstanding te swyg.

Owerheid instelling van God

Paulus vermaan die gemeente in Rome:

> "Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is deur die beskikking van God" — Rom. 13:1.

Dit geld in die algemeen, maar Paulus self het ook nie opgehou om van Jesus en sy evangelie te praat nie, hoewel hy deur die owerheid verbied is. Die owerheid is deur God ingestel en daarom ook aan God verantwoordelik. Wanneer die owerheid optree teen die wil van God in, mag ons nie aan hom gehoorsaam wees nie. Jy moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mens.

Deur die geloof doen Petrus en Johannes dit.

11. Die gemeente het gebid en die plek het geskud

> Toe hulle dit hoor het almal saam tot God gebid.... Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud — Hand. 4:24, 31

'n Gemeente bedreig

Petrus en Johannes kom uit die gevangenis. Hulle is losgelaat, maar ook nadruklik gedreig deur die Joodse Raad. Die gemeente besef dat groot gevare vir hulle wag. Hulle is nie daaroor ligsinnig of oormoedig nie. Hulle is werklik benoud, maar hulle vlug tot God met hulle nood. Hulle het almal saam tot God gebid. Een nood bedreig hulle en een van sin bid hulle. Die nood bind hulle saam.

Die geloof laat hulle bid

Eerbiedig en ootmoedig is hulle gebed — en gelowig. Hulle vra nie "Waarom?" nie, want hulle ken die Bybel. Die Here het die dinge al by monde van Dawid gesê:

> "Waarom het heidennasies te kere gegaan,
> en het volke sinlose planne beraam?
> Die konings van die aarde het in opstand gekom,
> en heersers het saamgespan
> teen die Here en teen sy Gesalfde" — 25, 26.

So het dit gegaan met die Here Jesus, die Gesalfde van die Here.

> "En nou Here, kyk hoe dreig hulle ons.
> Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid
> u woord sal verkondig . . . ." — 29.

Vreemde gebed

'n Vreemde gebed, sou u sê.

Hulle bid nie dat die Here die nood moet afweer nie.

Hulle vra nie vrede en welstand en gesondheid en voorspoed nie.

Hulle verwag dit selfs nie, as ons let op wat hulle so pas uit die Skrif aangehaal en van hulle Here gesê het nie.

Hulle besef die vyandskap sal voortduur en moontlik baie erger word.

En tog hoor ons nie: "Bewaar ons!" of "Red ons!" nie.

Alleen deur die geloof is hulle in staat om so te bid.

Deur die geloof laat hulle rustig hulle eie aardse nood — hulle donker toekoms — in die hand van die Here.

Dit is asof dit vir hulle van minder belang is.

Vir hulle is dit genoeg om te weet dat Jesus gesterf en opgestaan het.

Hulle enigste troos in lewe en sterwe is, dat hulle nie aan hulleself nie, maar aan hulle getroue Saligmaker Jesus Christus behoort.

> "Wie sal ons van die skuldstraf vry
> van Christus en sy liefde skei?
> Verdrukking of vervolgingsnag?
> Benoudheid wat ons hier nog wag?

Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir Wie ons leef en ly?" — Skrifberyming 10 — Rom. 8.

Gee vrymoedigheid

Maar waarom bid hulle dan?

"Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig ...."

Gee dat ons, ondanks alles, getrou sal bly aan ons roeping. Dit is die skreeu van hierdie kuddetjie na die hemel.

Hulle sien voor hulle geestesoog 'n wêreld verlore in sonde en misdade. En hulle glo vas dat Jesus Christus gekom het om sondaars te soek en te red. En Hy doen dit deur mense tot die geloof in sy woord te bring — die woord wat hulle geroepe is om te verkondig. En dit is nou hulle grootste behoefte — die geleentheid en vrymoedigheid om te praat en van Jesus te vertel.

Hulle bid ook om wonders en tekens deur die hand van die Here.

Maar dit gaan om dieselfde saak — sy eer en sy koninkryk.

Hulle eie nood verdwyn geheel uit hulle gesigsveld.

Die Here hoor

So 'n gebed kan nie anders wees nie — dit is God welgevallig en Hy verhoor dit:

"Nadat hulle gebid het,
het die plek waar hulle bymekaar was, geskud.
Hulle is almal met die Heilige Gees vervul
en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig" — 31.

Hulle gebed is verhoor — die Here antwoord deur 'n teken: die aarde skud. Maar meer nog: hulle is almal met die Heilige Gees vervul en dan doen hulle presies waarvoor hulle gebid het:

Hulle verkondig met vrymoedigheid die woord van God. Deur die geloof bid hulle en deur die geloof werk hulle. Bid is harde werk.

Wat baat dit om te bid: "Laat u koninkryk kom!" en niks daaraan te doen nie?

12. Die eerste Christelike gemeente het die gemeenskap van die heiliges beoefen

> Die groot getal wat gelowiges geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel" — Hand. 4:32

Gemeenskap van die heiliges — 'n kenmerk van geloof

Deur die geloof in Jesus Christus het hierdie gemeente die gemeenskap van die heiliges beoefen — soos selfs nooit later weer beleef is nie.

Ons het al gelees dat hulle gegroei het tot vyfduisend. Na die vrylating van Petrus en Johannes en die gebed van die gelowiges, het daar nuwe ywer en geesdrif gekom.

> "Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig" — 31.

Die groot getal wat gelowig geword het, het gewis die gemeente laat aangroei tot veel meer as vyfduisend.

En van hulle word gesê dat hulle "een van hart en siel" was.

Dat 'n paar mense of 'n klein groepie kan saamstem en eens-gesind wees, is nie so moeilik nie. Maar dat so 'n menigte deur een geloof en een wil saamgesnoer is, is niks minder as 'n wonder nie.

Dit kan alleen die geloof doen. So kom tot openbaring dat die gemeente die liggaam van Christus is:

> "Ek geloof in die gemeenskap,
> heilige verbintenis
> van wie almal saam 'n eenheid,
> in hul Heer een liggaam is" — "Ek geloof" :5. [Sb. 27:5]

Liefde

Hulle geloof kom tot uiting in hulle liefde vir mekaar. En liefde is heilige bekommernis oor jou medemens se behoeftes en nood. Dit bly nie by woorde alleen nie, maar kom tot uiting in jou dade:

> "Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg', maar julle gee nie vir hulle wat hul nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?" — Jak. 2:15, 16.

Wat help dit om meewarig die kop te skud en jammer te wees vir die armes en hongeriges en siekes, as jy daar nie iets aan doen nie?

Calvyn wys tereg op die volgorde: Hulle was een van hart en siel — dit gaan voorop. Daarop volg dan dat hulle mekaar help en elkeen sy besittings met die ander deel. 'n Mens kan uitwendig liefdadigheid beoefen, sonder om werklik innerlik lief te hê:

> "Al deel ek al wat ek het aan ander uit,
> en al gee ek my liggaam prys
> om my daarop te kan beroem,
> maar ek het geen liefde nie,

baat dit my niks" — 1 Kor. 13:3.

Christelike liefde

In ons tyd word baie gepraat oor "medemenslikheid", maar die christelike liefde is soms nie eens ter sprake nie. Daarom moet die beoefening van naasteliefde ook deur die geloof gebind wees aan die liefde van Christus. Dan is dit eers waarlik naasteliefde. Gee 'n beker koue water in sy Naam — ter wille van die liefde wat Hy aan jou betoon het.

Dan is die genade van God groot oor sy kerk.

Die uitdrukking wil eintlik sê dat die gemeente in die guns was by buitestaanders. Die onderlinge liefde het soos 'n lig na buite geskyn en mense na hulle toe getrek. So is die Here

Jesus se woorde bewaarheid:

> "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.
> As julle mekaar liefhet, sal almal weet
> dat julle dissipels van My is" — Joh. 13:34, 35.

Sommige verklaarders meen dat die mense onverantwoordelik opgetree het. Hulle het verwag dat Christus gou weer op die wolke sou kom. En daarom het hulle nie omgegee vir aardse besittings nie. Hulle sou selfs so verarm het, dat Paulus later onder die nie-joodse gemeentes vir die gemeente in Jerusalem moes kollekteer — 1 Kor. 16:1-4.

Een ding is egter duidelik dat die mense deur die geloof hulle-self "seergemaak" het om andere te kon help. Hulle was nie verkleefd aan die stoflike nie, omdat hulle geglo het:

> "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en die wil van God,
> dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" — Matt. 6:33.

13. Petrus en Johannes was bly dat hulle ter wille van die Naam van Jesus kon ly

> Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly" — Hand. 5:41

Ongehoorsaam aan owerheid

Die Joodse Raad het Petrus en Johannes vir die tweede keer gevange geneem. Hulle was immers ongehoorsaam aan die vorige bevel van die Raad om nie meer die evangelie van Jesus te verkondig nie — Hand. 4:17-21. Die apostels het egter doodgewoon voortgegaan om Jesus te verkondig — moontlik selfs met groter ywer — 4:31, 33. Hulle het selfs ook meer wonders en tekens gedoen as voorheen — 5:12-16.

Daarom is hulle gevange geneem en in die tronk gestop. Hulle is egter daardie nag deur 'n engel van die Here uit die tronk verlos en het die volgende môre weer voortgegaan om in die tempel te preek. Die ontstelde Raad het hulle in die tempel gaan haal — maar versigtig, want hulle was bang dat die volk hulle met geweld sou wou verlos.

Gamaliël

Opnuut voor die Raad het Petrus weer gesê:

> "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense" — 5:29.

En dan vertel hy weer van Jesus en getuig teen die Raad dat hulle Hom vermoor het, maar God Hom opgewek het. Die Raad was woedend en wou hulle summier doodmaak. Die geleerde Gamaliël waarsku egter dat hulle selfs die wil van God kon weerstaan, want die evangelie mag uit God wees.

"Die Raad het na hom geluister. Hulle het die apostels ingeroep, hulle laat slaan en hulle belet om weer in die Naam van Jesus te praat. Daarna het hulle hul losgelaat."

Gesel en laat los

Eindelik het die Raad nie alleen by woorde gebly nie. Hulle het hulle magtelose woede op die apostels probeer koel deur hulle te laat gesel. As hulle nie wou luister nie, moes hulle voel. Nou sou hulle miskien skrik en stilbly.

Maar:

> "Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly."

Blydskap

Dit kon Petrus en Johannes alleen deur die geloof in Jesus doen. Normaalweg sou 'n mens onder sulke omstandighede skaam en verneder voel. Hulle sou selfs verbitter kon wees, omdat hulle onregverdig verneder en geslaan is soos bandiete. Maar toe hulle dink aan die rede waarom hulle gegesel is, was hulle, ondanks die vernedering en pyn, bly en dankbaar. Hulle vlug nie beskaamd weg en gaan skuil in 'n hoekie nie, maar in hulle harte sing hulle van blydskap. Nou begin hulle aan eie lyf ondervind wat dit beteken om hulle kruis op te neem en hulle Here te volg.

Hulle beskou dit selfs as 'n voorreg dat hulle ter wille van die Naam van Jesus kon ly. Hy het hulle dit waardig gekeur om, soos Hy, verneder te word. Die Raad wou hulle verneder, maar die Here het daarmee aan hulle 'n eer bewys. Hulle was sy Naam waardig. In die oë van God en sy engele stap hulle uit die Joodse Raad in groot eer en heerlikheid. Word ons ter wille van

die Naam van Christus bespot en verneder en gemartel in die wêreld, dan is ons in werklikheid 'n eer vir ons Heiland.

Vernedering verander in eer

Waarin bestaan ons band met die Seun van God?

Hy verander die skande van die wêreld tot sy eer en heerlikheid — in die oorwinning van die Satan en die sonde en die dood.

So verander Hy die vernedering en skande wat sy volgelinge aangedoen word tot die hoogste eer in sy koninkryk.

En dan kom daar nie klagte oor die lippe van sy vernederde volgelinge nie, maar vreugde en blydskap.

Met 'n lied in die hart keer hulle terug na die tempel en met nuwe geesdrif verkondig hulle die Naam van Jesus. "En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie."

Dit is geloofskrag op sy mooiste!

Dit is die bewys dat God deur die geloof aan mense bomenslike krag gee.

Dit gee aan ons moed in die wêreld, wat al meer 'n wêreld van afval en haat teen Christus en sy kerk word. Ons is self swak, maar aan ons is die geloof gegee — en dit sal standhou want dit is uit God. Gamaliël hoef nie daaraan te twyfel nie.

14. Stefanus het as martelaar gesterf

> Terwyl hulle hom stenig het Stefanus geroep: "Here Jesus, ontvang my gees!"
>
> Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!" — Hand. 7:59, 60

Valse getuies

Deur die geloof — ja, dit kon Stefanus alleen deur die geloof! Hy was die eerste martelaar vir Christus se evangelie.

Dit kon ook nie anders nie:

> " .. . . Stefanus, 'n man met 'n vaste geloof en vol van die Heilige Gees" — Hand. 6:5.

So word hy by sy verkiesing as diaken beskryf.

Stefanus was 'n sogenaamde Hellenis. Hoewel hy 'n Jood was, was hy Griekssprekend en lê hom veral toe op ander Grieks-sprekende Jode en heidene wat die Joodse geloof aanvaar het. En met sy gawes en die krag van die Heilige Gees, het hy ook baie sukses. Dit wek die vyandskap van ander fanatieke Helleniste. Hulle huur 'n paar manne om valslik 'n klag teen hom te lê by die Joodse Raad.

> "Hierdie man wil nie ophou om dinge teen die heilige tempel en die wet te sê nie. Ons het hom hoor sê dat hierdie Jesus van Nasaret die tempel sal afbreek en die voorskrifte wat Moses vir ons gegee het, sal verander" — 6:13, 14.

Stefanus die aanklaer

En dan verdedig Stefanus hom — ag, verdedig? Ons sou liewer sê dat hy die woord van Jesus verkondig en sonder skroom die Raad in die beskuldigdebank plaas. Hy hou 'n lang betoog en vertel hulle hoe hulleself die verbond en tempel en die verhouding tot God in 'n verkeerde lig sien.

Eindelik redeneer hy nie meer nie — daarna kon die Joodse geleerdes luister, want hulle hou daarvan om te redeneer. Hy spreek hulleself aan:

> "Julle hardkoppiges!
> Julle is heidens in julle harte.
> Julle is doof vir die woord van God.
> Julle weerstaan die Heilige Gees.
> Soos julle voorvaders gemaak het, maak julle ook.
> Was daar ooit 'n profeet wat nie deur julle voorvaders
> vervolg is nie?
> Nou het julleself die Regverdige verraai en vermoor" — 7: 51-53.

Sterwensgenade

Die Joodse Raad is woedend. Hulle kners op die tande. Hulle waardigheid is daarmee heen.

> "Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees,
> het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God
> gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan" — 55.

So kom sy Here hom tegemoet met sy sterwensgenade. Hy gun hom 'n blik in die heerlikheid. En hy sien sy Here staan so asof Hy hom inwag en as 'n eregas wil ontvang in die hemelse

heerlikheid.

Ons is bang vir die dood. Die dood is 'n verskriklike vyand. Maar ons hoef nie ons lewe daardeur te versuur nie. Ons moet maar net elke dag uit die geloof lewe en ons sterwens-uur aan die genadige Vader oorlaat. Ons leef uit die geloof — en dit is Gods genade.

Ons ly en deur die geloof ontvang ons genade om te kan ly. En wanneer die dag aanbreek, gee God ook sterwensgenade.

Ons Here, wat sy bloed vir ons gestort het, wag ons in en haal ons sy heerlikheid binne.

Wees dan nie bang nie klein kuddetjie; julle is meer werd as baie mossies.

Geloofskrag onder klippereën

En die verwoede Joodse Raad skreeu uit in hulle magtelose woede. Hulle steek hulle vingers in hulle ore om nie te kan hoor wat Stefanus sê nie.

Soos een man storm hulle op hom af. Weg met hom! Vergeet alle waardigheid voor die mense! ! Hulle sleep hom die stad uit en gooi hom met klippe dood.

Hulle onthou darem dat die Joodse wet bepaal dat die getuies die eerste klippe moet gooi. Haastig trek die getuies hulle mantels uit en lê dit neer aan die voete van 'n jong Fariseër — ook 'n Hellenis, Saulus van Tarsus. Hy het die "eer" om toesig te hou oor die teregstelling. 'n Eer waarin hy gewis smaak het, want hierna het hy die leiding op hom geneem om die gemeente te vervolg. "Saulus, Saulus dit is hard **vir** jou om teen die prikkels te skop!"

En Stefanus?

> "Terwyl hulle hom stenig, het Stefanus geroep: 'Here Jesus, ontvang my gees'"
> — 7:59

In die uitroep hoor ons 'n eggo van die woorde van die Here Jesus aan die kruis:

> "Vader, in u hande gee Ek my gees oor."

Stefanus het geweet dat hy in lewe en in sterwe aan sy Here behoort.

Deur die geloof het hy gelewe en gesterwe. Maar nog is die drama nie ten einde nie. In sy sterwensuur dink hy aan sy beule. Hy dink aan hulle sonde teen hom, maar veral teen die Here in wie se diens hy sterwe.

Vergewe hulle

En dan roep hy hard uit, sodat almal hom kon hoor:

> "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!"

En dan — gly die skaduwee van die dood genadiglik oor hom. Hy is weg — nee, hy is tuis.

Deur die geloof het hy die voorreg ontvang om 'n bloedgetuie vir sy Here te wees.

Deur die geloof het hy in sy sterwe vir sy beule gebid — ook vir Saulus van Tarsus.

En ons kan gerus aanneem dat hierdie gebed daartoe mee-gewerk het dat dieselfde Saulus, wat dreiging en moord teen die gemeente geblaas het, later bewend voor Christus in die stof gelê het met die vraag:

"Here, wat wil U hê dat ek moet doen?"

Die bloed van die martelaar, Stefanus, het ook gedien as saad vir die kerk.

So is dit trouens altyd.

"Kyk hoe sterwe hulle!"

Waarlik hulle het iets wat die wêreld nie het nie!

En mense begin nadink en ondersoek en kom tot geloof — en die koninkryk van Christus groei — ook as gevolg van die bloed van die martelare.

15. Die vlugtende Christene het die evangelie verkondig

> Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig — Hand. 8:4

Vlug deur die geloof

Deur die geloof het die mense gevlug.

Kan ons dit sê? Indien 'n mens vlug is dit tog 'n teken van vrees vir jou lewe. Vlug die mense dan nie weg van hulle werkplek en selfs hulle roeping nie?

Nee, selfs hulle vlug was 'n geloofsdaad. Calvyn het in 'n tyd van vervolging gelewe. Hy self moes verskeie kere vir sy lewe vlug. En tog was dit nie uit laf-hartigheid nie. Want hy het, waar hy ook al gekom het, nie opgehou om die evangelie te verkondig nie. Daarom wil ek graag aanhaal wat Calvyn by hierdie verse aanteken.

Evangelie versprei

Lukas verhaal hier dat dit ook gebeur volgens die onbegryplike voorsienigheid van God, sodat die verstrooiing van die gelowiges baie ander tot die eenheid van die geloof kon lei. Dit is die normale weg waarvolgens God lig uit die duisternis en lewe uit die dood bring. Want die klank van die evangelie, wat alleen in een plek gehoor is, weerklink nou oral.

Terselfdertyd word ons deur hierdie voorbeeld gewaarsku dat ons nie vir vervolging moet ingee nie, maar onsself eerder dissiplineer tot dapperheid. Toe die getroues uit Jerusalem vlug, is hulle nie ingebreek deur die nood van die oomblik of die vrees vir die toekoms nie. Hulle het nie tot lafhartigheid of daadloosheid verval nie, maar het so nougeset voortgegaan om Christus te verkondig, asof hulle nooit deur enige nood heengegaan het nie.

Ja, en Lukas wil blykbaar aandui dat hulle 'n swerwersbestaan moes voer en dikwels van verblyfplek moes verander.

Daarom, as ons as broers van die mense beskou wil word, laat ons mekaar aanspoor opdat geen bitterheid van die kruis of vrees ons mag ontmoedig om ons geloof openlik te bely nie. Om verban te word of te vlug, wat maar die aanvang van die ervaring van die martelaarskap is, mag ons nie afstomp of lewensloos maak nie.

'n Gelowige kan gerus vlug. Die Here Jesus self sê:

> "Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dan versigtig soos slange en opreg soos duiwe" — Matt. 10:16.

Maar een ding mag 'n gelowige nooit doen nie. Hy mag van Christus nie swyg nie.

Ja, deur die geloof het hierdie vlugtelinge, wat in Jerusalem uitmekaar gejaag is, sover as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. Indien dit nie gebeur nie tree dood en stag-nasie in — dan is die kerk besig om te sterwe.

Saulus het probeer om die kerk uit te roei. Hy het van huis tot huis gegaan en mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit — 8:3.

Saulus help die evangelie versprei

Ag, om sy doel te bereik sou hy veel eerder die gemeente met rus moes laat. Laat hulle rustig lewe en ryk word aan aardse besittings en maak hulle lief vir sport en vermaak — dan bereik jy veel meer, Saulus. Dan tree gemaksug en valse gerustheid in en mense se monde raak toe — want hulle weet nie meer reg wat hulle moet sê nie. Hulle het selfs nie meer lus om Jesus

te verkondig nie. Hulle word soos 'n poel met staande water, wat verrot en naderhand 'n onwelriekende giftige slyk- en moddergat is.

Saulus, die latere Paulus, was nou al 'n instrument in die hand van Jesus Christus — hy het dit net nie geweet nie. Deur sy toedoen is die evangelie tot ver buite die mure van Jerusalem gedra. Die gemeente was immers 'n stroom van lewende water. Waar hulle kom is die lewewekkende woord van Christus gehoor. En meer en meer mense het tot geloof gekom.

Glo met die hart en bely met die mond

Ons mag ons nie laat mislei nie. Om Christus te verkondig is 'n wesensbestanddeel van die ware geloof. Glo 'n mens, dan is jy aan Christus gebind en jy kan nie anders nie — jy praat van Hom.

Waarom word jy 'n Christen genoem?

> "Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely" (Kategismus Sondag 12).
>
> "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word" — Rom. 10:9.

Daarom het die vlugtelinge nie kon swyg nie.

16. Die Etiopiër het gesê: "Hoe sou ek kon verstaan as niemand dit vir my uitlê nie?"

> (Filippus) vra toe vir hom: "Verstaan u wat u lees?" Die Etiopiër antwoord: "Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie" — Hand. 8:30, 31

Soeker

Hierdie Etiopiër was 'n soeker. Hy het uit sy verre land gereis na Jerusalem om te aanbid. Op een of ander wyse het hy tot geloof in die God van Israel gekom. Hy het rus vir sy siel in Jerusalem gaan soek. Of hy iets van die rus gekry het, is nie duidelik nie. Hy het egter iets baie kosbaars gekry om saam te neem na sy land. Dit was 'n boekrol met die profesieë van Jesaja daarin. Op sy wa, waarmee hy terugreis, sit hy nou en lees in die Boek. Sy hongerige siel soek.

Die Here kom hom tegemoet

Filippus, een van die sewe diakens, moes ook vanweë die ver-volgings deur Saulus uit Jerusalem vlug. Hy het met groot vrug die evangelie in Samaria verkondig. Een dag verskyn 'n engel aan hom en sê vir hom:

"Maak jou gereed en gaan teen die middag na die pad wat van Jerusalem af na Gasa toe loop" — 8: 26. Filippus het haastig vertrek. Toe hy die wa van die Etiopiër opmerk sê die Heilige Gees aan hom:

> "Gaan loop saam met daardie wa" — 8:29.

Hy hardloop om die wa in te haal en toe hy daar kom hoor hy hoe die Etiopiër uit die profesieë van Jesaja lees. Daarop vra hy:

> "Verstaan u wat u lees?"

En die man antwoord:

> "Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie."

Glo op woord van mens

Hy nooi Filippus uit om by hom op die wa te kom sit. En Filippus verduidelik aan hom wat hy nie verstaan nie. Die arme Etiopiër! Geen engel verskyn aan hom en hy hoor nie die stem van die Heilige Gees nie. Dit is alleen Filippus se voorreg. Hyself word afgeskeep met 'n alledaagse mens. 'n Prediker of dominee kom op sy pad en moet die evangelie aan hom verduidelik en op die woord van die mens moet hy glo.

Ons word "afgeskeep" met die opinie van mense, terwyl die engele en die Heilige Gees vir ons skuil gaan agter die mens op die preekstoel en die Boek in sy hand. As ons tog maar meer gehad het! Gesigte van engele en die ontvangs van die Heilige Gees in ekstatiese ervaringe, sou vir ons soveel meer kon beteken. Maar net 'n dominee op die preekstoel — teen wie ons dikwels baie regmatige kritiek het — hy is ook maar 'n swakke sondaar! Moet ons op die woord van 'n mens glo? Moet ons glo dat die Here die mens gebruik om my tot die geloof in God te lei?

Geroepene van die Here

Ja, so behaag dit die Here:

Hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie" — Rom. 10:14,

Die Etiopiër was 'n soeker na God omdat God hom gesoek het. Daarom stuur die Here Filippus na hom toe. En Filippus vind die gelowige soeker met 'n Bybel op sy knieë. Hy soek op die regte plek — in die Woord van God. God het hom al klaar by die Woord gebring, waarin hy glo en wat hom gegryp het. Deur die geloof wil hy weet — wil hy meer weet opdat hy reg kan glo. Hy wil die Bybel verstaan.

Wil meer weet of hoe?

Kry ons as predikante nie dikwels te doene met 'n regte dooddoener nie? Ons vra by die huisbesoek: "Verstaan jy wat jy in die Bybel lees?" Dan is die antwoord gewoonlik: "Ja, ek verstaan." Vra dan maar 'n eenvoudige vragie byvoorbeeld oor sy eie bekering of wedergeboorte en verleë — sonder antwoord — sit die mens voor jou. Hy verstaan nie, omdat hy miskien nie werklik belangstel nie of omdat hy mislei word deur dwaalleraars. Maar hy vra nie daarna nie. Is ons nie moontlik tevrede om maar so min moontlik van God en sy Woord te weet, omdat ons Hom self buite ons lewe wil hou nie?

Die Etiopiër is egter heilbegerig. Hy wil graag meer weet. Hy wil verstaan, omdat hy nie met homself tevrede is nie. Hy verlang na die verskuilde rykdomme van die Woord van God.

En die Here bring hom juis by dit wat hy nodig het. Wonderlik is die leiding van die Here dat hy juis uit Jesaja 53 moes lees:

> "Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word;
> en soos 'n lam wat stilbly wanneer hy geskeer word,
> het Hy nie sy mond oopgemaak nie.
> In sy vernedering het daar nie reg aan Hom geskied nie.
> Wie sal van sy nageslag kan vertel?
> Sy lewe op aarde word beëindig" — 8:32, 33.

Hoe soek ons

Ondersoek ons die Bybel biddend, dan kan ons glo dat die Here ons nie verniet stel voor bepaalde uitsprake nie. Hy bring ons ook nie verniet te staan voor dinge wat onsself nie kan verstaan en waarvoor ons hulp moet soek nie. Ons hoef nooit verleë te staan voor die Woord van God nie. Ons kan vra of self nalees — daar is in ons tyd baie Bybelstudiestof beskikbaar — om tot klaarheid en rus te kom. Hoe dikwels hoor ek dit nie: "Ons het êrens iets gelees wat nie duidelik is nie, maar het nou vergeet waarom dit gaan." Waarom lees ons die Bybel so? Waarom maak ons nie maar 'n aantekening om te onthou en te vra nie — of skakel ons nie maar iemand wat kan antwoord nie? En ons en ons kinders word al armer omdat ons die Bybel nie ken nie en — vreeslike gedagte — God ook nie meer ken nie. Hy word 'n God van verre wat so op die rand van ons lewe nog 'n ou vergete plekkie inneem.

Geloof wil weet

Deur die geloof het die man gevra.

So is die ware geloof altyd. Die geloof wil weet. Bely ons dan nie self dat die geloof 'n "gewisse kennis" is nie (Kategis-mus Sondag 7)? Is jy nie nuuskierig en verlang jy nie om die Bybel te verstaan nie, dan is daar gewis met jou geloof 'n groot fout. Jou geloofsaptyt is afgestomp — of dit mag bloot 'n "tradisie-geloof" wees wat jouself nie eens meer raak nie.

Gelukkig is die man!

Hy kry nie alleen maar 'n akademiese antwoord op sy vraag nie. Hy kry die skat van sy lewe!

> "Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan

hom verkondig."

En natuurlik glo hy! Hy vind immers in Jesus die antwoord op sy diepste nood — sy onrus oor sy eie verlorenheid. En hy is gered!

"My hart was onrustig in my —
totdat hy sy rus in U gevind het."

Die aanhaling kom uit die belydenisse van Augustinus. Is u hart onrustig? Die antwoord op al ons vrae en elke ontsteltenis is:

"Glo in God, glo ook in My!" sê Jesus — Joh. 14:1.

Die man het geglo en is gedoop en hy het sy reis met blydskap voortgesit. So reis blymoedige Christene die lewe deur met rus en vreugde in hulle harte — ondanks nood en dreiging en vervolging.

Hulle besit nie alleen 'n Bybel nie.

Hulle ondersoek dit en leef daaruit.

En hulle gaan daarmee op reis.

17. Saulus het gevra: "Wie is U, Here?"

> Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" "Wie is U, Here?" vra hy toe — Hand. 9:4, 5

Saulus wou nie kopgee nie

Die jong Fariseër, Saulus, het soos 'n besetene die volgelinge van Jesus gesoek en na tronke gesleep. Hy was selfs nie tevrede om dit alleen in Jerusalem te doen nie — hy jaag hulle agterna na Damaskus, waarheen sommige moes vlug. Hy kan nie rus nie — 'n fanatieke haat dryf hom. Dit was al klaar sy gewete wat hom nie met rus laat nie. Hy het Stefanus gehoor en gesien hoe hy sterwe. Hy het die krag van die vervolgdes gesien en sou veel van Jesus gehoor het.

Maar hy wou nie kopgee nie. Die stem van sy gewete en die ontwakende geloof wou hy doodsmoor deur des te erger te kere te gaan teen Christus en sy kerk. En dan gebeur dit:

> "Toe hy op reis naby Damaskus kom,
> het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom geval.
> Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê:
> 'Saul, Saul waarom vervolg jy My?'
> 'Wie is U, Here?' vra hy toe.
> 'Ek is Jesus,' antwoord Hy.
> 'Dit is vir My wat jy vervolg'."

Gelowige vraag?

Deur die geloof het Paulus gevra: "Wie is U, Here?"

Dit blyk al klaar daaruit dat hy Hom "Here" (in Grieks: "Kurie") noem. Daarmee erken hy dat hy met God te doene het. So is God aangespreek in die destydse Griekse Ou Testament.

Hoewel hy dit weet, het hy tog gevra.

Hy kon egter nie help om Hom so aan te spreek nie.

Sy gelowige hart het klaar geweet met Wie hy te doene het.

Dit kos groot genade vir 'n gelowige sondaar om nie so te wees nie. 'n Mens is soms hard en blind en wil nie insien dat jy verkeerd is nie. En dan sluit jy moedswillig jou oë vir die duidelike werke van die Here. Jy kan so moeilik afsien van jou oortuiging of ingeslane weg. Dit het so 'n greep op jou dat jy, ondanks die stem van jou gewete en die getuienis van die Woord van God en die klop van Jesus aan jou hart, tog blindelings voortjaag op 'n verkeerde pad.

Platslaan om te behou

Die duiwel slaan jou met blindheid en jou eie begeertes jaag jou voort op die pad na die afgrond. En jy weet dit, maar kan nie anders nie.

Waarom is dit so?

Omdat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat (Kategismus Sondag 2).

Dit beteken dat jy in jou begeertes, denke en wil totaal verkeerd is. Dit is teen God en jou medemens gerig. En kry die Bose dit reg om êrens 'n rem los te ruk, dan dreun dit voort op sy bose pad. Hy speel op ons begeertes en weet hoe om onsself vas te wikkel op sy kronkelpaaie. En dan is dit moeilik — o so moeilik — om te luister na die Woord van die

Here. Dit is die instrument wat die Heilige Gees gebruik teen ons begeertes in. Soms wil 'n mens nie luister voordat die Here jou platgeslaan het dat jy, soos Saulus, in die stof lê nie.

Wat moet ek doen, Here?

Volgens Handelinge 22:10 het die gesprek tussen Jesus en Saulus meer ingehou as wat Lukas hier vertel. Die Here Jesus antwoord op sy vraag: "Wie is U, Here?"

> "Ek is Jesus. Dit is My wat jy vervolg."

Daarop reageer Saulus met die vraag:

> "Wat moet ek doen, Here?" —22:10.

Ook dit het Saulus uit die geloof gevra.

Nou gaan dit nie meer om wat hy wil doen nie.

Nee, sy wil is nou ondergeskik aan die wil van die Here.

Hy is nou klein voor Jesus en vra leiding of 'n opdrag.

So is 'n gelowige mens. Ag, onsself is dikwels so eiesinnig, maar ons moet elkeen daar kom en nederig ons opdragte van die Here ontvang en dit uitvoer.

Jesus sê vir hom wat hy moet doen:

> " .... staan op en gaan na die stad toe.
> Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen" — 9:6.

En dan word Saulus as blinde na Damaskus gelei en uiteindelik kry hy sy opdrag nie uit die mond van Jesus self nie. Nee, hy stuur 'n nederige dissipel, Ananias, na hom toe. Saulus moes nou sy opdrag ontvang uit die mond van een van die vervolgdes, wat hy vroeër so verbete gehaat het. Groot is die genade van die Here!

18. Kornelius het 'n boodskap aan Petrus gestuur

> Die engel sê vir hom: "God het gelet op jou gebede en wat jy vir die armes doen. Stuur nou dadelik mense na Joppe en laat daar 'n sekere Simon haal wat ook Petrus genoem word...."
>
> Hy het hulle alles vertel en hulle na Joppe gestuur — Hand. 10:4, 5, 8

Binne Romeinse vesting

Wie sou kon droom dat in die vesting Sesarea, vlak onder die Romeinse adelaar, 'n kind van God lewe: Kaptein Kornelius? Hy was 'n soldaat in diens van die "goddelike" Romeinse keiser en tog lees ons van hom:

> "Hy was godsdienstig en godvresend" — 10:2.

Deur die geloof het hy baie gedoen om die Joodse armes te help en het gereeld tot God gebid.

Nie alleen hy self het in God geglo nie, maar hy en sy hele huisgesin.

Dit beteken dat selfs sy bediendes of slawe ook gelowig was. Later is selfs sprake van 'n "godsdienstige soldaat" —10:7.

Vroeër het ons al gelees van die vreemdeling uit Afrika, die Etiopiër, na wie die engel vir Filippus gestuur het — 8:27. Maar watter Christen — laat staan nog 'n apostel — sou in Sesarea in die Romeinse weermag, 'n bekeerling gaan soek? Nee, daaraan sou 'n Jood nie dink nie. Buitendien sou die Joodse vooroordeel teen die "onreine" heidene ook die weg na so 'n mens versper.

God se genade wêreldwyd

Maar God is nie kieskeurig nie.

> "Die wat Hy lank tevore verkies het,
> het Hy ook bestem om gelykvormig
> te wees aan die beeld van sy Seun.
> Die wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep.
> En die wat Hy geroep het, het Hy ook regverdig verklaar.
> En die wat Hy regverdig verklaar het, het Hy ook verheerlik"
> — Rom. 8:29, 30.

Daarom verskyn daar op 'n goeie dag 'n engel van die Here aan kaptein Kornelius met 'n boodskap vir hom:

> "God het gelet op jou gebede en op wat jy vir die armes doen, en Hy het aan jou gedink" —10:4.

Petrus en Johannes en elke Christen dink nie aan hom nie.

Nie een van hulle het dit nog gewaag om 'n heidense huis te betree nie, hoewel die bevel tog baie duidelik is:

> "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld —1:8.

Ons vergeet — God nie

Ons kan hulle vergeet — die swartes en bruines en selfs afge-dwaalde wittes — oor wie ons dikwels struikel, maar God vergeet hulle nie. Hy is die God wat sien — met erbarming en liefde. En Hy kom tot hulle — al moet Hy 'n engel stuur van-weë die onwil van sy volgelinge.

Die engel se boodskap lui verder:

> "Stuur nou dadelik mense na Joppe en laat daar 'n sekere Simon haal wat ook Petrus genoem word . . . ." — 10:5.

Dit gaan vir die Here om Kornelius en sy huisgesin.

Maar dit gaan vir Hom ook om miljoene andere soos Kornelius.

Hy het nog baie ander skape wat nie aan die Joodse stal behoort nie. Hulle is versprei oor die aarde. Sy Naam moes uitgedra word onder heidennasies en hulle konings en ook onder die volk Israel — 9:15.

Wêreldakker

Daarom moes die leier onder die apostels, Petrus, gehaal word. Hulle moes weet dat hulle taak veel breër is as net Israel. Die wêreldakker lê oop voor hulle en die saad moes uitgestrooi word tot aan die uithoeke van die aarde. Hulle is Christus se instrumente en moet nou duidelik die opdrag kry om oor Israel se grense heen te kyk en te breek.

En Kornelius glo en stuur dadelik boodskappers.

Sy werke van dankbaarheid het alreeds getuig dat hy in die God van Israel glo, maar hy moes nog by die Messias van Israel kom. Hy moes nog hoor van Jesus van Nasaret, wat gekom het om te soek en te red die wat verlore was.

En dit sê die engel nie vir hom nie. Dit is die werk — die opdrag — van mense om die boodskap uit te dra.

Daarom moes hy Simon Petrus laat haal.

Deur die geloof stuur hy sy boodskappers.

Hy wou weet wat hierdie Simon Petrus te sê het.

Salig is jy, Kornelius, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is.

19. Petrus gaan na Kornelius

> Die volgende dag het hy en 'n paar van die gelowiges in Joppe saam met hulle gegaan en 'n dag later in Sesarea aangekom — Hand. 10:23, 24

Die Here berei Petrus voor

Simon Petrus is tuis by Simon die leerlooier in Joppe. Vanaf Sesarea is boodskappers op pad na hom toe — in opdrag van kaptein Kornelius, die Romeinse offisier. Hy moes hulle ontvang en met hulle saamgaan. Hy sou by die heiden moes tuisgaan en saam met hom eet en drink. Dit is ondenkbaar vir 'n Jood — dan verontreinig hy homself voor God. Dit mag nie!

Dit is teen twaalfuur die dag. Petrus, wat al honger is, klim op die dakstoep om te bid. En meteens gebeur daar iets wonderliks met hom:

> "Hy het die hemel oop gesien en iets soos 'n groot doek wat aan sy vier punte neergelaat word, sien afkom grond toe. Daarin was al die viervoetige en die kruipende diere van die aarde en van al die wilde voëls. Hy hoor toe 'n stem vir hom sê: 'Kom, Petrus, slag en eet' " — 10:11-13.

Nooit nie, Here!

Is dit 'n beproewing vir hom?

Wil die Here sien of hy 'n getroue Israeliet is wat die reinheidswette van die Jode kan onderhou?

Petrus het dit bepaald gedink, want sy vinnige reaksie is:

> "Nooit nie, Here!
> Ek het nog nooit iets geëet wat onheilig of onrein is nie"
> —10:14.

Nougeset — getrou — het hy die wette van Moses onderhou.

"Nooit nie, Here!"

Hoe maklik kan 'n mens dit soms sê: "Nooit nie!"

En tog moet ons uiteindelik die woorde terugneem.

Mag ons maar altyd onthou wat die Here sê:

> "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie"
> — Jes. 55:8.

Op sy "Nooit nie, Here!" hoor Petrus die stem van die Here: "Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie."

Rein en onrein

Ag, Petrus moes nog leer dat die Joodse seremoniële wet heen-gewys het na Christus. Hy moes ook leer dat Christus se bloed nie alleen vir Jode gestort is nie, maar ook vir die heidene, wat hy as onrein beskou. God het hulle rein verklaar deur die bloed van die Heiland. Hulle sal aankom van die Ooste en Weste en aansit met Abraham en Isak en Jakob, terwyl baie Jode buite sou bly.

Tot drie keer herhaal die Here sy boodskap deur die gesig van die doek met die diere daarin. Daarna word dit opgetrek in die hemel.

Petrus wonder nog wat dit tog kon beteken. Hy sou wel begryp dat die Here daardeur iets aan

hom wou tuisbring. Dan sê die Heilige Gees aan hom:

"Daar is drie manne wat jou soek." En dan hoor hy uit hulle mond van Kornelius, die godvresende Romeinse soldaat, aan wie 'n engel verskyn het met die boodskap dat hy moet stuur en Petrus laat haal. Die Gees het alreeds aan hom gesê:

> "moenie aarsel om saam met hulle te gaan nie,
> want Ek het hulle gestuur."

Dan begryp Petrus wat die Here vir hom met die gesig wou sê. En hy glo dat dit sy taak is om die mense te ontvang en met hulle saam te gaan.

Deur gaan oop

Deur die geloof stap Petrus en 'n paar ander gelowiges die volgende dag saam met Kornelius se boodskappers na Sesarea. En daar in Sesarea gaan 'n nuwe deur oop vir die evangelie van Jesus. Die deur na die heidene van die wêreld. Geweldig is hierdie gebeurtenis. Petrus gaan tuis by 'n heiden. Hy verkondig die evangelie aan 'n huisgesin — man, vrou en kinders — maar ook slawe en vriende.

En terwyl hy nog praat het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het. Petrus sien en hoor hoe die mense in tale praat en God prys — net soos hulle met Pinkster. God self bevestig dat die heidene ook aan Hom behoort. Wat kon Petrus anders doen?

Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang.

Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?"

Heidene in Sesarea is gedoop met die Heilige Gees. Hulle het die lewe uit die Gees deelagtig geword. Hulle is een met die Joodse gelowiges — "net soos ons" sê Petrus. Daarom kom die beloftes van die vergewing van sondes en die lewe uit die Gees ook aan hulle toe — om Christus ontwil. En hy doop hulle en bly nog 'n paar dae by hulle.

Petrus se geloof het sy "Nooit nie, Here!" oorwin.

Begryp ons dit nog elke dag — God sien nie die persoon aan nie.

Hy maak deure oop na alle volke en tale en nasies.

Hy oorwin die "nooit nie" of "ek sal nie" in ons.

20. Die gemeente bid vir Petrus in die tronk

> So is Petrus dan in die tronk bewaak, maar die gemeente het aanhoudend vir hom gebid — Hand. 12:5

Vervolg deur die owerheid

Dit moes al meer as tien jaar na Pinkster gewees het. Vanweë ander roeringe tussen die Romeine en die Jode het die gemeente in Jerusalem blykbaar, na die vervolging deur Saulus, rustig gelewe. Die apostels het dit nog nie nodig gevind om te vlug nie. Veral gedurende die regering van keiser Caligula van Rome, het die Jode dit baie moeilik gehad. Hy het gemeen dat hy self 'n god was en het opdrag gegee dat 'n beeld van hom in die tempel in Jerusalem opgerig moes word. Dit het byna gelei tot 'n opstand onder die Jode. Voor-dat die besluit van die keiser egter uitgevoer kon word, is hy dood.

Jakobus met die swaard gedood

Die onrus onder die Jode het die Christene ten goede gekom. Hulle aandag was so in beslag geneem deur ander bedreiginge dat hulle die volgelinge van Jesus met rus gelaat het. In die jaar 41 word Claudius keiser en toe het dit weer moeiliker geword vir die Christene. Hy het vir Herodes Agrippa I ook aangestel as koning oor Judea, sodat hy sedertdien oor die hele Palestina regeer het. Hy het baie moeite gedoen om die Jode se guns te wen. Daartoe begin hy die Christene vervolg en martel. Hy laat Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard doodmaak. So sterf hy as eerste martelaar van die twaalf apostels.

Petrus in die tronk

Die Jode het hierdie optrede van Agrippa toegejuig. Daarom laat hy Petrus ook vang. Hy verhoor hom egter nie dadelik nie, omdat dit die tyd van die ongesuurde brode was — paastyd — en hy nie aanstoot aan die Jode wou gee nie. Hy sluit Petrus in die gevangenis op, met sy voete in kettings geklem, en plaas vier wagte van vier man elk in die tronk om hom te bewaak. Waarskynlik het die Jode hom vertel dat Petrus en Johannes so tien jaar gelede uit die tronk ontsnap het. Daarom tref hy besondere voorsorg.

> "So is Petrus dan in die tronk bewaak,
> maar die gemeente het aanhoudend vir hom tot God gebid."

Die gemeente bid

Dit kon Herodes Agrippa nie verhinder nie — en die Joodse leiers ook nie. Die gemeente het Petrus lief. Hulle kon nie anders nie. Aanhoudend gaan gebede op vir hom — dwarsdeur die stad. Oral kom hulle saam om te bid. In die eensaamheid bid enkelinge vir hom. Hulle omring en dra hom deur hulle gebede. Hulle worstel met die Here om sy behoud.

> "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking" — Jak. 5:16.

Dit het die gemeente geglo en daarom het hulle aanhoudend vir hom tot God gebid.

Eindelik breek die laaste nag vir Petrus in die tronk aan. Die volgende dag sou hy voor die volk verhoor word. Wat 'n sensasie vir die volk! En wat 'n angstige droewe afwagting vir die Christene!

Die gebede verhoor

En Petrus self slaap rustig in die gevangenis — terwyl die gemeente wakker bly om te bid. Petrus is die toonbeeld van rus en geloofsvertroue. Moontlik het hy hom al byvoorbaat daarin verbly dat hy die volgende dag vir die Here sou sterf. Met twee kettings geboei, slaap hy

tussen twee soldate.

"Meteens staan daar 'n engel van die Here en skyn daar 'n lig in die sel."

Hy maak Petrus wakker, sy boeie val van hom af, en op bevel van die engel klee hy hom en volg die engel by al die wag-poste verby tot in die straat. Hy self dink dat hy droom, maar toe hy buite in die naglug staan, dring dit tot hom deur dat die Here hom bevry het.

Vinnig stap hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes Markus, waar baie gelowiges saam was om te bid. Hy klop aan die voordeur en 'n diensmeisie, Rodé, wat waarskynlik by die deur op wag was, vra wie dit is. Toe Petrus antwoord herken sy sy stem, maar sy is so opgewonde en bly dat sy nie die deur oopmaak nie, en na binne hardloop om dit aan die ander te vertel.

Gebed verhoor? Nee, ons glo dit nie!

Ag, en die bidders wat so dringend gebid het! Hoe het hulle nie aanhoudend gepleit dat hy bevry moes word nie! Hulle glo nou nie dat hulle gebede verhoor is nie! Hulle reaksie op Rodé se opgewonde tyding is: "Jy is mal!"

Toe sy egter daarmee volhou, sê hulle: "Dan is dit sy gees."

Maar by die deur staan Petrus — van vlees en bloed — en hou aan om te klop. Dan storm die "gelowige" bidders na die deur en maak oop en "ongelooflik!" — Petrus staan in lewende lywe voor hulle. Hulle gebed is verhoor — sou een ding vir God onmoontlik wees!

Gelukkig het die mense gelowig gebid.

Gelukkig het God hulle gebed verhoor.

Ongelukkig het hulle nie geglo dat Hy dit verhoor het nie.

Sou ons nie kon sê nie: Ondanks hulle kleingeloof het die Here hulle gebed verhoor.

Een ding is seker: Ons is, wat die gebed betref, hulle hoe-genaamd nie voor nie.

Hoe dikwels bid ons nie — en die Here antwoord, maar ons hoor of sien dit nie. En dan bly ons maar in die put, omdat ons nie wil sien of glo dat die Here gehoor het nie.

Ondanks onsself

En tog het hulle uiteindelik — ondanks hulle eie skaamte — die Here kon loof en prys.

Die Here het sy engel gestuur en Petrus is verlos!

Daarom het hulle nie tevergeefs gebid nie.

Bid maar gerus aanhoudend vir u eie en u volk en u kinders se nood.

Maar glo ook dat die Here hoor en let op hoe Hy verhoor.

Soms verhoor Hy ons gebede so verrassend dat ons ook kan sê:

Dit is te gek om waar te wees.

Dit kan net nie gebeur nie.

Kom laat ons Hom maar dank dat Hy desondanks tog ons gebede verhoor.

21. 'n Saadjie geplant in Antiogië

> Onder die vlugtelinge was daar sekere mense wat van Siprus en Sirene afkomstig was en wat in Antiogië gekom en daar ook aan die Griekssprekendes die evangelie, dat Jesus die Here is, verkondig — Hand. 11:20

Evangelie aan volslae heidene

Deur die geloof plant hierdie manne in Antiogië 'n saadjie. Dit mog maar 'n mosterdsaadjie gewees het — die kleinste van alle groentesaadjies. En dit het gegroei tot 'n boom — so geweldig dat die voëls vandag nog in die takke daarvan neste maak. Wie verag die dag van kleine dinge?

Alreeds na die vervolging van die gemeente in Jerusalem — toe Stefanus gedood is — tien jaar of wat gelede, het hier in Antiogië 'n gemeente ontstaan. Die mense het egter die evangelie aan niemand anders as alleen die Jode verkondig nie. Nou kom die manne van Siprus en Sirene hier aan en hulle begin die evangelie ook aan heidene verkondig. So moet ons die benaming "Griekssprekendes" hier verstaan. In die oorspronklike taal lees ons alleen maar "Grieke", waar-mee gewis heidense Grieke bedoel word.

Filippus het aan 'n Etiopiër die evangelie verkondig en Petrus aan Kornelius, die Romeinse offisier. Hulle was egter albei al gelowiges — hulle het in die God van Israel geglo. Hier word nou die eerste keer gepraat van volslae heidene — verval in afgodery en bygeloof — wat tot bekering kom.

Gevolge tot by ons

Die onbekende manne uit Siprus en Sirene het hier 'n magtige deurbraak bewerk. Hulle het maar net gedoen wat hulle nie kon nalaat nie. Hulle het in Jesus Christus, hulle Verlosser, geglo en kon nie anders as om van Hom te praat nie. Dit is selfs moontlik dat een of ander heiden, sonder hulle opsetlike bemoeienis, belangstelling getoon het. Hoe die Here die deur vir hulle oopgesluit het, word nie gesê nie. Hier is egter bewaarheid wat die Here Jesus later self sê:

> "So sê die Heilige, die ware God,
> Hy wat die sleutel van Dawid het,
> wat die deur oopsluit
> en niemand sal dit weer toesluit nie" — Openb. 3:7.

Die mense verkondig die Here Jesus.

Hulle bring geen dorre leer of geheime wetenskap nie, maar hulle vertel van Iemand, 'n magtige Verlosser en Koning — die Oorwinnaar van die duiwel en die dood.

En die heidene van Antiogië word deur die evangelie gegryp en baie van hulle glo in Jesus en bekeer hulle van hulle afgode.

Hierdie onbekende manne het meer begryp as die apostels en die ander gelowiges uit die Jode. Hulle het begryp wat die sendingbevel in werklikheid inhou:

> "Gaan dan na al die nasies toe
> en maak die mense my dissipels" — Matt. 28:19.

Skeidsmure afgebreek

Hulle het geglo in die geheimenis dat die eeu-oue skeidsmuur tussen Jood en heiden, weggebreek is deur Jesus Christus. Daarom kon Paulus, wat deur hulle toedoen apostel van

die heidene geword het, later skryf:

> "Christus is ons vrede,
> Hy wat die twee, Jode en nie-Jode,
> een gemaak het" — Ef. 2:14.

God het aan hierdie plantjie in Antiogië wasdom gegee — Hy het laat groei.

> "Die Here het hulle gehelp, sodat baie mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het" — 11:21.

Die Here help hulle selfs verder. Die gemeente in Jerusalem hoor wat hier in Antiogië aan die gang is. Hulle besluit om Barnabas daarheen af te vaardig. Ook daarin sien ons die leiding van die Here, want Barnabas was self 'n Griekssprekende Jood uit Siprus — en hy was 'n goeie man. In hom het die Christelike liefde wonders verrig. Hy het byvoorbeeld daar aan die begin 'n stuk grond verkoop en die opbrengs aan die apostels afgedra.

Barnabas gaan haal vir Saulus

Hy kom in Antiogië en hy bly daar. En die gemeente groei. Vanselfsprekend moet hierdie heidene wat tot bekering kom, onderrig en bearbei word. Spoedig sien Barnabas dat hy hulp nodig het. Hy besef dat die apostels — rasegte Jode — nie vir die doel geskik is nie en hy dink aan 'n man wat hy tien jaar gelede ontmoet het: Saulus van Tarsus. Hy het die Saulus nog aan die apostels voorgestel omdat hulle hom nie vertrou het nie. Hulle kon nie glo dat die verbete vervolger van die gemeente nou 'n verkondiger van die evangelie geword het nie. Barnabas reis na Tarsus om Saulus te soek en hy kry hom en bring hom saam na Antiogië, waar hulle 'n jaar lank saam werk.

En dan sonder die Here die twee manne af vir 'n bepaalde saak — hulle moes deur die gemeente van Antiogië uitgestuur word om die evangelie aan ander heidene te verkondig. So neem Saulus — later bekend as Paulus — se lewenstaak 'n aanvang.

Sou die manne, wat die eerste keer die evangelie aan die heidene in Antiogië verkondig het, ooit kon droom waartoe hulle geringe arbeid sou lei?

Hulle het maar net, deur die geloof, gedoen wat hulle verplig was om te doen — in hulle klein kringetjie. En binne twintig jaar is die evangelie van Jesus 'n krag vir mense oor die hele bekende wêreld van die tyd.

Glo u?

Werk met u geloof in die klein kringetjie waarin u leef — en laat die uitslag aan die Here oor.

22. Die gemeente in Antiogië dra by om die nood van die gemeente in Jerusalem te verlig

> Die gelowiges het toe besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot 'n hulpfonds wat vir hulle medegelowiges wat in Judea woon, gestuur sou word — Hand. 11.29

Hongersnood

Die gemeente in Antiogië het hoofsaaklik bestaan uit mense wat voorheen heidene was. Onder leiding van Barnabas en Saulus het die gemeente gegroei na buite en binne. Hulle getalle het toegeneem, maar hulle is ook meer en meer toegerus om alles te onderhou wat Jesus aan sy apostels geleer het. Hulle was in die ware sin van die woord 'n lewende gemeente.

In die tyd kom daar 'n paar manne uit Jerusalem aan. Die manne het die profetiese gawe besit. Hulle kon selfs, deur die Gees, die toekoms inkyk. Een van hulle, 'n sekere Agabus, is deur die Gees gelei om te voorspel dat 'n groot hongersnood die wêreld sou tref. Hiermee word bedoel die bekende wêreld van die tyd — wat eintlik maar die Romeinse ryk was.

Die hongersnood het ook werklik gekom in die jaar 44, tydens die regering van keiser Claudius. Veral Judea, en in besonder Jerusalem, is swaar getref deur die hongersnood.

Heilige bekommernis oor andere

Die gelowiges in Antiogië glo wat Agabus sê. Hulle tref ook voorsorg — miskien vir hulleself. Hulle besef egter om een of ander rede dat die nood veel groter in Judea sou wees. Miskien het Agabus dit duidelik gesê.

> "Die gelowiges het toe besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot 'n hulpfonds wat vir hulle medegelowiges wat in Judea woon, gestuur sou word."

Die mense het klaar geleer wat die belangrikste van alles in die lewe van 'n gelowige is:

> "En nou bly
> geloof, hoop en liefde —
> hierdie drie.
> En die grootste hiervan is —
> die liefde!"—1 Kor. 13:13.

Die hulpfonds moes baie opgebring het — soveel dat hulle spesiaal vir Barnabas en Saulus na Jerusalem afvaardig om dit te gaan wegbring. Hulle het geweet dat die twee manne met die saak vertrou kon word.

Liefde bewerk eenheid

Ook hierdie episode uit die geskiedenis van die jong gemeente in Antiogië het 'n omvattende betekenis.

Hulle was meesal voormalige heidene.

By die gelowiges in Judea sou daar moontlik nog vooroordele teenoor hulle bestaan.

Hulle sou moeilik daartoe kom om die onbesnede heidene as broers en susters te aanvaar. Dit blyk selfs uit die latere verloop van die geskiedenis.

Die Here bring nou hierdie geleentheid op die weg van die gemeente in Antiogië — 'n geleentheid om tot 'n seën te wees vir hulle medegelowiges in Judea.

Mense wat honger ly, kan nie kieskeurig wees nie. Hulle sou maar te graag gryp na die stukkie brood, wat hulle in die Naam van die Here Jesus aangebied word. En in hulle harte sou die dank tot die Here kom vir die Christelike meelewing — die liefde van die veraf en vreemde medegelowiges.

Dit sou gewis baie bydra tot die eenheid van die kerk uit Jode en heidene.

Die Here Jesus het self gesê:

> "Ek gee julle 'n nuwe gebod:
> Julle moet mekaar liefhê.
> As julle mekaar liefhet,
> sal almal weet
> dat julle my dissipels is" — Joh. 13:34, 35.

Hier word die hand van liefde uitgesteek vanaf Antiogië na Judea. Voormalige heidene betoon hulle liefde aan die Joodse gelowiges.

En dit sou onthou word — dit sou nalewe.

> (Die liefde) "bedek alles,
> glo alles,
> hoop alles,
> verdra alles" — 1 Kor. 13:7.

Liefde reik oor volks- en rassegrense heen. Liefde sien nie alleen die nood van eie gemeente en eie kerk-verband raak nie.

23. Die gemeente van Antiogië sonder vir Barnabas en Saulus af om sendingwerk te gaan doen

> Die Heilige Gees het gesê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk waarvoor Ek hulle geroep het te doen." Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het hulle hulle laat gaan" — Hand. 13:2, 3.

Gemeente stuur sendelinge uit

Deur die geloof het die gemeente in Antiogië die eerste keer die evangelie aan volslae heidene verkondig.

Deur die geloof het hulle 'n hulpfonds vir die hongerlydendes in Judea gestig.

Nou gaan hulle voort op die geloofspad. Hulle stuur sendelinge uit — die ongelowige wêreld in. Dit het selfs Jerusalem se gemeente nie gedoen nie. Die Here moes in Jerusalem 'n vervolging laat ontstaan, sodat die gelowiges moes vlug vir hulle lewe — en so is die evangelie versprei deur die vlugtelinge.

Hier in Antiogië verloop dit egter anders. Die gemeente stuur twee manne, Barnabas en Saulus, uit in opdrag van die Heilige Gees.

Vrug van gebedsbyeenkoms

Treffend en leersaam is die verloop van sake wat daartoe lei. Die gemeente het vyf profete en leraars. Die profete was in die tyd persone wat die Here gebruik het om op bepaalde tye en onder bepaalde omstandighede die wil van die Here aan die gemeente bekend te maak. Die leraars was die Bybel-kenners wat die gemeente uit die Skrifte geleer het. Hulle het bymekaar gekom, saam met die gemeente, om die Here te dien en te vas. Dit kon 'n gebedskring wees of 'n erediens, waar die Woord ook bedien is. Dat hulle ook gevas het, beteken in die Nuwe Testament, dat hulle dit doen met die oog op hulle versterking tot die gebed. In die byeenkoms sou die gebed wel 'n besondere plek inneem.

In so 'n byeenkoms — saam rondom die Woord en saam in die gebed — kan die Heilige Gees sy wondere doen. Hier is almal gereed om na Hom te luister — ore en harte is oop. En dan praat die Gees op een of ander wyse en die vyf manne verstaan wat Hy bedoel.

> "Sonder Barnabas en Saulus vir My af
> om die werk waarvoor Ek hulle geroep het, te doen."

Hier openbaar die Heilige Gees Homself nie bloot as "die krag uit die hoogte" nie, maar as 'n Goddelike Persoon. Hy praat van "My" en "Ek". Hy wys self die manne aan wat Hy geroep het tot die bepaalde werk. Geen wonder dat Paulus later kon sê nie:

> " . . . . hulle het ingesien dat die taak aan my toevertrou is
> om die evangelie aan die nie-Jode te verkondig,
> net soos dit aan Petrus toevertrou is
> om die evangelie aan die Jode te verkondig" — Gal. 2:7.

Saulus — later Paulus — het nooit getwyfel aan sy roeping om sendeling onder die heidene te wees nie. Hy is nie alleen deur die gemeente van Antiogië uitgestuur nie, maar hulle het dit gedoen op die uitdruklike bevel van die Here self.

Wêreldomvattende betekenis

Hierdie gebeure in Antiogië het, agteraf besien, wêreldomvattende betekenis gehad. Ons kan gerus maar die Here daar-voor dank — ook ons sou nie gelowig gewees het, indien Barnabas

en Saulus nie die opdrag ontvang het nie.

Vir die gemeente sou dit nie maklik wees om die twee begaafde en geliefde leraars weg te stuur nie. Hulle sou hulle liewer self wou behou. Hulle sou selfs goeie argumente daartoe kon gebruik. Is daar dan nie in die groot stad Antiogië nog duisende heidene nie? Lê daar nie nog 'n groot veld voor hulle voete braak nie? En kan die jong gemeente self die manne nou mis? Hulle moes nog soveel leer en hulle kon so maklik afwyk van die gesonde leer en selfs weer terugval in bygeloof en afgode-diens.

So sou ons moontlik redeneer. Daar is tuis so baie te doene, waarom word begaafde mense afgesonder om onder primitiewe barbare te gaan werk? Ons eie volksgenote het die arbeid veel nodiger. En mooi talente word vermors op mense wat dit nie waardeer nie, ens. ens.

En tog het Barnabas en veral Saulus, lande deurreis en seë oorkruis met die evangelie van Jesus Christus. En op hulle voetspoor is gemeentetjies gestig en mense aan Christus gebind deur die onsterflike geloof. En die Heilige Gees het hulle werk bekragtig.

Gelukkig is daar vandag nog kerke, soos Antiogië, wat sendelinge uitstuur na onderontwikkelde volke en selfs primitiewe barbare. En laat ons maar vir hulle bid, want so werk die Here.

Ons gebede vergesel julle

Voordat die sendelinge vertrek, doen die gemeente egter nog 'n belangrike ding:

> "Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande
> opgelê het, het hulle hulle laat gaan."

Vir die gemeente was dit erns — heilige erns. Die erns blyk daaruit dat hulle nie alleen bid nie, maar ook vas. En dan word die hande op die twee manne gelê. Dit beteken dat die gemeente — in die geval waarskynlik deur die profete en leraars — hulle innige gemeenskap met die twee manne wou uitdruk. Daarin lê ook opgesluit dat die manne mag weet: waar hulle ook al gaan, word hulle vergesel van die liefde en gebede van die gemeente.

En laat ons dit nie geringskat nie.

Ons Here, wat ons aanbid, hoor en Hy sien en Hy doen ook op die gebede van die gemeente groot dinge. Hy doen dit in ons midde — en tot aan die uithoeke van die aarde — indien ons maar onthou om altyd vir ons voorgangers en sendelinge te bid.

24. Sergius Paulus is gered

> Die goewerneur was diep onder die indruk van die leer van die Here, en toe hy sien wat gebeur het, het hy gelowig geword — Hand. 13:12

Leraars en dwaalleraars

Die sendelinge, Barnabas en Saulus het op die eiland Siprus aangekom. Hulle het eers in Salamis, 'n groot stad met verskeie Joodse sinagoges, gewerk. Hulle het die patroon begin volg om eers aan die Jode in hulle sinagoges, die evangelie te verkondig. Daarmee het Saulus — later Paulus — altyd volhard. Die evangelie moes eers aan die verlore skape uit die huis van Israel verkondig word. Bowendien het hulle by die Jode ook die beste aanknopingspunt gehad — hulle het immers in die Bybel geglo en die belofte van die Messias wat sou kom, geken.

Daarna reis hulle deur die eiland na Pafos, die woonplek van die Romeinse goewerneur Sergius Paulus. Hulle het met Sergius Paulus persoonlik in kontak gekom omdat hy hulle uitgenooi het. Hulle tref egter iemand anders ook by die goewerneur aan — 'n sekere Barjesus. Hy hou ook 'n titel daarop na. Dit is "Elimas" — 'n Arabiese naam wat ook aan Arabiese god-geleerdes gegee is. Hierdie man wat as 'n Arabiese "oelama" — godgeleerde — deurgaan, het selfs vir Sergius Paulus mislei met sy sogenaamde geheimleer, wat uit mistieke formules en tower-kunste bestaan het. Met soveel skyn van geleerdheid doen hy hom voor, dat selfs die goewerneur graag na hom luister.

Soek, en jy sal vind

Dat Sergius Paulus hom ophou met Elimas blyk alreeds dat hy in godsdienstige opsig, 'n soeker is. Hy kry nie rus vir sy innerlike in die soort lewe, waarmee die vername Romeine hulle destyds besig gehou het nie. Maar hy was 'n verstandige man — en moes selfs besef het dat hierdie Elimas ook maar die skyn van die waarheid aan hom voorhou. Daarom laat hy Barnabas en Saulus roep, toe hy hoor dat hulle met 'n nuwe leer in die stad aangekom het.

Die destydse Romeinse en Griekse gode was eintlik maar wat die mense van hulle gemaak het. Hulle was dieselfde sedelose en magswellustige wesens wat die mense ook maar was. Grootliks as gevolg van die Griekse wysgere se insig en leer, het verstandige mense, soos Sergius Paulus, geen innerlike krag meer kon put uit die afgodiese en sedelose praktyke wat die diens van die afgode ingehou het nie.

Die mens is geskape na die beeld van God en hy het behoefte aan godsdiens. Hy het behoefte aan iets of iemand wat oor hom waak en tot wie hy in afhanklikheid kon opsien. Selfs die moderne ateïstiese kommunisme is in wese 'n "godsdiens". Die aanhangers van die kommunisme glo daarin; daarom is naas die kommunisme geen plek vir enige ander godsdiens nie. Die Christene word vervolg waar die kommunisme posvat.

In die tyd van Sergius Paulus was daar baie Romeine en Grieke wat niks meer aan hulle gode gehad het nie. Hulle het selfs met die gode gespot. Geen wonder dat die Christendom so vinnig in die wêreld posgevat het nie. Dit het in die één groot behoefte van die mens voorsien. Daarom het die kerk-vader Augustinus, wat hom letterlik in die stroom van die wys-begeerte en sedeloosheid gewerp het, na sy bekering bely:

> "My hart was onrustig in my,
> totdat hy sy rus in U gevind het."

Gelukkig vir die soeker, Sergius Paulus, het die Here hom ook gesoek. Daarom kom Barnabas en Saulus die dag in Pafos aan. Ag, daarom was Elimas ook by hom — omdat die

onrus in sy hart nie gestil kon word nie.

En dan gebruik die Here ook vir Elimas om hom te help om tot insig te kom. Die towenaar en selfaangestelde "godsdienstige leraar" was selfs 'n belangrike middel in die hand van die Here om sy oë vir die waarheid oop te maak.

Heilige toorn

> "Die goewerneur het vir Barnabas en Saulus laat roep,
> want hy wou graag die woord van God hoor" —13:7.

Hulle voldoen aan die versoek en begin om rustig die evangelie van Jesus aan hom te verkondig. Die geslepe Elimas merk dat die goewerneur opreg belangstel. Dit maak hom woedend en hy spring met 'n woordevloed in om te verhinder dat die goewerneur tot geloof sou kom.

> "Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees,
> het hom skerp aangekyk en gesê:
> 'Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër!
> Vyand van alles wat reg is!
> Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan!
> Die Here gaan jou nou straf.
> Jy sal blind word en die son vir 'n tyd lank nie sien nie' "
> —10, 11.

Voortaan hoor ons nie meer van die naam Saulus nie. Lukas noem hom konsekwent "Paulus". Hy sou dit beter gevind het om sy Latynse naam onder die heidene te gebruik en sy Joodse naam agterweë te laat. Sy naam moes nie alreeds aanstoot aan die heidene gee nie. Daarom sê hy later:

> "Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen.
> Vir die wat sonder die wet is, het ek soos een sonder die
> wet geword .... om die wat sonder die wet is, te wen" —
> 1 Kor. 9:20.

Paulus besef dat hy hier voor die duiwel self staan. Elimas is niks minder as 'n duiwelskind nie. Daarom kan ons ook sy heilige toorn begryp. Ons kan wel aanneem dat hy selfs Elimas se redding uit die strikke van die duiwel in gedagte gehad het. Elimas word as blinde weggelei.

'n Man gered deur die geloof

En Sergius Paulus?

> "Die goewerneur was diep onder die indruk van die leer van die Here, en toe
> hy sien wat gebeur het, het hy gelowig geword" — 13:12.

Die "soeker" Sergius Paulus, het rus gevind. Hy is deur die geloof gered uit die blinde heidendom en die strikke van die duiwel, wat deur Elimas om hom geweef is.

Meer hoef ons van hom nie te weet nie.

Hy is die eerste hooggeplaaste Romein wat tot bekering gekom het. Na hom sou nog baie andere volg.

> "Soek en jy sal vind;
> klop, en vir jou sal oopgemaak word."

Sergius Paulus se geloof was geen "wondergeloof" nie. Nee, hy was al klaar diep onder die

indruk van die leer van die Here, voordat Elimas blind geword het. Hy het in die leer van die Here Jesus sy redding gesien en dit geglo. Die wonder was alleen maar 'n teken wat sy geloof versterk het.

So is en bly die geloof. Dit sien die "Onsienlike". Dit is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Glo in Jesus Christus en jy sien al klaar wondere net waar jy kyk. Wonderlik is die werke van die Here — ook in my en my lewe. Deur die geloof leef ek, wat van nature dood was deur die misdade en die sondes.

25. Die heidene was bly oor die woord van die Here

> Toe die heidene dit hoor was hulle baie bly oor die woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword — Hand. 13:48.

Eers die Jode

Die sendelinge, Paulus en Barnabas, kom aan in Antiogië in Pisidië. Dit is nie dieselfde stad Antiogië waarvandaan hulle uitgestuur is nie.

Die eerste sabbat in die stad sit hulle in die sinagoge. Die raadslede van die sinagoge het hulle opgemerk en verneem dat hulle reisende leraars of rabbi's was. Hulle nooi hulle uit om met die vergaderdes te praat. Paulus neem die woord en hou 'n uitvoerige preek, wat uitloop op die geroep:

> "Daarom, broers, moet julle goed weet dat aan julle ver-kondig word, die vergewing van sondes deur Hom, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes" — 13:38, 39.

Toe hulle die sinagoge verlaat, loop baie Jode en proseliete — heidene wat ook in die God van Israel glo — met hulle saam. Die hele week deur het gesprekke gevolg oor die Here Jesus. Paulus en Barnabas is alreeds versoek om die volgende sabbat weer in die sinagoge te praat.

Die volgende sabbat stroom 'n groot menigte na die sinagoge om na die apostels te luister. Die Joodse leiers is egter jaloers en raak bitsig, onbeleefd en selfs lasterlik met allerlei opmerkings, terwyl Paulus aan die woord is. Eindelik sê Paulus en Barnabas reguit vir hulle:

> "Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en daarmee beslis dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie, want so lui die opdrag van die Here aan ons:
>
> > 'Ek het U gegee as 'n lig van die nasies,
> > sodat U verlossing kan bring
> > tot in die uithoeke van die wêreld' " — 13:46, 47.

Die heidene is bly

Hierop volg dan die blydskap van die heidene:

> "Toe die heidene dit hoor, was hulle baie bly oor die woord van die Here en het dit toegejuig."

Die Jode het die heidene met "heilige" regsinnigheid buite die deur — en buite die Bybel — gehou. Hulle is immers nie kinders van Abraham aan wie die beloftes toekom nie. Hulle is veragtelike "heidense honde".

En nou hoor hierdie selfde "hongerige honde" wat smag na na 'n paar krummels vanaf die oorlaaide Joodse tafel: "Ek het U gegee as 'n lig van die nasies."

En omdat hulle honger en dors na die geregtigheid, gryp hulle dit vas. Soos drenkelinge gryp na die uitgesteekte hand aan die kant van die vloedwater, gryp hulle met juigende harte en jubelende lippe na die hand van God: Jesus Christus wat gekom het om te soek en te red die wat verlore was.

Hulle dring saam om die manne met die blye boodskap van verlossing. Eindelik — eindelik

gaan vir hulle 'n deur oop — die deur na die ewige lewe. Dit is 'n blye dag vir die heidene!

Uitverkies

En hierin is die hand van God. Paulus sien dit en Lukas skryf dit uit sy mond neer:

> "Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het salig geword."

Van ewigheid af het God hulle bestem tot sy kinders.

Ons kan maklik daaroor praat en onsself uitsonder as "uitverkorenes" van God, maar wat begryp ons uiteindelik van hierdie geheimenis? Kyk na die praktyk!

Daar drom hulle saam rondom Paulus en Barnabas!

Van kop tot tone is hulle besoedel:

> "Hulle gee voor dat hulle verstandig is,
> maar hulle is dwaas.
> In die plek van die heerlikheid van die onverganklike
> God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens
> of soos voëls of diere of slange.
> Daarom gee God hulle in die drange van hulle hart
> oor aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle
> liggame onder mekaar onteer.
> Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen.
> Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper,
> aan Wie die lof toekom vir ewig. Amen" — Rom. 1: 22-25.

So beskryf hierdie selfde Paulus die heidendom van sy tyd. Ag, hy sê nog erger dinge van hulle.

Ons verantwoordelikheid

En sulke mense is bestem vir die ewige lewe en ontvang die saligheid as 'n genadegawe uit die hand van die Here.

Dat ons sê: "Ons glo in die uitverkiesing" is nie verkeerd nie.

Ons moet daarin glo. Pas egter op hoe ons dit sê! Ons kan dit doen soos die Jode dit gedoen het.

Ons kan meen dat die beloftes alleen vir ons — verbondsgeslag — bedoel is.

En ons kan uitverkorenes van God buite ons gemeenskap en buite die Bybel laat staan en hunker, sonder om die deur van die genade vir hulle oop te maak.

Vir hulle — die uitverkorenes buite ons kring — is dit geen skade nie. Die Here haal hulle wel op sy wyse binne. Vir ons — wat meen dat ons binne is — kan dit verblinding en oordeel inhou, omdat ons op uitwendige dinge vertrou.

Kyk na hierdie mense — wat God bestem het om gelowig te word.

Kyk oor die grens van jou kerk en jou volk na die akkers wat braak lê.

Hoeveel staan daar nog buite, wat deur God bestem is om deur ons binne gelei te word — en ons is besig om oor beuselagtighede rusie te maak? Of ons is te besig met "belangriker" sake.

Mag die Here tog ons oë oopmaak!

Voordat dit met ons heilige huisie verby is — soos destyds met die Jode!

26. Die verlamde man in Listra

> Hy het geluister terwyl Paulus praat. Paulus het stip na hom gekyk en gesien dat hy die geloof het om gesond gemaak te word. Toe roep hy na hom: "Staan regop, op jou voete!" Die man het opgespring en hy kon loop" — Hand. 14:9, 10

In suiwer heidense gebied

Paulus en Barnabas is uiteindelik, deur die toedoen van die Jode, uit Antiogië verban. Daarvandaan het hulle die binne-land in gereis na Ikonium. Hier het dit net soos in Antiogië verloop en eindelik moes hulle weer gedwonge vertrek.

Hulle tog gaan nou verder die binneland van Klein-Asië in. Hulle pad styg teen die Taurusberge uit — 'n gevaarlike pad waar rowers dikwels argelose reisigers oorval het. Eindelik kom hulle aan in 'n klein ommuurde dorp — 'n Romeinse vesting. Hier is hulle in suiwer heidense gebied. Die naam van die dorp is Listra. Hier was geen Joodse sinagoge nie en hulle kon alleen maar op straat preek. Of daar enige vrug op hulle prediking in die begin was, word ons nie vertel nie. Dit sou maar moeilik wees om tot die gemoed van die heidense inwoners deur te dring.

'n Man wat luister

Een dag sit daar in Paulus se gehoor 'n man met gebreklike voete. Hy was van sy geboorte af lam en kon nie loop nie. Van hom lees ons:

"Hy het geluister terwyl Paulus praat." Hier was 'n mens wat meer doen as om die klank van woorde te hoor. Hy het ook geluister. Hy het gedoen wat die Here Jesus van sy skape sê:

> "My skape luister na my stem" — Joh. 10:27.

'n Mens kan so maklik hoor sonder om te luister. Dit is al klaar 'n gawe van die Here om te luister na sy woord. Dit veronderstel al geloof, want glo jy dan neem jy die woorde van die Here ernstig op. Dan vind dit weerklank in jou innerlike en jy aanvaar: "Dit is vir my bedoel. Die Here praat met my."

Kenteken van geloof

Daarom het die Here Jesus vir die Jode in Johannes 10 gesê: "Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie. My skape luister na my stem."

Die Jode luister nie, omdat hulle nie glo nie.

Maar glo 'n mens dan luister jy en is jy ook gehoorsaam aan sy woord.

Prediker sien dit

Paulus kry die man in die oog en hou sy oë op hom terwyl hy praat. Hy sien in die man se oë — ja, sy hele houding — dat hy met hom kontak het. Sy woorde dring deur tot die man se hart. Dit is 'n wonder dat so 'n blinde heiden in die hart gegryp word deur die woord van God. Dit moes Paulus, as prediker, ook verwonderd en bly gemaak het.

Ons weet dit — ons wat die woord van die Here bedien — wanneer mense luister. Jy sien of voel dit aan dat die kontak tussen jou en jou hoorders gelê is — en dit is 'n dankbare ondervinding. Jy weet ook dat dit nie maar aan jou welsprekendheid of die sinryke inhoud van wat jy sê geleë is nie — nee, hier is die Gees van die Here mede-werksaam. Hy maak die harte oop en Hy gee ore om te luister en in te neem. Dankie Here!

'n Mens kan byna sê dat Paulus heldersiende was, as jy verder lees wat hy gesien en gedoen het:

> "Paulus het stip na hom gekyk
> en gesien dat hy die geloof het
> om gesond gemaak te word."

So sterk was die wisselwerking tussen Paulus en die man. Ag, die Woord was die band. Die geloof in die Woord was die krag. En die Heilige Gees was werksaam deur Woord en geloof. En dit by beide: Paulus en die verlamde heiden. Hoe kon die wonder dan uitbly!

"Staan regop!"

Daarom roep Paulus na die man: "Staan regop, op jou voete!" En die man spring op en loop — sonder dat Paulus sy hand hoef uit te steek om hom op te help. Hy doen dit self op die woord of bevel van Paulus.

Sou ons nie met reg die woorde van die Here Jesus oor die offisier van Kapernaum ook op hierdie man kon toepas nie!

> "Ek sê vir julle:
> Selfs in Israel het Ek nie so 'n geloof teëgekom nie" —
> Luk. 7: 9.

Ook die offisier het immers vir die Here laat weet:

> "Sê maar net 'n woord, en my slaaf is gesond" — Luk. 7:7.

Die geloof is 'n wondergawe en die geloof bly gebind aan die God en die Christus wat Paulus daardie dag in Listra aan die heiden verkondig het: Ons God en ons Here Jesus! Luister na sy woord en volg Hom — en jy het die ewige lewe.

27. "Alleen deur die geloof in Jesus Christus" — besluit van Handelinge 15

> Ons en hulle ook, glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word — Hand. 15:11

Jesus se opdrag

In Handelinge 15 lees ons van die eerste amptelike kerkvergadering van die ou Christelike kerk. Die apostels en ouderlinge van Jerusalem en afgevaardigdes van die gemeente in Antiogië was daar saam. Hulle moes beslis oor 'n belangrike strydpunt in die kerk. Dit het so verloop: In Antiogië het manne vanaf Jerusalem opgedaag, nadat Paulus en Barnabas van hulle eerste sendingreis teruggekeer het. Hulle het groot welslae op die sendingveld behaal en die opdrag van die Here Jesus nougeset uitgevoer:

> "Gaan dan na al die nasies toe
> en maak die mense my dissipels:
> doop hulle in die Naam van die Vader
> en die Seun en die Heilige Gees,
> en leer hulle om alles te onderhou
> wat Ek julle beveel het" —Matt. 28:19, 20.

"Christus alleen nie genoeg nie"

Maar hierdie manne uit Jerusalem vind daarmee fout. Paulus en Barnabas het nie genoeg gedoen nie:

> "As julle nie die gebruik van Moses nakom
> deur julle te laat besny nie,
> kan julle nie gered word nie" — Hand. 15:1.

Ja, ook in Antiogië was die grootste gedeelte van die gemeente voormalige heidene, wat nie besny is nie. Daarom is hulle nog "ongered" in die oë van die vrome broeders.

Dit lei tot 'n heftige meningsverskil, maar die gemeente neem 'n verstandige besluit. Hulle stuur saam met Paulus en Barnabas 'n paar andere as afgevaardigdes na Jerusalem om die apostels en ouderlinge daar te raadpleeg. Van hulle werk onder die heidene doen Paulus en Barnabas aan die gemeente in Jerusalem verslag.

Dan staan daar 'n aantal manne op — wat voorheen van die party van die Fariseërs was — en sê:

> "Die bekeerlinge moet besny word
> en aangesê word om die wet van Moses te onderhou — 15:5.

Ons moet begryp dat dit moeilik was vir die tradisie-vaste Jode om sommer so die wet van Moses oorboord te gooi. Hulle het daarin opgegroei en daaraan vasgegroei en kon hulle nie voorstel dat die wette en seremonies in Christus afgedaan is nie. Ons weet dat die reinigingsgebruike — veral die wat met bloedvloeiing gepaard gegaan het — in Christus se bloed aan die kruis volbring is.

> "So het Christus ook net eenmaal geoffer
> om die sondes van baie weg te neem" — Hebr. 9:28.

Die soort verskynsel kry ons deur die eeue heen in allerlei gedaantes. Die opvatting dat alleen die geloof in Christus ons redding beteken, is moeilik vir enige mens om te sluk — jy wil graag ook iets bydra en nog een of ander "wet" vervul. Die mense sê: "Christus ja! maar plus nog iets — die besnyde-nis — of die goeie werke — of die groot doop — die onder-

dompeling — die sabbat" en so aan.

Christus alleen

Die Bybel sê egter: Deur Christus alleen sonder enigiets van my kant. Hy alleen het alles vir my gedoen . . . ."

Wie bewys Hom 'n guns sodat Hy verplig is om iets terug te doen? — Rom. 11:35.

Daarom staan Petrus in die vergadering op en vertel van sy ondervinding met Kornelius, die Romeinse offisier. Hy het duidelik gesien hoe die Heilige Gees ook op die heidene kom en hy het hulle gedoop — Hand. 10.

> "Hy het ook hulle harte deur die geloof gereinig.
> Waarom wil julle nou God se geduld op die proef stel
> deur op die nek van die gelowiges 'n juk te lê
> wat ons vaders nie in staat was om te dra nie
> en ons ook nie?
> Nee! Ons en hulle ook, glo dat ons
> net deur die genade van die Here Jesus gered word" — 15:10, 11.

Offers en besnydenis — goeie werke en vroomheid — beteken niks voor God nie. Hy sien alleen een offer met welgevalle aan:

> "Vir ons was so 'n hoëpriester nodig....
> Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die
> sondes gebring toe Hy Homself geoffer het" — Hebr. 7:26, 27.

Besluit

En in wese besluit die vergadering dit dan uiteindelik:

> "Christus alleen is ons hele saligheid."

Daar was egter heidense praktyke wat Christus en sy soenoffer in gedrang kon bring.

Vleis wat in die heidense slaghuise verkoop is, is dikwels eers as offers aan die afgode gewy. Selfs by heidense vriende kon jy meedoen aan 'n offermaaltyd vir hulle afgod. Daarom word die gelowiges uit die heidene gevra:

> "dat julle nie vleis moet eet wat aan die afgode geoffer is nie ...."

Op sigself is dit nie verkeerd nie, maar dit mag vir andere 'n struikelblok wees. Hulle moes ook nie aanstoot gee aan die gelowiges uit die Jode deur dinge te doen wat agterweë kan bly nie:

> "ook nie bloed nie en geen dier wat verwurg is nie".

Dit is nou eenmaal dinge waaraan die Jode 'n grondige afkeer het — en die heidene kan hulle dit gerus maar spaar.

Liefde en reinheid

Hier kom die beginsel van die Christelike liefde ter sprake.

Geen Christen mag vir sy medemens 'n struikelblok wees nie — al is dit vir jou 'n "middelmatige" saak, wat geen beginsel raak nie. Oor die eet van offervleis sê Paulus:

> "Kennis maak verwaand, maar liefde bou op....
> Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel,
> sal ek nooit weer vleis eet nie:

ek wil nie my broer se val veroorsaak nie" — 1 Kor. 8:1, 13.

Maar die vergadering voeg nog iets by:

"en dat julle onsedelikheid moet vermy."

Rondom die heidense godsdienste is baie growwe onsedelikheid bedrywe. En ons kan begryp dat dit 'n groot stryd vir die Christene, wat voorheen heidene was, om daarvan los te kom. Dit was nodig om hulle aandag daarop te vestig.

Alleen deur die geloof in Jesus Christus het jy die saligheid.

Maar dan leef jy ook uit Hom en jy is anders as ander mense.

Die liefde dring jou daartoe om altyd 'n voorbeeld ten goede en geen struikelblok vir jou medemens te wees nie.

En jy spoel nie saam met die stroom van permissiwiteit wat op sedelike gebied alles goedpraat en doen nie.

Jy weer die ontugtige gedagtes uit jou hart en lewe.

Jy waak oor jouself en jou gesin in wat jy lees en sien in koerant en tydskrif en boek — en in die skouburg en oor die televisie.

Jy is anders omdat jy in Christus vrygemaak is en Hy in jou leef.

28. Die geloof van Timoteus se moeder en grootmoeder

> Daar was 'n gelowige met die naam Timoteus — Hand. 16:1
>
> Ek dink aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunise gewoon het, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is — 2 Tim. 1:5

Moedertrou

Deur die geloof het Timoteus se grootmoeder, sy moeder en ook hyself geleef. Dit is God se verbondstrou, maar ook moedertrou, wat hieruit spreek.

As hoof van sy gesin het die man 'n groot verantwoordelikheid. God sal selfs van hom vir sy vrou en kinders rekenskap eis. Die kind word aangespreek:

> "eer jou vader en jou moeder." Hy is aan beide sy vader en moeder eerbied, liefde en trou verskuldig. Kinders moet aan albei hulle ouers gehoorsaam wees. Maar vanaf die ouers se kant besien is dit:
> "En, vaders moenie julle kinders so behandel
> dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot
> met tug en vermaning soos die Here dit wil" — Ef. 6:4.

Gelowige moeders

Ja, die Bybel lê sterk nadruk op die vader en sy verantwoordelikheid as opvoeder.

En tog is dit 'n haas onmoontlike taak om te vervul, wanneer die moeder in die huis ongelowig of onverskillig is.

Daarom is dit die gelowige man se eerste taak om 'n gelowige vrou te kry, wat by hom pas — ter wille van homself, maar ook ter wille van sy kinders. Ons kan selfs sê: veral ter wille van sy kinders.

Daarom is ook die moeders in die Bybel so belangrik.

Dink aan die geloofstrou van Jogebed, die moeder van Moses.

Verder gaan ons gedagtes na Hanna, die moeder van Samuel.

En by die geskiedenis van die konings van Juda word steeds hulle moeders se name genoem.

So was dit met Timoteus — hy het 'n godvresende ma en ouma gehad. Sy ouma, Lois, het opreg in die Here geglo. En sy het haar kind, Eunise, so opgevoed. Eunise is ongelukkig met 'n heidense man getroud, maar sy het nie nagelaat om die klein Timoteus van die begin af op te voed in die geloof van die God van haar vaders nie. Ons weet nie of haar man dit vir haar moeilik gemaak het en of hy ook miskien deur haar toedoen selfs tot geloof in die God van Israel gekom het nie. Ons kan wel aflei dat hy dit moontlik nie altyd met haar eens was nie, want Timoteus het nie as kind die verbondsteken ontvang nie — hy is nie besny nie. Hulle het in elk geval in die heidense dorp Listra gewoon, waar geen Joodse sinagoge was nie. Dit kon moontlik daartoe bydra dat die klein Timoteus se besnydenis agterweë gebly het.

Mooi getuienis

Timoteus het met die eerste besoek van Paulus aan Listra tot die geloof in Christus gekom. Toe Paulus en Silas op die tweede sendingreis weer daar aankom, het die jong Timoteus al klaar getoon dat hy 'n besonder begaafde jong man is. Hy was hoog aangeskrewe in die gemeente van Listra en selfs in Ikonium is goed van hom gepraat.

Timoteus het beslis nie alleen 'n opregte geloof besit nie, maar ook 'n werkende geloof. Sy geloof het hom gedryf om beide in Listra en Ikonium evangelisasie- of sendingwerk te doen.

En toe Paulus die jong man sien en hoor hoe van hom gepraat word, vra hy hom om met hom saam te gaan op sy sendingreis.

Waarom besny?

Dat Paulus Timoteus eers laat besny, voordat hy hom saam-neem, was nie in teëspraak met die besluit wat die byeen-koms in Jerusalem pas vantevore geneem het nie. Daar het dit gegaan om volslae heidene, terwyl Timoteus se moeder 'n Jodin was en hy as kind al besny moes gewees het. Bowen-dien wou Paulus hê dat Timoteus saam met hom optree in die Joodse sinagoges, wat hy nie sou kon doen, indien hy nie besny was nie. Ter wille van die werk was dit dus nodig om Timoteus te laat besny. Sy ander helper, Titus, is nie besny nie, omdat hy van huis uit 'n volslae heiden was — Gal. 2:3.

Hierdie Timoteus het Paulus se getroue en geliefde helper gebly tot sy dood toe. Die laaste brief wat Paulus, uit die tronk voor sy teregstelling, geskryf het, was aan Timoteus. Hy het Timoteus ook dikwels gebruik vir belangrike opdragte, waar probleme in gemeentes was.

Wonderlik is die weë van die Here met die kinders van gelowige moeders. Veral in ons tyd het die moeders 'n dure roeping. Die lewensomstandighede is so dat vaders hulle kinders weinig sien. Hulle is dus op die moeders aangewys. Wat word egter van die gedoopte kindertjies wie se moeders ook heeldag uithuisig is vanweë nood, gerief of weelde? Die Here alleen weet wat wag vir sulke kindertjies — wat prakties moederloos is.

29. Die apostel Paulus gaan na Europa

> Nadat Paulus die gesig gesien het, het ons so gou moontlik gereed gemaak en na Masedonië vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig — Hand. 16:10.

Trek Europa binne

Op die strand van Klein-Asië staan vier manne. Hulle kyk in die rigting van die vasteland Europa. Dit is hulle bestemming. Laat ons hulle maar veroweraars noem. Soos Alexander die Grote eenmaal sy swaard daar op dieselfde plek geplant het, as simboliese daad van die voorgenome verowering van Asië, maak die vier manne nou gereed om Europa binne te val, met die swaard van die Gees — dit is die Woord van God.

Die vier manne: Paulus, Silas, Timoteus en Lukas, het geglo. Hulle het geglo in Christus en sy Woord. Hulle het geglo in hulle sending. Hulle het geglo in die leiding en krag van die Heilige Gees. Daarom was hulle daar in die dorp Troas aan die seekus van Klein-Asië. Dit is hier maar 'n smal seestraat wat die twee vastelande skei. Oorkant lê Europa wat eindelik die sentrum van die Christendom sou word. En hier het dit begin — by vier gelowige manne wat soek na 'n skip om hulle oor die seestraat na Filippi in Masedonië te neem.

Teen hulle sin

Dit is Paulus se tweede sendingreis. Hy en sy metgeselle wou nie na die Weste gaan nie, maar het na die Ooste gemik. Die Heilige Gees het hulle egter duidelik verhinder om Ooswaarts te gaan — selfs by twee geleenthede — en nou staan hulle hier en wag om oor te vaar na die Weste.

Die nag vantevore het Paulus blykbaar nie kon slaap nie. Hy moes in die gebed worstel met die Here om agter te kom wat Hy van hom verwag. En toe sien hy 'n gesig. 'n Masedoniese man staan oorkant die see en smeek hom:

"Kom oor na Masedonië toe en help ons." En Paulus het geglo dat die gesig 'n roepstem van die Here was. Hulle moes oorvaar na Masedonië — die Suid-Oostelike punt van Europa en die saad van die evangelie op Europese bodem plant.

Onbekende toekoms

Paulus en sy makkers het geglo en daarom gaan hulle. Een ding het hy gesien: Die man wat smeek:

"Kom oor na Masedonië en help ons!" Maar wat verder vir hulleself oorkant die see gewag het, het hulle nie geweet nie. Dit was genadiglik verborge in die raad van die Here. Hulle het egter die duidelike leidstér gehad: God roep ons om daarheen te gaan. En wanneer Hy roep moet ons gehoorsaam. Die uitslag of vrug op ons arbeid is in sy hand — ons moet maar ons werk doen. Ons moet die hand aan die ploeg slaan en nie omkyk nie.

Of hulle vervolg sou word — gegesel en in die tronk gegooi — ook dit het hulle nie geweet nie. Hulle kon dit egter verwag om twee redes. In die eerste plek het Jesus dit self gesê:

> "Onthou wat Ek vir julle gesê het:
> 'n slaaf is nie belangriker as sy baas nie.
> As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg" —
> Joh. 15:20.

En Jesus is vervolg. Watter redes sou hulle dan hê om iets ander te verwag?

Maar daar is nog 'n rede waarom hulle so-iets sou verwag. Paulus het dit al self ondervind. Hy is al op sy eerste sending-reis met klippe bestook en as dood laat lê. Hy het egter weer bygekom en opgestaan, omdat die Here nog werk vir hom gehad het.

Sendelinge vermoor

Ook in ons tyd is sendelinge vermoor — selfs in ons eie land en in ons buurstate. Dit was trouens deur die eeue so. Ons eie Germaanse voorouers in Europa het ook die Christelike sendelinge gemartel en vermoor. Waarom sou dit dan in ons tyd vir ons vreemd wees?

Die groot saak is nie wat 'n geroepene van Christus oorkom nie, maar wat hy doen. Wat ons oorkom is die Here se sorg, maar wat ons doen is ons eie verantwoordelikheid. Daarom moet ons goed luister na die stem van die Here en ons harte nie verhard wanneer Hy roep nie.

Die geloof het Paulus en sy metgeselle Christene van die daad gemaak. Dit behoort elkeen wat glo te wees. In Masedonië is hulle gegesel en half bewusteloos in die tronk gegooi — met hulle voete in 'n blok vasgeskroef. En toe hulle middernag tot verhaal kom het hulle gebid en lofliedere gesing. So is dit met 'n geroepe gelowige.

30. Lidia, die eerste gelowige in Europa

> Een van die wat geluister het, was 'n vrou met die naam Lidia.... Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak — Hand. 16:14

Vrouebidstond

Dit was toe nie 'n man nie — die man wat Paulus in die gesig in Troas gesien het. Hy het gesmeek: "Kom oor na Masedonië en help ons!"

Nee, die eer het 'n vrou te beurt geval — Lidia die purper-verkoopster uit Tiatire. Sy was die eerste gelowige in Europa. Gelukkig het op haar voetspore miljoene gevolg — mans, vroue en kinders. Die vlammetjie wat daardie oggend in Lidia se hart begin brand het, het 'n wêreldbrand geword. Waarlik die Here is goed.

Paulus en sy helpers het gou vasgestel dat daar in Filippi geen sinagoge vir die Jode was nie. Hulle het egter verneem dat die Jode buite die stad, by die rivier, op die sabbat saamkom om te bid. En die eerste sabbat is hulle daar. Hulle tref egter net 'n groepie vroue aan. Waar was die mans? Ag, miskien het hulle nie lus gehad vir so 'n gebedsbyeenkoms nie. As daar nou een of ander beroemde rabbi sou preek, sou hulle moontlik ook daar gewees het.

Dit is eintlik merkwaardig en tipies van vroue. Vrouegebeds-byeenkomste is nie onbekend nie. Mans doen daar minder aan mee. Sou dit die vroue se diepe afhanklikheidsbesef wees? Of is hulle maar net gevoelsmense wat graag hulle harte uitstort voor die Here? Hulle is miskien minder gesteld op die leer en meer ingestel op die lewende kontak met die Here.

Wie weet?

Vind Jesus

Die manne het die oggend egter iets groots misgeloop — soos meermale mag gebeur. En die vroue het by die byeenkoms niemand minder as Jesus Christus self teëgekom nie. Lidia het Hom in elk geval gevind. Geseënde vrou.

Ek verkies om hier nie die nuwe vertaling van die Bybel te volg nie. Ek wil liewer bly by wat in die ou vertaling staan. Daarin lees ons dat Lidia geluister het. Die nadruk lê daarop dat sy geluister het en is nie bloot 'n mededeling dat sy een van die vroue was wat geluister het nie. Luister beteken tog meer as om maar net klanke te hoor. Sy het dit ook ingeneem en dit op haarself toegepas. Soos die Here Jesus sê: "My skape luister na my stem — Joh. 10:29.

Paulus se boodskap was vir haar nie maar woorde nie, maar sy het daarna geluister, soos Jesus se skape na sy stem luister. Andere hoor ook sy stem, maar luister nie daarna nie. Vir die Here Jesus is dit al klaar die onderskeidingsteken tussen geloof en ongeloof. Luister 'n mens dan is jyself daarby betrokke. Jy hoor dat jyself aangespreek word. En dan reageer jy — antwoord op die stem van die Here.

So was dit met Lidia. Sy luister met haar hele hart en is gevange geneem deur die woorde van Paulus. Sy glo wat Paulus sê.

Die Here open haar hart

En dan deel Lukas die skrywer aan ons 'n geheimenis mee: "Die Here het haar vir Paulus se woord ontvanklik gemaak." Ook hier verkies ek die meer letterlike vertaling:

> "Die Here het haar hart geopen."

Deur die Heilige Gees raak die Here Lidia se innerlike self aan. Hy plant self die nuwe lewe in haar en maak haar luisterend en daarmee ontvanklik vir die woorde van Paulus.

Ag, Lidia sou nie met haar sintuie kon waarneem dat die Heilige Gees in haar die nuwe lewe wek en die geloof plant nie. Sy sou maar, terwyl sy luister, al meer en meer oortuig word: Dit is die waarheid. Jesus Christus is die verwagte Messias en ook my sondes is in Hom vergewe. En sy antwoord dan op die woord van Paulus deur daarin te glo. En sy kom na vore of volg Paulus en sy helpers om dit aan hulle te vertel. Moontlik het hulle toe na haar huis gegaan en na verdere onderrig is sy met haar huisgesin gedoop. Ook haar ander huisgenote het geglo — en wie sê daar is nie ook kinders en kindertjies gedoop nie?

Paulus het mos klaar verkondig dat die besnydenis nie meer nodig is nie. Hy het egter nêrens geleer dat die verbonds-teken oorbodig is nie. Petrus het immers op Pinksterdag al gesê:

> "Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders" — Hand. 2:39.

En Lidia is gelukkig en dankbaar en bied die apostels verblyf in haar huis aan, terwyl hulle in Filippi vertoef. Die eerste vrug van haar nuutgevonde geloof is liefde — gasvryheid. Op die mooi noot begin die Christendom in Europa — die land van ons herkoms. Mag dit altyd so wees.

31. "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word"

'n Loflied in die tronk

Hierdie uitspraak lees ons in Handelinge 16:31. Dit is 'n kernuitspraak in die boek Handelinge.

Paulus en Silas het in Filippi in die tronk beland. Vooraf is hulle onverhoord gegesel — en die Romeinse liktore het geweet hoe om die werkie te doen. Ons kan aanneem dat die twee manne half bewusteloos na hulle sel gesleep is — 'n onder-aardse donker hool. Hulle sou eers teen middernag tot hulleself gekom het. En toe gebeur daar iets wat wonderlik in ons ore klink:

Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing.

Die gevangenes het na hulle geluister.

Andere sou gevloek het. Hulle sing en prys die Here. Uiterlik is hulle in die grootste ellende. Hulle liggame het gepyn en soos vuur gebrand, want hulle rüe was oopgekloof deur die geselslae. Met hulle voete vasgeskroef in 'n blok, sou hulle die grootste ongemak verduur. Tog sing en bid hulle tot lof van God.

> "Dit is egter nie al nie.
> Ons verheug ons ook in die swaarkry,
> want ons weet:
> swaarkry kweek volharding,
> en volharding kweek egtheid van geloof,
> en egtheid van geloof kweek hoop;
> en die hoop beskaam nie,
> want God het sy liefde in ons harte uitgestort
> deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het"
> Rom. 5:3-5.

Dit skryf dieselfde Paulus later aan die gemeente in Rome. Hy kon dit doen omdat hy geweet het waarvan hy praat. Vry in Christus, sing hulle, al is hulle gemartel en sit hulle gebonde in die tronk. By hulle sien ons die "egtheid van die geloof".

Paulus en Silas het werk

Paulus kon nog in sy loflied in Romeine 5 bygevoeg het: "En die egtheid van die geloof dra vrugte na buite." Want ineens is daar 'n aardskudding en die tronkdeur spring oop en hulle voete is los uit die klemmende blok. Die tronkbewaarder is skoon in paniek van verwarring en koue vrees. Indien die gevangenes sou ontsnap, sou hy daarvoor met sy lewe boet. En dit sou 'n onmenslike marteldood wees. Daarom trek hy impulsief sy swaard om maar liewer dadelik 'n einde aan sy miserabele lewe te maak.

Dan hoor hy 'n harde stem tot hom uit die donker roep:

> "Moenie jouself doodmaak nie!
> Ons is nog almal hier!"

Dit was die stem van Paulus.

Die bewaarder vra lig en sien die rustige twee manne staan. Hy val bewend voor hulle neer en stamel:

> "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"

Hy is in groot nood. Die dreigende swaard van die magtige Rome hang bokant sy kop. Dit is die nood wat hom voor die voete van Paulus en Silas bring. Miskien het hy meer verwag, want ook hy sou hom verwonder oor die vreemde gedrag van die twee gevangenes.

Glo in die Here Jesus

Rustig en impulsief is Paulus se antwoord:

> "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

Wat 'n getroue en besielde dienskneg van Jesus is hierdie Paulus tog! Hy dink nie in die eerste plek aan die man se aardse nood nie, maar wys hom die pad wat hy ken en liefhet en wat vryheid en veiligheid selfs in elke nood en die dood beteken.

Jesus Christus leef en daarom verdwyn al die dinge op die agtergrond.

Die tronkbewaarder het iets van Paulus se bedoeling begryp en bring hulle na sy huis. Daar vertel Paulus in hierdie bewoë nag van die groot vreugde wat ons in Christus ontvang. En hulle glo en word in dieselfde nagtelike uur gedoop. Daar het redding gekom vir die huis!

Sommige van ons sou dit Paulus miskien nie nagesê het nie. Hulle sou moontlik aarselend vir die man gesê het:

"As die Here jou uitverkies het, sal jy gered word." Ag, ons moet tog maar die verborge dinge laat vir die Here onse God. Die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders. En dit het God aan ons geopenbaar:

> "Glo in die Here Jesus,
> en jy sal gered word."

Dankbaarheid

Agterna sou die tronkbewaarder wel daaraan gedink en die Here daarvoor gedank het. Hy sou besef dat die wonderlike dinge in daardie onstuimige nag nie toevallig gebeur het nie. God het dit so beskik om hom te red, omdat hy hom lankal gemerk het as een van sy skape. Daartoe moes Paulus en Silas geselslae en gevangenisstraf ondergaan en 'n aardbewing plaasvind. En selfs toe hy bewend voor die voete van die twee manne lê, het hy nog nie geweet watter groot skat hy aanstons sou ontvang nie.

Sê maar vir die afgedwaalde en heiden:

"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word." Doen dit maar getrou en laat rustig die uitslag in die hand van die Here. Hy weet wie aan Hom behoort. Om hierdie baie blye boodskap aan elkeen wat ons teëkom te verkondig — dit is ons taak.

32. Paulus was verontwaardig oor al die afgodsbeelde in Atene

> Terwyl Paulus in Atene vir Silas en Timoteus wag, het hy baie verontwaardig geword toe hy sien hoe vol afgodsbeelde die stad is — Hand. 17:16

Die stadsbestuur in Filippi moes Paulus en Silas om verskoning vra omdat hulle hom as Romeinse burger onverhoord gegesel en in die tronk gestop het. Hulle het egter maar dadelik uit Filippi vertrek na Tessalonika. Daar het die vyandige Jode hulle weer in gedrang gebring met die stadsbestuur en hulle moes in die donker uit die stad na Berea vertrek. In Berea het dit beter gegaan en het die Jode saam met hulle die Skrif ondersoek. Uiteindelik het die vyandige Jode uit Tessalonika dit weer in die neus gekry en Paulus moes maar weer verder — alleen na Atene, terwyl Silas en Timoteus in Berea agterbly. Hy wag in Atene, maar is in sy wagtyd produktief — ons kan van "vakansie-produksie" praat.

Geleerdheid en afgode

Atene was die stad van die geleerde Grieke, maar ook die saamtrekpunt van Griekse en Romeinse gode. Paulus het geweet dat die afgodsdiens gepaard gegaan het met uitspattinge en lelike onsedelikheid. In sy hart is daar heilige verontwaardiging dat die arme mense so in die greep van die duiwel is. En hy kan nie rus nie.

Ons ken ook verontwaardiging. Dit gaan gewoonlik teen mense en nie teen die duiwel wat hulle mislei nie. Daarmee bereik 'n mens niks nie — jy speel self in die hand van die duiwel. Heilige verontwaardiging is nooit gerig teen die sondaar self nie, maar teen die sonde. En dit bring mense in beweging — soos Paulus inderdaad nie kan stilsit en swyg wanneer hy die nood van hierdie afgodsdienaars sien nie.

Hy val aan op alle fronte. In die sinagoge is hy besig met sy eie verblinde volksgenote, wat hulle eie Messias nie ken of wil ken nie. Maar hy is ook elke dag op die stadsplein, waar die menigtes verbygaan en versamel. En hy praat met hulle. Hy trek hom hulle nood aan. In die Naam van Christus verkondig hy die vryheid van die slawebande van die duiwel en die afgodediens.

Heilig verontwaardig

Die geloof in Christus kan nie anders nie. Dit dryf jou en vervul jou met verontwaardiging oor die mag van die Bose en die afgode — ook van die twingtigste eeu. Aan die ander kant is jou hart vol van heilige bekommernis oor die nood van die afgodedienaars en die duiwelaanbidders. Die arme misleide mense, wat uiteindelik na die ewige afgrond gedryf word deur hierdie slawedrywers. Hulle is in geleerde taal allerlei soorte "ismes" in ons tyd: liberalisme, kommunisme, materialisme, humanisme — noem maar op; hulle getal is legio.

Mens- en stof-aanbidders

Ons leef in die eeu van mens- en stof-aanbidders. En dit is 'n gevaarlike tyd. Wanneer die mens op die troon sit en voor-gee dat hy god is — met die kreet: "Geen God en geen meester nie!" — dan het dit inderdaad laat geword. Die lewende God word selfs dood verklaar, omdat die mens self god wil wees — of sy eie gode fabriseer.

Wee, die leiers wat verleiers geword het! Hulle is leiers op elke lewensterrein — die staat en maatskappy; die kultuur en die kuns; die wetenskap en die tegniek. Oral is hulle aan die werk om mense se geloof in God los te wikkel en hulle die surrogaat van die afgode aan te bied.

En die mensdom word meer en meer soos skape wat geen herder het nie. Elke anker word ondergrawe en elke vaste beginsel oorboord gegooi. Alleen een ding bly oor: die mense het

liefhebbers van hulleself geword. En dan is dit benoud en eensaam in die wêreld. Mense word nommers en persone verdwyn in die massa. Afgode is geen gode nie en ontgogelde mense dwaal rond met hulle eie eensaamheid en lewensangs en weet nie waar om rus te soek nie.

Losgeruk van alle ankers

Kunstenaars en skrywers bombardeer hulle met vrae en saai twyfel in alles wat mooi en goed is. Slordig en slonsig sleep hulle die voete op pad na die kroeg of die dwelmsmouse en sink steeds dieper in die afgronde van wanhoop. Die gejaag na geld en goed — na sport en plesier — bied afleiding, maar geen innerlike rus en sekerheid nie. Die duiwel is uitgeslape en wreed en 'n kunstenaar van die hoogste gehalte. Hy weet baie meer as ons en kan ook baie meer as ons doen. En hy ken en kies sy instrumente en media met sorg en kundigheid en sy slagoffers sink by miljoene weg in die ewige duisternis. Het ons nie rede om verontwaardig te wees nie!

Het ons nie rede om met heilige kommer voor God vir die behoud van die mensdom te worstel nie!

Veg met wapenrusting van God

Wat sou Paulus, man alleen, in Atene kon uitrig?

En tog veg Paulus soos 'n oorwinnaar teen die oormag. Hy dra immers as soldaat die volle wapenrusting van God — en hy storm die vegsterrein binne en swaai, soos 'n geoefende vegter, die swaard van die Gees — dit is die Woord van God.

Daarmee het hy — en mense na hom — die duiwel oorwin en die mense verower vir Christus en sy koninkryk.

Paulus glo — daarom skrik hy nie terug vir die oormag nie.

> "Trek die wapenrusting aan wat God julle gee. Bly dan op julle pos,
> toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, geregtigheid as borsharnas,
> en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig
> as skoene aan julle voete.
> Daarby moet julle geloof as skild in die hand hê,
> want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.
> Sit verlossing as helm op
> en vat die swaard van die Gees,
> dit is die woord van God.
> Doen dit alles biddend
> en smeek God by elke geleentheid deur die Gees" —
> Ef. 6:13-18.

Met die wapenrusting van God aan, kan een klein en nietige mensie die duiwel en die wêreld aandurf!

En God laat hom nie in die steek nie.

Dit leer ons uit die geskiedenis van Paulus.

33. Paulus dank God vir die werk van die geloof van die gemeente in Tessalonika

> Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in her-innering die werk van julle geloof — 1 Tess. 1:2, 3

Onrustig oor Tessalonika

Ondanks al sy ywer het Paulus in Atene teen 'n muur van ongeloof en bygeloof vas gewerk. Atene was sy teleurstelling en hy sou mismoedig en eensaam daarvandaan vertrek na Korinte. Net 'n paar gelowiges het agtergebly. Gelukkig is die saad van die woord nie geheel tevergeefs gesaai nie en die Here sou op sy tyd die wasdom gee.

In Korinte aangekom, moes hy werk vir sy lewensbestaan — hy was 'n tentmaker van beroep. Daar ontmoet hy 'n Joodse egpaar: Akwila en Prissilla, wat uit Rome moes vlug. Die Akwila was ook 'n tentmaker en hulle besluit om saam te werk. Paulus het intussen dadelik in die sinagoge begin praat oor Jesus.

Hier kom Silas en Timoteus eindelik weer by hom uit. Hulle was nog steeds in Masedonië, waar hulle die arbeid voortgesit het. Hy het hulle in Berea agtergelaat, maar hulle was seker ook weer in Tessalonika en Filippi. Juis hulle berigte uit Tessalonika, waar 'n gemeentetjie onder moeilike omstandig-hede gestig en voortbestaan het, bring Paulus daartoe om aan die gemeente 'n brief te skryf. So begin Paulus se arbeid ook deur korrespondensie aan die gemeentes. En, vir ons van veel groter belang, so begin die Nuwe Testament op skrif vasgelê word.

Die werk van julle geloof

Hy skryf nou onder andere aan die gemeente dat hy die Here oor hulle almal dank, en voeg by:

> "Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof."

Die gemeentetjie in Tessalonika het alle rede gehad om tot twyfel te kom. Paulus en sy helpers het onder druk en vervolging in die nag uit die stad gevlug. Hulle het alleen agter-gebly sonder hulle voorgangers. Hulle kon hul verwyt dat hulle die gemeente in hulle nood in die steek gelaat het.

Bowendien is die gemeente self ook nie gespaar nie. Die ver-volgers het ook op die gemeente toegeslaan. Oor die dinge was Paulus bekommerd. Hy het in spanning gewag op die koms van Silas en Timoteus. Hulle bring egter verblydende berigte en Paulus gryp na die pen. Hy kon hulle nie nou persoonlik besoek nie, maar hy kon hulle versterk deur aan hulle te skryf.

En dan begin hy om te skryf oor sy blydskap en dankgebede oor wat hy van hulle gehoor het. Met wat 'n vreugde kon hy nie, na die teleurstellende ervaring in Atene, dit neerskryf nie!

> "Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie maar die woord van God" — 1 Tess. 2:13.

Die woord het uitwerking op julle — dit werk in julle. Dit werk die geloof en dit bring by die geloof werke voort tot verheerliking van God en uitbreiding van sy koninkryk.

Voorbeeld vir almal

> "So het julle dan 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en

Agaje" — 1 Tess. 1:7.

Masedonië en Agaje is die hele Griekeland. Wat 'n mooi getuienis van hierdie klein jong gemeentetjie!

Hulle geloof het gewerk. Hulle is as bome aan hulle vrugte geken. Hulle het hulle roeping as die sout van die aarde en die lig van die wêreld uitgeleef — Matt. 5.

Daarom is van hulle geloof gepraat deur ander mense. Ander Christene het dit gesien en daarvan vertel — en is gewis daar-deur aangemoedig.

Selfs ongelowiges moes dit sien en daardeur getrek word na Christus toe. Deur ons godsalige lewenswandel wen ons ons naaste ook vir Christus.

Glo jy? Dan het die geloof jou. Dan leef jy omdat jy glo. En jou geloof werk — dit maak harte gewillig en hande en voete sterk om te doen wat die Here van jou verwag.

En nie alleen van ons word goed gepraat nie, maar veral van ons Heiland deur Wie ons lewe en werk.

Dit is juis die geheim van die geloof — ek word in my eie oë steeds kleiner en Hy al groter. En Hy word meer en meer in my handel en wandel gesien.

Dank die Here vir die werk van die geloof in andere en bid dat u geloof altyd 'n werkende geloof mag wees.

34. Prissilla en Akwila werk

> Toe Prissilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die weg van God nog duideliker gemaak — Hand. 18:26

Leerlinge van Paulus

Na agtien maande in Korinte vertrek Paulus saam met Prissilla en Akwila uit Korinte na Asië. In Efese ontvang hy die ver-soek van die Jode in die sinagoge om daar te bly. Dit is die mees bemoedigende reaksie wat hy nog van die Jode ontvang het. Hy besluit egter om eers na Antiogië terug te keer en daarna in Efese te kom werk. Hy laat egter vir Prissilla en Akwila hier agter.

Hoewel Akwila 'n ongeleerde handwerker was — hy het tente gemaak — en Prissilla hom moontlik in sy ambag behulpsaam was, het hulle tog ywerig meegedoen aan die verspreiding van die evangelie. Hulle was goeie leerlinge van Paulus en het geweet waarvan hulle praat, wanneer die leer van Paulus ter sprake kom.

Prissilla op voorgrond

Dit is opmerklik dat Prissilla se naam in ons teks eerste genoem word. Dit is selfs meermale die geval. Vir Paulus was hulle albei geliefde medewerkers. So skryf hy aan die gemeente in Rome, toe die egpaar klaarblyklik weer daar gewoon het:

> "Groete vir Priska (Prissilla) en Akwila, my medewerkers in Christus Jesus wat hulle lewe vir my gewaag het. Dit is nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die gemeentes onder die heidennasies. Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaar kom" — Rom. 16:3-5.

Toe Paulus die eerste brief aan die gemeente in Korinte vanaf Efese geskryf het, was hulle nog daar. Ook toe hoor ons die hartlike toon oor die egpaar:

> "Van Akwila en Priska, en ook van die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaar kom: baie groete in die Here" — 1 Kor. 16:19.

Dit is duidelik dat Paulus hulle werk in die gemeentes met groot waardering herhaaldelik vermeld. Hulle was 'n geliefde egpaar onder die gelowiges uit die heidene. Altyd gasvry het hulle hul huis beskikbaar gestel vir samekomste van die gemeentes waar hulle ook al gewoon het.

Gee hart en huis

Hulle name kom steeds voor as egpaar — albei word genoem.

Nog meer opmerklik is dat Prissilla se naam gewoonlik eerste genoem word. Ook sy — en moontlik veral sy — was 'n geliefde medewerkster van Paulus. Dit mag wees dat haar man meer beskeie was of dat hy vanweë sy daaglikse werk minder as sy kon doen. Sy het in elk geval die meeste inisiatief geneem waar dit om die werk vir die Here gaan. Daarom word sy eerste genoem en nooi sy telkens die gelowiges uit om in haar huis saam te kom vir eredienste of ander byeenkomste. Destyds was daar geen kerkgeboue vir die Christene nie en hulle het gewoonlik maar in 'n huis vergader. Staan ons mooi huise ook in diens van die Here — gasvry en oop vir Hom en sy gemeente?

Hulle het selfs by een of ander geleentheid hulle eie lewe in gevaar gestel ter wille van die behoud van Paulus — Rom. 16:3.

En hoe kan ons anders as om met dankbare erkentlikheid aan hierdie egpaar — veral aan die

vrou Prissilla — te dink. In die vroeë kerkgeskiedenis word haar naam met dankbaar-heid en liefde genoem. Sy was nie 'n vrou wat stil op die agtergrond gebly het nie, maar sy het nie gehuiwer om na vore te tree en was selfs bekwaam om 'n man soos Apollos — wat later 'n krag in die kerk geword het — te onderrig.

Prissilla en Apollos

Die egpaar het hierdie vurige prediker in Efese ontmoet. Hy het uit Aleksandrië in Efese aangekom. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif. Hy het onderrig ontvang in die evangelie van die Here Jesus en het in Hom geglo. Hy het egter byvoorbeeld nie geweet dat Jesus self beveel het om gelowiges te doop nie. Ook meer dinge het hy nie duidelik begryp nie.

Prissilla en Akwila sit onder sy gehoor in die sinagoge. Hulle besef dat hy 'n begaafde Christen is en tog merk hulle sy tekort aan die regte insig en kennis. Na die byeenkoms neem hulle Apollos saam na hulle huis toe. En dan sit die begaafde prediker aan die voete van die eenvoudige werkman en sy vrou en luister hoe hulle aan hom die evangelie verduidelik en sy gebrekkige kennis aanvul.

So ontvang hierdie man "teologiese" opleiding van die egpaar — waarskynlik veral van die vrou Prissilla. Hulle verrig hulle taak so goed dat Apollos vanaf Efese na Korinte vertrek waar hy 'n bekende prediker geword het. Hy was selfs so bekend dat sommige in die gemeente hom teen Paulus afgespeel het — waaroor Paulus hulle later vermaan — 1 Kor. 3:1-9.

Die vrou in die Bybel

Dit is vir my 'n dankbare verskynsel dat daar in ons geledere deesdae belangstelling opvlam vir Bybelstudie. Ek glo dit kom van die Here. Dit is egter opmerklik dat veral vroue in besonder belangstel. Dit het selfs so geword dat mans soms nie met vroue in bepaalde kringe kan saampraat wanneer dit uit en oor die Woord van die Here gaan nie.

Mag die Here gee dat hieruit vir ons tyd weer vroue soos Prissilla na vore mag tree!

Ons het tog so 'n groot behoefte aan mense wat die Bybel ken en aan andere die kennis kan deurgee. Onder ons eie mense is daar baie te doene. Maar selfs rondom ons woon baie onwetende hongeriges vir wie sulke vroue veel kan beteken.

Laat ons in elk geval nie iets in die weg lê van die vroue wat meer van die Here en sy Woord wil weet nie. Dit is 'n gawe van die Here vir sy kerk in ons tyd van geestelike vervlakking en selfs verval.

Gelukkig en geseënd is die vroue wat doen soos Prissilla gedoen het, met die hulp en bystand van haar man.

Ek kan die egpaar nooit anders sien as mense wat die Here en sy kerk baie liefgehad het nie. En hulle het as 'n span saamgewerk omdat hulle ook die ware huweliksliefde geken en beleef het.

Toe ek 'n kind was is sustersvergaderings in die kerk "Dorkas"-of "Tabita"-verenigings genoem. Hulle het hulp aan die baie armes in die kerk verleen.

Tans is ons nie meer stoflik so arm soos destyds nie, maar ek dink dat dit gepas sou wees om tans liewer "Prissilla-verenigings" te stig met die oog op voorligting en evangelisasie. Dit is meer en meer die nood van ons tyd — gebrek aan kennis — en daarom gebrek aan werkers en werksters na buite.

35. In Efese is "huis skoon gemaak"

> "Baie van die mense wat gelowig geword het, het ook gekom en hulle towerpraktyke openlik bely.... Heel-party.... het hulle boeke gebring en voor almal verbrand — Hand. 19:18, 19

Evangelie in Efese

Paulus het eindelik in die groot stad Efese gaan werk, waar hy meer as twee jaar gebly het. Vir Paulus was dit 'n "hoogte-punt" in sy bediening. Hy het weer by die Jode in die sinagoge begin, maar sommige van hulle het naderhand so ernstig weerstand gebied — en selfs met Christus gespot — dat Paulus hom van hulle onttrek en in die skool van 'n sekere Tirannus daagliks byeenkomste begin hou het. Hier het hy vir twee jaar met groot vrug die evangelie verkondig, sodat dit selfs buite Efese, dwarsdeur die destydse Romeinse provinsie Asië, versprei het.

Die Here self het ook aan Paulus buitengewone kragte gegee, sodat hy uitsonderlike tekens en wonders gedoen het. Hy het ook baie bose geeste uit mense gedrywe.

Jesus ken ek — maar wie is julle?

Al die dinge het Paulus en sy evangelie bekend gemaak in die stad. 'n Sekere Joodse owerpriester het sewe seuns gehad, wat hulle self besig gehou het met die praktyk om "duiwels uit te dryf". Paulus se "sukses" in die opsig het indruk gemaak op die sewe manne en hulle besluit om voortaan ook die Naam van Jesus te gebruik wanneer hulle duiwels uitdryf.

Dit het egter vir hulleself rampspoedige gevolge gehad.

Een dag sê hulle vir 'n man wat met die duiwel besete was:

> "Ek besweer julle in die Naam van die Jesus wat deur Paulus verkondig word!"

Die bepaalde man antwoord:

> "Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?"

En die man spring onder hulle in en oorweldig hulle. Hy skeur hulle klere van hulle lyf en takel hulle so toe dat hulle kaal en stukkend geslaan uit die huis moes vlug.

Towerboeke verbrand

Hierdie gebeure het 'n groot indruk gemaak op beide Jode en Grieke in Efese. Baie mense wat Christus al bely het, het nog voortgegaan met bepaalde heidense gebruike. Sommige het selfs nog towerkunste beoefen en boeke met allerlei aanwysings en towerformules besit. Hulle kom nou en bely openlik hulle towerpraktyke en haal die boeke ook na vore. Eindelik lê daar 'n hele hoop boeke met towerformules en dit word deur hulle eienaars aan die brand gesteek.

> "So het die woord van die Here sy krag getoon en al verder versprei" — 19:20.

'n Mens mag nie die Naam van Christus lig skat nie. Daaroor vertoorn die Here Hom. Dit het die sewe seuns van Skeva ondervind. En dit lei weer daartoe dat baie andere, wat al hulle geloof in Christus bely het, hulleself begin ondersoek. Hulle besef dat die belydenis van die Naam van Jesus en die beoefening van towerpraktyke nie bymekaar hoort nie. Eer-bied en ontsag vir die Naam van Jesus groei in die harte van die mense. So kom baie na vore en bely hulle sondes voor Paulus. Daar kom 'n diep insig in die verdorwenheid van hulle eie lewe en

towerboeke word uitgehaal en verbrand.

Alle towery is bedrog, of self-suggestie of die werk van die duiwel. Die duiwel is meer uitgeslape as ons — hy weet veel meer as ons en kan baie meer as ons doen. Daarom moet 'n gelowige met alle werke van die Bose breek. Nie alleen ons huise moet skoongemaak word van duiwelse leesstof nie, maar ook ons harte moet gereinig word van inwonende sondes. En om dit te kan doen moet ons ons sondes ken en voor die Here bely.

Maak huis skoon

Soms is sonde en sondige praktyke so "kosbaar" dat 'n mens moeilik daarmee breek. 'n Televisiestel kos 'n hoop geld en ons het dit nou eenmaal aangekoop. Ons merk wel dinge op die televisie wat ons aan die begin nie kan goedkeur nie. Ons besluit selfs om ons "programme" te keur en te sorg dat ons kinders net "goeie programme" sien. Ongelukkig kan 'n mens nie "keur" voordat jy gesien het nie. En mettertyd sien en hoor jou kinders baie dinge wat hulle nie moes sien of kan verwerk nie — en jyself word ook innerlik al meer en meer gewoon aan wat jy sien. Jy word "gekondisioneer".

Stem uit hemel

Ek hoor 'n stem uit die hemel waarin die Here self sy volk in hierdie sondige en owerspelige geslag toeroep:

> "Gaan uit haar uit my volk,
> sodat julle nie aan haar sondes deel kry
> en die plae wat oor haar kom,
> julle ook tref nie" — Openb. 18:4.

Is 'n televisiestel of 'n bikini-pak of 'n dansparty of 'n ontugtige boek of tydskrifverhaal of wat ook al — die saligheid van jou siel werd? Werp die struikelblokke uit jou huis en reinig jou hart en lewe voor die aangesig van God! Wees heilig, soos Hy heilig is!

> "Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, moet heilig bly" — Openb. 22:11.

Ja, sê Jesus:

> "Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry, maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?" — Matt. 16:26.

Maak huis skoon!

Maak jou hart skoon!

Jy kan nie God en Mammon tegelyk dien nie!

Ryke vrug

En let op die heerlike uitwerking van hierdie "huisskoonmaak" in Efese:

> "So het die woord van die Here sy krag getoon en al verder versprei."

Is dit nie 'n feit dat die gelowiges in ons tyd tot 'n groot mate "wêreldgelykvormig" geword het nie?

Is dit dan vreemd dat die woord van die Here sy krag oor ons en in die wêreld verloor het?

Dit is tyd dat vure opvlam, waarin ons rommel tot as verteer kan word.

Doen ons dit nie uit eie beweging nie, sal die Here ons in die vuur bring:

> "In die ganse land, spreek die HERE —
> twee-derdes sal daarin uitgeroei word."

En die een-derde wat oorbly?

> "Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! en hulle sal sê: Die Here, my God!"

Is u gedoop met die Heilige Gees en met vuur? Dan brand die Heilige Gees ook in u weg wat verbrand moet word. Hulle wat weier word deur die vuur van God se beproewinge getoets en gereinig — of verteer.

Kom, laat ons ons tot die Here bekeer en huis skoonmaak!

36. Die gemeente in Korinte was bedroef oor 'n brief van Paulus

> Al het ek julle ook deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daaroor jammer nie — 2 Kor. 7: 8

Sonde in Korinte

Terwyl Paulus die twee jaar in Efese gewerk het, het hy hom baie bekommer oor probleme in die gemeente van Korinte.

Hy het gehoor van verdeeldheid en partyskappe, verdraagsaamheid teenoor lelike onsedelikheid, ongerymdhede by die nag-maal en allerlei ander vraagstukke. Hy het selfs sy betroubare helper Titus daarheen gestuur om ondersoek in te stel en sake te probeer regstel.

Eindelik vertrek hy self uit Efese na Korinte — gedryf deur die besorgdheid oor toestande in die gemeente. Hy maak egter van die geleentheid gebruik om op sy reis nog die evangelie te verkondig, wat veral in Troas groot vrug oplewer. Daarna gaan hy na Masedonië en besoek die gemeentes in Filippi en Tessalonika — waar hy innerlik met vreugde en krag vervul is. Sy grootste blydskap was egter dat hy Titus hier in Masedonië teëkom — op pad terug vanaf Korinte. Titus kon hom grootliks gerusstel oor die toestande in die gemeente en vertel ook dat sy vorige brief die gemeente bedroef gemaak het.

Dit was vir Paulus blye nuus:

> "Al het ek julle ook deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daaroor jammer nie" — 2 Kor. 7: 8.

So skryf hy vanuit Masedonië aan die gemeente, wat hy na nog 'n kort verblyf in die gemeentes in Masedonië, self sou gaan besoek.

Paulus bly oor hartseer van Korintiërs

Waarom was Paulus nie jammer oor die hartseer van die Korintiërs nie? Dit sê hy self:

> "Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle bedroef gemaak het nie, maar omdat ek julle so bedroef gemaak het dat julle tot inkeer gekom het.
>
> Julle was immers bedroef soos God dit wil hê. .... want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie.
>
> Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood" — 2 Kor. 7:9, 10.

Deur die geloof bedroef

Die Korintiërs was bedroef omdat hulle geglo het.

Die vermaninge van Paulus het hulle harte getref, omdat hulle skuldig was. Hulle het erken dat Paulus se woorde die waarheid is en het hulleself ondersoek en tot droefheid en berou gekom.

Die soort droefheid is soos God dit wil hê.

Die gevolg daarvan is bekering — dit lei daartoe dat mense nie alleen hartseer is nie, maar ook breek met die sondes waaroor hulle vermaan is.

ABC van geloof

Ons besit alleen die volle vreugde van die ware geloof indien ons die ABC van die geloof ken

en uitleef.

A. Kennis van ons ellende dat ons sondaars is, wat in onsself voor God verlore is. Dit hou in: sondekennis, sondedroefheid en sondevlug.

B. Kennis van die verlossing van die sondes deur Christus Jesus onse Here. Dan vlug jy met jou sondelas na Jesus Christus en pleit om vergifnis.

C. Kennis van hoe jy God dankbaar moet wees vir die verlossing in Christus. En dit is niks minder as bekering nie.

Van dag tot dag moet jy breek met wat verkeerd is en doen wat goed is. Jy moet meer en meer leef tot eer van Christus. Mooi stel ons Kategismus dit:

> " .... om deur die Heilige Gees vernuut en geheilig te wees tot lede van Christus, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in 'n godsalige onberispelike lewe wandel" (Sondag 26).

Dit is daarom dat Paulus se herdershart hom so verheug oor die hartseer van die Korintiërs. Hy het alle rede gehad om die Here te dank.

Ag, wêreldse dinge bring ook hartseer of droefheid. Verliese en skade en siekte en selfs oortredinge — bring droefheid en het droewige gevolge. Dit bring mense egter nie by God, indien die geloof nie daarin werksaam is nie. Dan vlug hulle soos Kaïn en Esau en Judas met hulle trane en wanhoop weg van God af. Hulle is spyt oor wat hulle verloor het en huil daaroor, maar kom nie tot bekering nie.

37. Paulus gaan na Jerusalem

> En nou gaan ek Jerusalem toe, daartoe gedring deur die Gees. Wat daar met my sal gebeur weet ek nie. Ek weet dat die Heilige Gees my verseker dat gevangenskap en vervolging op my wag — Hand. 20:22, 23

Krag van die geloof

Wat 'n kragtige geloofsbelydenis uit die mond van die apostel Paulus!

Deur die geloof weifel hy nie en wyk hy geen tree uit sy koers nie. Hy gaan Jerusalem toe omdat hy glo dat dit die wil van die Here is. Intussen weet hy dat daar vir hom boeie en vervolging wag. Dit het die Heilige Gees klaar aan hom geopenbaar.

Paulus was 'n man in die krag van sy lewe. Hy het ongeveer maar tien jaar gelede in Antiogië in die gemeente begin werk. Hy kon nog veel verrig. En nou reis hy doelgerig na Jerusalem en na die tronk toe. Hy weet dit wag vir hom.

Vroeër het hy tog dikwels gevlug wanneer moontlike vervolging hom bedreig het. Selfs op hierdie selfde reis — hy kom nou van Korinte af — het hy vinnig uit Korinte vertrek omdat die Jode van plan was om hom te vermoor. Hy het selfs met draaie geloop om die samesweerders teen hom te ontwyk.

Kyk alleen vorentoe

Maar nou gaan hy na Jerusalem en gevangenskap en hy weet dit vooruit. Hy draai egter nie om nie, maar is selfs haastig om daar te kom. Omdat hy met Pinkster in Jerusalem wou wees, wou hy selfs nie by Efese aandoen nie, maar het die ouderlinge ontbied om hom op die kus, by Milete, te ontmoet.

Daar het hy van hulle afskeid geneem: "En nou gaan ek Jerusalem toe, daartoe gedring deur die Gees. Wat daar met my sal gebeur, weet ek nie. Ek weet dat die Heilige Gees my in elke stad verseker dat gevangenskap en vervolging op my wag. Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak:

> "dit is om die evangelie van die genade van God te verkondig."

Van meer belang as sy eie lewe

Watter mens se lewe is nie vir homself kosbaar nie? Niemand soek moedswillig die dood nie — tensy hy op een of ander wyse sielkundig of geestelik versteurd geraak het. Paulus was egter nugter en sou graag nog lewe.

En tog is iets anders vir hom van meer belang as sy eie lewe.

Dit is sy lewenstaak — die dienswerk wat hy van die Here Jesus gekry het. Hy sou graag daarvoor wou lewe. Hy sou graag wou voortgaan om die evangelie van God se genade te verkondig. Wanneer hy sê: "Wat daar met my sal gebeur, weet ek nie," bedoel hy dat hy nie weet of hy doodgemaak sou word nie. Hy weet wel dat hy gevange geneem sou word. Hy het selfs geglo dat die ouderlinge van Efese hom nie weer sal sien nie — 20:38. Hy het derhalwe nie verder as die gevangenskap kon sien nie. Hy het nie vooruit geweet dat hy weer vrygelaat sou word nie.

Christen om te dien

Hier sien ons duidelik Paulus se geloof aan die werk.

Vir die gelowige is daar niks so belangrik as om die Here te kan dien nie.

Dit is ons elkeen se lewenstaak.

Omdat ons in Christus glo word ons Christene genoem.

En ons naam "Christen" beteken dat ons gesalf is met die Heilige Gees tot 'n heilige roeping.

Die naam en salwing het elkeen wat glo ontvang.

Daarom is elkeen wat glo altyd geroepe tot die dienswerk van Christus — al is jy geen predikant of ouderling of diaken nie.

In die gelykenis van die goue geldstukke — of ponde — kry elke slaaf presies net een geldstuk om mee te werk.

Elke Christen ontvang presies dieselfde.

Die eenvoudigste arbeider en die grootste geleerde kry ewe veel — net een geldstuk.

Paulus of Petrus, Luther of Calvyn het nie meer as jy ontvang nie. Net soos jy was hulle ook mense wat die naam "Christen" gedra het.

Die vraag is maar: Wat maak jy met jou naam, waarin jou roeping en opdrag opgesluit is? Werk jy daarmee of verspeel jy dit? Vir Paulus was dit kosbaarder as sy kosbare lewe — en vir jou? Daarom reis Paulus reguit na Jerusalem en sy gevangenskap.

Het werk in tronk

Hy is oortuig daarvan dat die gevangenskap en vervolging deel van sy werkopdrag is. Hy gaan tronk toe om te gaan werk vir die koninkryk van Jesus. Hy gaan vervolging tegemoet om die evangelie van God se genade te verkondig.

Daarom mag hy nie wegdraai of omdraai of vlug nie. Dan ontwyk hy sy werk — en dit is kosbaarder as sy lewe.

Die man het uit die geloof gelewe.

Deur die geloof alleen is enige mens tot so-iets bomensliks in staat.

Wat vir ons wag, weet ons nie.

Ons weet egter een ding dat die Here altyd en oral van ons verwag om ons roeping te vervul — ons werk te doen. Daarin mag ons nimmer verslap nie — al sou dit ons ons lewe kos.

Maar hoe is dit moontlik dat 'n gelowige mens daartoe in staat is? En sal ek dit kan doen, indien die Here dit van my eis? Dit is moontlik en dit sal gebeur, indien ek nou alreeds in Christus gesterf en opgestaan het tot 'n nuwe lewe. Dan leef ek nie meer nie, maar Christus leef in my. En vir Hom is geen ding onmoontlik nie.

Paulus het die geloof behou

Paulus het sy reis voortgesit. In Tirus het hy die gelowiges aldaar ontmoet.

> "Deur die Gees gelei het hulle vir Paulus gesê om nie na Jerusalem toe te gaan nie ...." — 21:4.

Hy het egter gegaan — nadat die groep gelowiges — mans en vroue — daar saam met hom op die strand gekniel en gebid het.

In Sesarea ontmoet hy die profeet Agabus. Hy vat Paulus se gordel en bind sy hande en voete daarmee vas:

> "So sê die Heilige Gees: ‚Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie

gordel net so vasbind en hom aan die heidene uitlewer'" — 21:11.

Op die smeekstemme van die gelowiges om nie na Jerusalem te gaan nie, is Paulus se antwoord egter:

> "Waarom wil julle my hart sag maak met julle trane? Ter wille van die Naam van die Here Jesus is ek bereid om in Jerusalem nie net gevange geneem te word nie maar selfs ook te sterwe" — 21: 13.

Here gee ons so 'n geloof!

Paulus het sy werk gedoen, totdat keiser Nero sy kop laat afkap het.

38. Paulus het saam met die ouderlinge van Efese gekniel en gebid

> Nadat Paulus dit gesê het, het hy saam met hulle almal gekniel en gebid — Hand. 20:36.

Ek vertrou julle aan God toe

Op die strand by Milete staan die groepie ouderlinge uit Efese rondom Paulus. Omdat hy haastig op pad na Jerusalem was — waar gevangenskap en vervolging vir hom wag — het hy hulle daarheen ontbied. Hy was bang dat hy, indien hy self na Efese reis, vertraag sou word.

Hy spreek hulle toe in groot erns en bewoënheid. Dit is soos 'n vader op sy sterfbed nog vir laas sy kinders vermaan. Hy vertel van sy eie optrede tussen hulle. Hy het niks waaroor hy hom hoef te skaam nie — hy het geleef soos hy gepreek het. Daarom kan hy ook met vrymoedigheid vermaan:

> "Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun" —20:28.

Eindelik kom sy afskeidswoorde:

> "Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade" — 20:32.

Na nog 'n paar woorde kniel hy dan neer op die sand en hulle saam met hom. En Paulus bid.

Paulus dank en bid voortdurend

Wat hy gebid het, word nie aan ons vertel nie.

Dit is ook nie nodig nie. Ons kan wel aflei dat hy in die eerste plek, soos gewoonlik in sy briewe, die Here vir hulle en die gemeente in Efese gedank het.

In sy brief aan dieselfde gemeente, wat hy uit die tronk aan hulle geskryf het, kom die volgende gebed voor. 'n Gebed wat ons hom gerus kan nasê:

> "Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.
>
> Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.
>
> Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.
>
> Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.
>
> Aan Hom wat deur sy krag in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, deur verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in ewigheid. Amen." — Ef. 3:14-21.

Hierdie gebed kan ons gerus maar herhaaldelik lees, sodat dit in ons harte lewe.

Hier bid 'n man wat klein is en daarom vol is van eerbied en dankbaarheid vir God se genade, wat aan ons so ryklik in die liefde van Christus gegee is.

Christus met hulle

So kniel hulle dan neer op die strand by Milete — onder die blote hemel. En Christus is met hulle. Hy is met sy getroue dienskneg wat na Jerusalem toe gaan — na gevangenskap en vervolging. Hy gaan omdat hy gevange is deur Christus en die Heilige Gees en nie anders kon nie.

En hy bid vir die ouderlinge en gemeente wat hy opdra aan God en aan die woord van sy genade. En eindelik staan die groepie op — innerlik gesterk en tog:

> "Almal het baie gehuil en hom omhels en gesoen. Hulle was veral hartseer omdat hy gesê het dat hulle hom nie weer sou sien nie" — 20:37.

Ja, huil maar gerus by so 'n afskeid — selfs nadat jy gebid het. God sien ook ons trane aan en hy ken ons droefheid.

> "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word."

39. Paulus het vir die Jode soos 'n Jood geword om die Jode te wen

> Die volgende dag het Paulus die manne geneem en die reinigingshandeling saam met hulle verrig — Hand. 21:26. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te wen — 1 Kor. 9:20

Gerugte oor Paulus

Paulus het eindelik in Jerusalem aangekom. Hy gaan met sy geselskap tuis by 'n sekere Mnason — afkomstig uit Siprus. Die volgende dag gaan hulle na Jakobus, die broer van die Here Jesus, wat die leiding in die gemeente van Jerusalem op hom gehad het. Jakobus het hom verwag en die ouderlinge van die gemeente ook opgeroep om teenwoordig te wees.

Paulus vertel hulle in besonderhede wat God deur sy diens onder die heidene gedoen het. Die ouderlinge is daaroor baie dankbaar en prys God daarvoor. Dan vertel hulle hom van gerugte wat oor hom in omloop is in Jerusalem.

In Jerusalem het 'n gemeente, bestaande uit duisende Jode, ontwikkel. Die mense het egter nog getrou die seremonies van die Joodse wette onderhou. Dit is begryplik — selfs die Here Jesus is besny en het die Joodse feeste getrou bygewoon. Nou word vertel dat Paulus die Jode in die verstrooiing leer om van die wet van Moses af te sien. Hy sou hulle leer om hulle kinders nie meer te laat besny en die Joodse gebruike te onderhou nie.

Joodse wette

In ooreenstemming met die besluit — nege jaar gelede (Hand. 15) — in Jerusalem geneem, het Paulus wel geleer dat die heidene nie aan die Joodse wette gebonde sou wees, wanneer hulle tot bekering kom nie. Hy het ook duidelik geleer dat die seremoniële wette in Christus vervul is en niks bydra tot die redding van enige mens nie. Op pad terug van Korinte het hy self egter sy hare laat afsny, omdat hy 'n gelofte gedoen het — klaarblyklik 'n "Nasireërgelofte" — Hand. 18:18. Hy het selfs ook vir Timoteus laat besny — Hand. 16:3 — omdat hy eintlik 'n gebore Jood was.

Die kerkraad verwag vanweë die gerugte, sterk teëstand teen Paulus van die gemeente in Jerusalem, en beveel aan dat hyself iets moes doen wat onmiskenbaar toon dat hy geen afvallige Jood was nie.

Daar is 'n paar manne in Jerusalem wat 'n gelofte gedoen het.

By hulle "reiniging" moes hulle bepaalde offers bring. Hulle advies is:

> "Neem hulle saam met jou vir die reinigingshandeling en betaal die koste daarvan, sodat hulle hulle hare kan afsny. Dan sal almal weet dat nie een van die gerugte wat oor jou versprei word, waar is nie, maar dat jy self die wet onderhou" — Hand. 21: 24.

Vir 'n Jood soos 'n Jood

Paulus wat openlik kon verklaar:

"Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te wen" — 1 Kor. 9:20 doen wat die ouderlinge van hom verwag. Hy voeg hom by die manne en doen mee aan die seremonie, wat daagliks in die tempel plaasvind. Hy doen nie die dinge om mense ter wille te wees om omdat hy die beginsel van die geloof in Christus alleen, oorboord gooi nie. Nee, hy begryp die swakheid van die Jode. Hy kon dit goed begryp, omdat hy self 'n Jood was. En hy sou eerlik oortuig wees dat hy op die wyse die saak van die Here die beste dien.

Hy wou die Jode nie vir homself wen nie, maar vir Christus. Maar om dit te kon doen moes hulle homself aanvaar as 'n ware dienaar van Christus. Eintlik kom sy daad maar net neer op selfverloëning en is geen verloëning van die Here nie.

Hy weet dat die seremonies van die wet in Christus vervul is. Net soos hy ook weet dat die afgode niks is nie en aan vleis wat vir die afgode geoffer is, niks onheiligs kleef nie. Dit bly maar gewone vleis. Hy het die kennis. Maar:

> "Kennis maak verwaand, maar liefde bou op" — 1 Kor. 8:1.

Daarom:

> " .... as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie" — 1 Kor. 8:13.

Deur die geloof alleen kan jy so optree.

Jy het immers dan jou naaste lief soos jouself en is in staat om jouself te verloën.

Daarom handel Paulus hier só om die gelowiges in Jerusalem te wen. Hoe swaar is dit soms vir ons om onsself te verloën — ter wille van die vrede met ons medemense! En tog verloor jy daar niks by, indien jy om Christus wil daartoe in staat is nie.

Jy wen alleen jou naaste vir Christus.

40. Die geboeide Paulus preek vir die volk

> Broers en vaders, luister na wat ek nou tot my verdediging vir julle wil sê — Hand. 22:1

Paulus leef uit die geloof

Hoe lank volg ons nou al die voetspore van Paulus! Maar hoe kan ons anders? Die skrywer, Lukas, het ook sy paaie gevolg oor berge en seë en dit aan ons vertel. Meer nog, die Heilige Gees wat vir Lukas geïnspireer het om dit te skrywe, het dit nodig gevind dat ons sy pad moes volg.

Paulus self het nie daarna gesoek nie. Hy het alleen gedoen wat hy moes doen; hy wou sy lewenstaak voltooi om die evangelie van God se genade te verkondig. Hy het uit die geloof gelewe.

En nou staan hy as 'n geboeide misdadiger voor sy volk en vertel vir hulle van Jesus Christus.

Dat hy homself verloën en aan die bevooroordeelde Joodse Christene wou bewys dat hy nog 'n egte Jood was, het hom in die moeilikheid gebring. Skreeuende Jode het hom in die tempel herken en 'n volksoploop veroorsaak. Die volk sou hom doodgeslaan het, indien Lisias, die Romeinse kommandant, hom nie gered het nie. Hy het hom egter dadelik geboei en as gevangene weggelei na die vesting Antonia. Die kommandant was onder die indruk dat Paulus 'n Egiptiese terroristeleier was, wat vir oproer gesoek is. Hy kon immers nie verstaan wat die Jode skreeu en waarom hulle Paulus sommer daar wou vermoor nie. Hy het hulle taal nie geken nie.

Spreek die oproerige volk toe

Deur die geloof gedryf, wou Paulus egter nie so van sy volk af weggaan tronk toe nie. Hy vra vir die kommandant om die volk toe te spreek, voordat hy hom wegneem. Verwonderd om te hoor dat Paulus hom in beskaafde Grieks aanspreek en 'n burger van Tarsus in Silisië is, laat hy Paulus op die trappe plek inneem en wink die volk om stil te bly. Toe hulle tot stilte kom, begin Paulus praat:

> "Broers en vaders, luister na wat ek nou tot my verdediging vir julle wil sê."

Toe hulle hoor dat hy hulle in hul moedertaal toespreek, is hulle nog stiller.

Hy vertel wie hy was en hoe hy, deur die beroemde Joodse leraar Gamaliël, in die Joodse godsdiens onderrig is. Hy skaam hom nie om ook te vermeld hoe hy die volgelinge van Jesus se dood gesoek het nie. Hy swyg ook nie oor sy ondervinding op pad na Damaskus, toe die Here Jesus hom platgeslaan het om hom te behou nie. Selfs die opdrag wat die Here hom gee, by monde van Ananias noem hy onbeskroomd:

> "Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, want jy sal vir alle mense sy getuie wees ...." — 22: 14, 15.

Stil luister die Jode.

Maar dan vertel hy dat die Here vir hom in Jerusalem gesê het:

> "Jy moet hiervandaan weggaan, want ek wil jou ver weg stuur, na die heidene toe" — 22:21.

Sy volk verraai!

Meteens brul die menigte Jode asof met een stem:

> "Weg met hom! So 'n man behoort nie te bly lewe nie" — 22:22.

So 'n volksverraaier!

Hy knoop bande aan met die heidense honde en verraai sy eie vlees en bloed!

Dit was die strooi wat by die Jode die kameel se rug gebreek het.

En tog sit die duiwel hier agter.

Vir hom gaan dit nie om Paulus en die Joodse volk nie, maar om Jesus Christus die Verlosser van Jode en heidene. Hy gryp die geleentheid aan en buit die Joodse "nasionale" gevoel uit om Jesus se werk te verhinder.

Dit doen hy nog maar steeds.

Daarom veg Christelike volke teen mekaar en roei mekaar soms uit.

Die duiwel speel op elke moontlike snaar — net waar dit hom op die oomblik pas — om Christus en sy koninkryk te beveg.

Maar hulle kon die hand nou nie aan Paulus slaan nie.

Die Here het dit so beskik dat die Romeine hom beskerm.

Hy het nog werk om te doen; eers wanneer dit afgehandel is, sal dieselfde Romeine sy kop afkap.

Maar dan het hy die wedloop voleindig en — gelukkig — ook die geloof behou. Voordat sy werk afgehandel is, val geen haar van sy hoof nie.

41. Paulus verklaar voor die Joodse Raad dat hy glo in die opstanding

> Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe gelei het.
>
> Dit is oor die verwagting dat die dooies weer sal opstaan dat ek verhoor word — Hand. 23:1, 6

Menslike lis of taktiek?

Hier staan sommige verklaarders enigsins verleë oor Paulus se optrede. Sy reaksie is te skerp en sy verklaring is deur menslike lis of taktiek ingegee — en nie deur die geloof nie — meen hulle.

Ag, Paulus is ook 'n mens wat kan struikel en hy ken ook die sogenaamde regbank voor wie hy staan. Hy weet dat hy geen reg van hulle kon verwag nie en kon nou op die wyse aan die kommandant van Rome toon wat 'n klug die ondersoek of verhoor voor die Joodse Raad is.

En tog dink ek dat ons geen rede het om Paulus se opregtheid in twyfel te trek nie. Hy het selfs nou nog die reguit pad geloop — die pad van die geloof in Jesus Christus.

Paulus 'n verleentheid vir die Romeine

Die kommandant moes nou eenmaal vir Paulus as gevangene aanhou, maar, soos Pontius Pilatus met Jesus, was hierdie Lisias ook met Paulus in verleentheid. Hy sou die argwaan van die Jode op sy hals haal, indien hy hom summier loslaat. Aan die ander kant moet hy weet wat die klag teen Paulus is, voordat hy hom na die goewerneur in Sesarea stuur om verhoor te word.

Daarom besluit hy om die Joodse Raad byeen te roep en te vra dat hulle Paulus se saak ondersoek en dan, indien hulle meen dat daar 'n saak teen hom is, die klagstaat teen hom op te stel. So verskyn die apostel voor die waardige en deftige here van die Hoogste Raad.

Die Raad is egter ook in verleentheid. Watter klag kan hulle eintlik teen Paulus inbring? Hulle besluit om hom geleentheid te gee om te praat — dan kan hulle moontlik iets teen hom kry. Hulle weet wie Paulus is en wil hom sielsgraag vashou en veroordeel — hoe dit met 'n skyn van reg kon plaasvind, was alleen die vraag.

Paulus kry geleentheid om te praat.

Paulus se toornige reaksie

> "Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het" — 23: 1.

Ananias, die hoëpriester, vererg hom en beveel: "Klap hom op sy mond!" En die klap val.

Paulus antwoord impulsief:

> "God sal jou slaan, jou skynheilige! Jy sit hier om my volgens die wet te verhoor, maar in stryd met die wet beveel jy dat ek geslaan moet word."

Omstanders reageer:

> "Skel jy die hoëpriester van God uit?"

Paulus antwoord:

> "Ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie. Dit is soos daar geskrywe

staan: 'Jy mag nie 'n leier van jou volk beledig nie'."

Ag, Paulus het geweet voor hierdie "regbank" kon hy geen reg verwag nie. Dit gaan tog uiteindelik nie om hom nie, maar om Jesus Christus, wat hulle haat. Maar hy betreur tog sy haastige reaksie. Die hoëpriester het seker nie sy ampsgewaad aangehad nie en Paulus het werklik nie geweet dat hy die hoëpriester was nie. Wanneer laas was hy in Jerusalem?

Weet van tweespalt in Raad

Maar hy ken die Raad goed. Hy weet dat dit bestaan uit Sadduseërs — onder wie die owerpriesters getel het. Aan die ander kant was daar die Fariseërs.

Die Sadduseërs het nie geglo in die opstanding van die dooies nie. Dit weet ons al uit die tyd toe Jesus nog op aarde was — Matt. 22:23. Aan die ander kant het die Fariseërs wel aan die opstanding geglo. Omdat hy dit weet doen hy dan 'n ver-klaring, wat die waarheid is, maar wat terselfdertyd die verdelende faktor in die Raad was:

> "Broers, ek is 'n Fariseër en kom uit 'n familie van Fariseërs. Dit is oor die verwagting dat die dooies weer sal opstaan dat ek verhoor word."

Hulle hoef nie te skarrel om 'n aanklag teen hom te kry nie. Die verklaring is die waarheid — daarom gaan dit. Hy glo in die opstanding van die dooies en daarom glo hy ook in die opstanding van Jesus Christus, wat hulle gekruisig het. Daarmee ontbloot hy hulle skynheiligheid — hy is immers bestorm en in die tempel oorrompel, omdat hy onbesnede heidene in die tempel sou gebring het. Dit was 'n versinsel, maar hierdie verklaring is die werklike saak waarom dit gaan.

> "Verhoor en oordeel my volgens waarheid — omdat ek glo in die opstanding! Moenie denkbeeldige bykomstighede probeer versin nie!"

***Kern van die* saak**

In hierdie optrede van Paulus hoef ons geen menslike lis of diplomasie te sien nie. Ons kan dit sien as heilige erns vir Paulus wat hulle by die kern van die saak wil bring. Hy staan tereg as gevolg van sy geloof in Jesus — wat uit die dood opgestaan het. Sy verklaring is dus geloofstaal! Dit sê hy en kan hy alleen sê deur die geloof. Hy verklaar waarin hy glo.

En hy kon die konsekwensies van sy verklaring met 'n geruste gewete aanvaar. Hy het voor die Raad bely wat hy werklik glo — en die uitslag is in die hand van die Here.

Here bevestig dit

Dat die raadslede toe onder mekaar begin stry en die arme Paulus byna uitmekaar skeur, is nie die hoofsaak nie. Om Paulus te red moes die kommandant hom gou weer laat ver-wyder na die kaserne. En dan bevestig die Here nog Paulus se optrede. Daardie selfde nag staan die Here by hom en sê vir hom:

> "Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir my getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen" — 23:11.

Indien die Here dit so ongekwalifiseerd goedkeur, wie is ek dan om te kan sê dat Paulus hier listig opgetree het?

Die duiwel is listig en hy kan ons in sy strikke vang. Ons moet egter ook kan onderskei om die swak plekke in sy aanval bloot te lê. Teen die waarheid is hy nie bestand nie. Onthou die woorde van Jesus:

> "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" — Joh. 14.

42. Paulus verklaar dat hy oor die opstanding van die dooies tereg staan

> Ek staan vandag hier voor julle tereg omdat ek aan die opstanding van die dooies glo — Hand. 24:22.

'n Gevaar vir die samelewing

Nadat Paulus deur die Romeinse soldate uit die woede van die Joodse Raad gered is, is hy nog by die kaserne aangehou. Sy suster se seun verneem toe van 'n komplot om hom te vermoor en beland eindelik by die kommandant aan wie hy dit vertel. Die glo hom en hy laat Paulus in die nag oorplaas na Sesarea, waar die Romeinse goewerneur Feliks woon. Vyf dae later daag die hoëpriester en sy gevolg ook daar op om hom aan te kla. Hulle het 'n advokaat, Tertullus, as hulle mondstuk saamgebring.

Paulus word ingeroep en Tertullus begin met sy aanklag, eers nadat hy aan Feliks as regter en regeerder hoë lof betuig het — wat vir Feliks self oneg in die ore sou klink omdat hy al iets weet van die Joodse geslepenheid. Die aanklag is:

> "Ons beskou hierdie man as 'n gevaar vir die samelewing. Hy is 'n leier van die dwaalrigting van die Nasareners. Toe hy probeer het om selfs die tempel te ontheilig, het ons hom gevange geneem ...."

Die ander Jode beaam wat Tertullus sê. Dit is die waarheid.

Dan kry Paulus geleentheid om homself te verdedig. Hy kon homself verdedig, want hy was nooit skuldig aan skeurmakery of oproer nie. Hy moes homself in die opsig verdedig, want 'n Christen mag nie sulke dinge doen nie. Maar bepaalde dinge mag hy nie ontken nie.

Lê ware redes bloot

> "Dit erken ek wel voor u: Ek dien die God van my voorvaders volgens die Weg wat hulle 'n dwaalrigting noem. Ek glo nog steeds alles wat in die wet en die profete geskrywe staan...."

Hoe kon dit ook anders — dit is juis die wet en profete wat van die koms van die Christus getuig en wat in Hom vervul is? Indien hy dit nie geglo het nie, sou hy ook nie in Christus geglo het nie.

En dan vertel hy dat hy juis met 'n reinigingshandeling — volgens die Joodse wet — besig was, toe 'n paar Jode uit die provinsie Asië op hom afgekom en 'n lawaai opgeskop het. Hulle moes hier wees as getuies.

> "Of laat hierdie mense nou sê aan watter misdaad ek in my verhoor voor die Raad skuldig bevind is. Al wat ek daar vir hulle gesê het was: 'Ek staan vandag hier voor julle tereg omdat ek aan die opstanding van die dooies glo'."

Dit is duidelik: Paulus voel hom self nie skuldig aan een of ander menslike lis of bedrog toe hy die verklaring voor die Joodse Raad gedoen het nie. Hy herhaal dat hy dit gesê het en die Jode weet wat die verklaring in die Raad beteken het. Daarvan sou kommandant Lisias ook kon getuig. Hy moes Paulus red — anders het die twee opponerende partye in die Raad hom uitmekaar geskeur. Sommige het selfs vir hom kant gekies.

Regter kan nie beslis nie

Wat sou die Romeinse regter Feliks hieruit wys kon word? Hy sê dan ook vir die Jode dat hy sal wag op Lisias voordat hy die saak kan afhandel. Vir Paulus stuur hy na die tronk, maar beveel daarby dat hy minder streng behandel moes word en sy mense ook toegelaat word om

hom te versorg.

En dan gaan Paulus, die gevangene en vervolgde ter wille van die woord van God wat hy moes verkondig. Hy weet dat sy Here vir hom hier in die tronk nog werk te doene het. Hy het alreeds vanuit Korinte vir die gemeente in Rome geskryf: "Ek verlang daarna om julle te sien, want ek wil 'n geestelike gawe aan julle oordra om julle te versterk" — Rom. 1:11.

En het die Here Jesus dan nie kort van tevore in Jerusalem aan hom gesê nie?

> "Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen" — 23: 11.

God met hom

En hoe hy in Rome sou kom, is nie sy saak nie. Die Here sal dit wel nog aan hom duidelik maak, maar een ding weet hy:

> "God is vir ons, wie kan teen ons wees?
> Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgegee om ons almal te red.
> Sal Hy dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?
> Wie kan die uitverkorenes van God aankla?
> God self verklaar hulle regverdig.
> Wie kan ons veroordeel?
> Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit:
> Hy is uit die dood opgewek,
> Hy sit aan die regterhand van God,
> Hy pleit vir ons.
> Wie kan ons van die liefde van Christus skei?
> Lyding of benoudheid of vervolging,
> honger of naaktheid, gevaar of swaard?" — Rom. 8:31-35.

Laat die Jode maar aankla en die Romeine maar vervolg! God is vir hom!

Vir hom is die groot saak maar dat hy van elke geleentheid moes gebruik maak om Jesus Christus te verkondig — as die gekruisigde en opgestane Here. Dit is sy saligheid en sy vryheid — al is hy agter slot en grendel.

Vertel gerus van Jesus se dood en opstanding in die aangesig van die dood. Dan werk jy nog tot jou laaste asemtog.

God het sy eie Seun nie gespaar nie — dit is ons sekerheid dat Hy al die ander dinge saam met Hom vir ons skenk.

Die geloof en die sekerheid en die krag! Wanneer ons kragte beswyk en die donker twyfelvrae ons radeloos maak — staan Christus as die gekruisigde en lewende Redder by ons om ons op te vang in sy genadige arms.

43. Paulus verkondig die Woord aan Feliks en Drusilla

Paulus het met hom gepraat oor geregtigheid en self-beheersing en oor die komende oordeel — Hand. 24:25.

Paulus voor Feliks en Drusilla

Paulus sit in die tronk in Sesarea. Hy is voor die goewerneur Feliks aangekla deur die Jode. Omdat die saak vir Feliks nie duidelik was nie en hy vir Paulus, uit vrees vir die Jode nie wou loslaat nie, het hy hom aangehou.

Die man Paulus, kon Feliks egter nie uit sy gedagte verdring nie. Hy het ook oor hom en die leer van Jesus met sy vrou, Drusilla, gepraat. Drusilla was 'n dogter van Herodes Agrippa 1 — die man wat Jakobus met die swaard laat doodmaak het — Hand. 12:1, 2. As jong dogter is sy getroud met Asis van Amesa in Sirië. Sy het haar man egter verlaat en met Feliks gaan saamleef. Sy was dus nie wettig die vrou van Feliks nie. Sy word 'n "Joodse" vrou genoem, omdat die Herodesse, wat in werklikheid geen Jode was nie, met Jode ondertrou het en hard probeer het om hulle voor te doen as Jode. Op die wyse het hulle probeer om in die guns van die Jode te bly. (Haar oupa-grootjie, Herodes die Grote, het byvoorbeeld die pragtempel vir die Jode in Jerusalem gebou).

Ook sy sou nuuskierig wees om Paulus te sien en te hoor. Sy het gewis ook van Jesus van Nasaret gehoor en het moontlik selfs 'n soort geheimsinnige vrees vir Hom gekoester.

Feliks laat Paulus uit die tronk haal om met hom en sy vrou oor Jesus te praat.

Paulus staan dus nou weer voor 'n goewerneur met die versoek om die evangelie te verkondig. Vroeër het hy dit ook kon doen teenoor Sergius Paulus, die goewerneur van Siprus, wat gelowig geword het — Hand. 13:12. Of Feliks ook werklik in Jesus belang gestel het, vanweë onrus in sy eie hart, of dit bloot uit nuuskierigheid doen, is nie duidelik nie.

Gryp geleentheid aan

Vir Paulus is dit egter 'n geleentheid om sy werk te doen en hy gryp dit in alle erns aan. Of hy alles van Jesus vertel het, is nie duidelik nie. Ons kan wel verwag dat hy dit sou doen. Hy het geen rede gehad om nie te vertel van sy dood, ter wille van die sonde van die mensdom nie. Hy sou ook gepraat het van sy opstanding, waarvan Feliks sydelings alreeds iets sou weet uit die saak wat hy verhoor het. Oor sy wederkoms om die lewendes en dooies te oordeel het hy bepaald ook vertel.

Lukas noem alleen die volgende uit wat Paulus gesê het: "Paulus het met hom gepraat oor geregtigheid en selfbeheersing en oor die komende oordeel."

Feliks word bang

Dat Paulus dit nodig gevind het om dit te benadruk, blyk uit die reaksie van Feliks. Dit het hom laat bang word. Hy het skuldig gevoel. As regter het hy nie altyd regverdig opgetree nie. Dit blyk selfs later dat hy gehoop het om omkoopgeld van Paulus te kry. Dit sou gewis die praktyk wees wat hy gewoonlik toegepas het, en homself so op onregverdige wyse verryk het. Daarom het hy bang geword.

Selfbeheersing het hierdie twee mense ook nie geken nie. Hulle leef immers in ontug saam as man en vrou. En hoeveel vroue of mans daar al in hulle lewe was en nog is, kan 'n mens maar net raai. Die soort losbandige lewe was vir die Romeine hoegenaamd nie vreemd nie. In die opsig het hulle geen selfbeheersing geken nie.

En die komende oordeel? Ja, dit sê nog iets vir Feliks dat hy bang geword het, toe hy daaraan

dink. As hy toe maar toegegee het aan sy vrees en daarmee op die knieë voor Christus beland het. Gelukkig is die mens wat dit doen.

Ondanks al die onreg wat hy gepleeg het en alle onreinheid wat aan hom kleef vanweë sy losbandige lewe, sou Christus hom genadiglik ontvang het. Hy sou rein gewas word in die bloed van die Lam. Dit het miljoene mense in die loop van die geskiedenis ondervind.

Stel beslissing uit

Ja, Feliks staan op die tweesprong van sy lewe. Maar hy stel die beslissing helaas uit. En die greep van die duiwel verstewig op hom. Mammon dryf hom selfs daartoe om hierdie regverdige man, Paulus, te probeer verlei om aan hom omkoopgeld te gee vir sy vryheid. Natuurlik bedank Paulus vir die soort vryheid. Hy kon nie sy vryheid in Christus verruil vir die slawerny van Satan nie. Dit kom dikwels van uitstel.

Maar, deur die geloof het Paulus sy werk gedoen. Hy het die woord van die Here aan die verharde Feliks verkondig. En volgens die woord sal die Here eenmaal vir Feliks oordeel.

44. Paulus beroep hom op die keiser

> Maar as daar niks in hulle beskuldigings teen my steek nie, kan niemand my as guns aan hulle uitlewer nie. Ek beroep my op die keiser" — Hand. 25:11

Goewerneur en Jode

Sedert sy bekering kan ons gerus maar met hoofletters oor Paulus se lewe skryf: "DEUR DIE GELOOF." Dit was sy grondslag en rigsnoer in alles wat hy gedoen het. Daarom is dit so leersaam en troosryk om hom op die voet te volg. Hy was by uitnemendheid 'n voorbeeld van 'n mens wat uit die geloof gelewe het.

Hy sit nou alreeds vir twee jaar in die tronk in Sesarea. Feliks kon geen rede vind om hom te straf nie en uit vrees vir die Jode kon hy hom ook nie loslaat nie. Eindelik roep keiser Nero vir Feliks terug na Rome en hy stel vir Festus as nuwe goewerneur oor Palestina aan.

Festus het dadelik begryp dat hy 'n goeie indruk op die Joodse leiers moes maak, indien hy nie in die warm water met die keiser wou beland nie. Die Romeinse keiser was 'n wispelturige en tirannieke wellusteling — en van hom kon jy enig-iets verwag. Daarom mog daar geen rimpeling van ontevredenheid onder Festus se administrasie wees nie.

Hy reis so gou moontlik na Jerusalem om die Joodse leiers te ontmoet. Hulle gryp die kans aan om dadelik te versoek dat hy Paulus na Jerusalem moes laat bring, sodat hy in die teenwoordigheid van die goewerneur deur hulle verhoor kon word. Intussen is alreeds planne beraam om Paulus op pad na Jerusalem te vermoor. Festus is egter tog versigtig genoeg om te sê dat hulle na Sesarea moes kom, waar hulle volle geleentheid sou kry om hulle klagte teen hom aan die goewerneur voor te lê.

Jode haat Christus se gesant

Met sy terugkeer reis die Joodse leiers saam met Festus na Sesarea. Die verhoor vind ook sommer die dag na hulle aan-koms plaas. Dadelik begin die Jode hom van allerlei vreeslike dinge beskuldig, wat vaag en sonder werklike bewyse is. Dit is 'n deursigtige poging om Paulus ten alle koste skuldig te kry en uit die weg te laat ruim.

Festus merk gou dat die Jode in werklikheid geen saak teen Paulus het nie. Toe Paulus nog besig is om homself te verdedig, vra die goewerneur vir hom:

> "Sou jy bereid wees dat ek jou oor hierdie saak in Jerusalem gaan verhoor?" — 25:9.

Ek beroep my op die keiser

Paulus kyk die goewerneur aan en sien dwarsdeur sy slinkse skuif. Hy antwoord:

> "Ek staan tereg voor die keiserlike regbank.
> Ek het die Jode geen kwaad aangedoen nie.
> Dit weet u baie goed.
> As ek skuldig is en iets gedoen het wat die
> doodstraf verdien, is ek bereid om te sterwe.
> Maar as daar niks in hulle beskuldigings steek nie,
> kan niemand my as 'n guns aan hulle uitlewer nie.
> Ek beroep my op die keiser."

Vir Paulus is dit duidelik dat ook hierdie goewerneur nie aan hom reg sal doen nie. Hy is te bang vir die Jode. En hy skroom nie om dit te sê nie. Daarom maak hy nou gebruik van sy reg as Romeinse burger (vergelyk Hand. 16:35-38; 22:24, 25). Hy kan hom op die keiser, as die

hoogste regbank in die Romeinse ryk, beroep, en hy doen dit.

Ag, Paulus is bereid om vir die Here te sterwe. Dit is nie daarom dat hy veg vir sy lewe nie. Hy moes egter aan Festus en die Jode tuisbring dat hulle onreg pleeg — ook teenoor God aan wie hulle uiteindelik verantwoording verskuldig is. So verkondig hy nog steeds die evangelie aan hulle. Mog hulle tog maar luister en hulle bekeer.

Maar die Here het ook aan hom gesê:

> "Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen" — 23:11.

Dit het nou vir hom duidelik geword dat die tyd aangebreek het om na Rome te gaan. Hier kan hy niks meer doen nie. Twee jaar van ledigheid in die tronk is vir hom genoeg. Hy wil voortgaan met sy werk en nou gaan die deur vir hom oop om na Rome te vertrek. Daar sou hy ook vir die Here gaan getuig.

Werk met jou geloof solank dit dag is — die nag kom wanneer niemand kan werk nie.

45. Paulus worstel om die siel van Herodes Agrippa

> Agrippa sê toe vir Paulus: "Jy dink seker jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak."
>
> "Of dit nou gou-gou gebeur of langer duur," antwoord Paulus, "ek bid God dat nie net u nie, maar almal wat vandag na my luister, sal word wat ek is, natuurlik net sonder hierdie boeie" — Hand. 26:28, 29.

Uitkoms vir Festus

As Romeinse burger het Paulus, die gevangene in Sesarea, hom op die keiser beroep. Dit het die goewerneur Festus in groot verleentheid gebring. Sy vrees vir die Jode, aan wie hy Paulus wou uitlewer, maak nou plek vir sy vrees vir die keiser — die wispelturige en wrede Nero. Hy moes minstens 'n klag-staat teen Paulus opstel en hy weet werklik nie waarom dit gaan nie. Bowendien is hy in sy innerlike oortuig dat Paulus onskuldig is.

Dan kom daar vir hom 'n soort uitkoms. Hy ontvang besoek van Herodes Agrippa 2 en sy vrou en/of suster, Bernise. U merk dat ons dit moeilik vind om te bepaal of Agrippa met sy suster as vrou saamgeleef het. Dit is in elk geval nie onmoontlik dat Agrippa in bloedskande met sy suster geleef het nie. Dit het in die tyd tussen hoë lui meermale voorgekom.

Die Herodesse was bekend met die Joodse godsdiens en het selfs voorgegee dat hulle in die Bybel glo. Daarom sou Agrippa aan Festus goeie raad kon gee. Toe Festus dit met hom bespreek, versoek Agrippa om Paulus eers self te hoor. So gebeur dit dan dat Paulus die volgende dag voor Agrippa en Bernise en 'n hele uitgelese geselskap hoogwaardigheids-bekleders verskyn.

Paulus preek vir Agrippa en Bernise

In sy inleidende toesprakie erken Festus sy verleentheid en hy gee eintlik bedektelik toe dat hy Paulus nie kon loslaat nie, vanweë sy vrees vir die skreeuende Jode. Dan neem Agrippa die woord en sê vir Paulus:

> "Jy kan maar jou saak stel."

Hier gee die skrywer Lukas 'n redelik breedvoerige weergawe van Paulus se toespraak. Hy vertel van homself en toon aan hoe die Skrif in Christus vervul is. Hy, wat eers die gemeente van Jesus vervolg het, het Hom self ontmoet en kan nou nie anders as om Hom as die verwagte Messias te verkondig nie. Daarmee het hy in geen opsig afgewyk van die wet en profete nie, want Agrippa weet self dat die Jode die Messias verwag.

> "Die Christus moes ly en die eerste wees wat uit die dood opstaan. Daardeur sou hy die lig aan die Jode en aan die heidennasies bring" — 26:23.

Op die stadium kom Festus tussenbei en skreeu:

> "Jy's mal, Paulus! Jou groot geleerdheid maak jou mal!"

Dit is presies wat hy in die oorspronklike taal gesê het. Hy gebruik die woord "mania", wat ons terugvind in die benaming "maniak".

Glo u die profete?

Hierop antwoord Paulus:

"Ek is nie mal nie, u Edele, maar onder die leiding van die Heilige Gees praat ek die waarheid wat elkeen kan verstaan. Die koning weet van hierdie dinge, en daarom praat ek openhartig

met hom. Ek is seker dat dit nie sy aandag ontgaan het nie, want dit het nie êrens in 'n hoekie gebeur nie. Koning Agrippa glo u die profete? Ek weet u glo!"

Agrippa weet waarvan Paulus praat. Hy weet van die profete en van die verwagte Messias. Hy weet van Jesus van Nasaret en sy werke en dood. Van die dinge word daar gewis nog baie in Palestina gepraat.

Maar Paulus wou nie hê dat die gebeure vir Agrippa bloot interessante wetenswaardighede moes wees nie. Hy staan as profeet van die Here voor Agrippa — soos Johannes die Doper voor sy oupa gestaan en hom vermaan het oor sy onwettige vrou. So rig Paulus nou ook die swaard van die Gees — die Woord van God — op die hart van hierdie koning:

> "Koning Agrippa glo u die profete? Ek weet dat u glo!"

Byna 'n Christen

Agrippa se antwoord? Hier verkies ek die ou vertaling van ons Bybel. Dit gee duideliker die weifelende houding van Agrippa weer:

> "Jy beweeg my byna om 'n Christen te word."

Ag, in sy hart moes Agrippa toegee dat Paulus reg is — of reg kan wees. Hy sou in elk geval deur verdere samesprekings tot sekerheid kon kom deur die Skrifte saam met Paulus te ondersoek. Maar hy wil nie toegee nie. Die prys is vir hom te groot. Hy sal te veel moet offer. Dit is en bly altyd waar:

> "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg" — Matt. 16.

Nee, dit is te veel gevra vir Agrippa.

Paulus spreek nog vir laas sy gebed uit:

"Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie." (Dit is weer die nuwe vertaling.) Paulus gun dit so van harte aan alle mense: die vryheid, die rus, die vreugde om te weet dat jy aan Christus behoort.

Sonde maak Agrippa blind

Maar die duiwel en die begeerlikhede van die lewe en die sondige welluste, maak mense blind. In die slawebande geketting word hulle meegevoer na die ewige afgrond.

Helaas, Agrippa staan op en die geselskap hoogwaardigheids-beklêders verlaat die saal. By die uitstap gesels hulle nog onder mekaar:

> "Hierdie man het niks gedoen wat die dood of tronkstraf verdien nie." Selfs Agrippa sê vir Festus: "Hierdie man kon vrygelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie" — 32.

So is die "geval" Paulus dan nou weer verby vir die manne van die wêreld. Maar daarmee verdring hulle ook die "Lig van die wêreld" uit hulle harte. So naby die Lig en tog!

En Paulus self?

Hy het sy geleentheid aangegryp, maar hy weet dat hyself die geloof nie aan mense kan gee nie. Dit verhinder hom egter nie om elke geleentheid te gebruik en aan elke mens te verkondig wat hy glo nie. Omdat hy glo kan hy nie anders nie:

Hy saai die saad van die woord. Soos hy self aan Timoteus skryf:

"Ek beveel jou .... verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee" — 2 Tim. 3:1, 2.

46. Paulus verkry beheer oor die skip in die stormsee

> Daarom, hou moed manne! Ek vertrou op God dat álles net so sál gebeur soos Hy vir my gesê het. Dit is so bestem dat ons êrens op 'n eiland moet land — Hand. 27: 25

Op weg na Rome

Paulus is 'n gevangene op 'n vragskip op weg na Rome. Eindelik gaan hy na Rome, soos die Here gesê het:

> "Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook doen" — 23: 11.

Hy is saam met 'n aantal ander gevangenes in die ruim van die skip. Hoeveel van hulle sou bestem wees vir die arenas in Rome om voor die wilde diere te sterwe tot vermaak van die Romeinse burgers? Paulus het in elk geval bepaalde voor-regte geniet. Hy is self 'n Romeinse burger wat hom op die keiser beroep het en die offisier van die wag het van Festus, die goewerneur in Sesarea, bepaald opdragte ontvang om aan Paulus voorkeurbehandeling te gee.

Gevangene waarsku kaptein

By Mooi Hawens aan die kus van Kreta het hy die kaptein gewaarsku:

> "Manne, ek sien dat ons vaart van nou af gevaarlik sal wees en dat daar nie net groot skade aan die vrag en die skip gaan kom nie maar ook lewensgevaar" — 27:10.

Ag, wie steur hom nou aan die voorspelling van 'n gevangene? Wat weet hy ook van die see en weersgesteldheid af? Die offisier is gerus, omdat die kaptein van die skip vir Paulus uitlag. En hulle lig die anker en vaar uit in die koers van Feniks, waar hulle beter sou kon oorwinter.

Onverwags begin 'n stormwind op die ou skippie losbreek sodat dit hulpeloos die diepsee ingedryf word. In die beskutting van 'n klein eilandjie, Kauda, kon hulle darem met moeite die reddingsbootjie inhaal. Hulle maak ook 'n paar toue styf om die skip vas om sy romp te verstewig. Allerlei ander nood-maatreëls word getref. Skeepsgereedskap gaan oorboord en eindelik word 'n deel van die vrag ook in die see gegooi. Vir dae sien hulle geen son of sterre nie, sodat hulle nie hulle koers kon bepaal nie.

Moedverlore in storm

Eindelik is die bemanning en soldate moedverlore — hulle wag maar vir 'n gewisse waterdood. Vir dae lank dink hulle nie eens daaraan om te eet nie — verteer deur angs en spanning.

Paulus kom dan doodkalm tussen hulle staan en sê: "Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta af weggegaan het nie."

Dit is geen verwyt nie. Hy wil hulle vertroue wen. Hulle het gesien dat hy die waarheid gepraat het en sal nou geredeliker na hom luister. Dan gaan hy voort:

> "Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan. Verlede nag het daar 'n engel aan my verskyn van die God aan wie ek behoort en wie ek dien.
>
> Die engel het vir my gesê: 'Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is.'

> Daarom, hou moed manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het. Dit is so bestem dat ons êrens op 'n eiland moet strand."

Paulus neem roer in hande

Deur die geloof staan Paulus daar op die nietige skippie onder die donker lug. Golwe beuk en slaan en die ou skippie dobber soos 'n vingerhoed op die woeste see rond. Die mees gesoute seemanne het klaar alle moed verloor — die kaptein en offisier van die wag inkluis. Niemand sien meer enige uitkoms nie.

Maar die hemel is bo Paulus oop.

Deur die geloof het hy die band met die God wat winde stuur en golwe beskik. En hy vrees vir niks, want ook nou is hy nog in die hand van die Almagtige.

Hy glo in God — daarom glo hy in sy beloftes.

Hy glo in God — daarom glo hy in sy opdrag — selfs, ja juis hier, op die skip in die stormsee.

Hier kan hy leiding gee, omdat hy deur die Heilige Gees gelei word.

Hier kan hy onbevrees en kalm wees, omdat hy besig is met sy werk in diens van sy Here.

En wat 'n voorreg dat hy ook hier kan vertel van die God aan wie hy behoort en wie hy dien?

Met bang oë en agterdog in die harte kyk die wanhopige manne na hom.

En tog het hulle weer iets om aan vas te klem. Die kalmte en rus van Paulus straal ook uit na hulle. Onsekerheid maak plek vir twyfelagtige hoop en vertroue.

Vreemd dat Paulus uitsien om voor die keiser tereg te staan — die ander gevangenes sidder vir die wrede keiser. Ook offisiere en soldate kan dit nie begryp nie. En tog boesem dit vertroue in. Paulus se gewisse kennis en vaste vertroue straal uit sy wese.

Dit is asof Paulus ook met die onbekende eiland waar hulle bestem was om te land, 'n anker in hulle ontredderde harte werp. Hulle het iets om na uit te sien — agter die golwe en wolke en wind lê daar 'n eiland van hoop op hulle en wag. Wie weet?

Die veertiende nag merk die matrose dat land naby is. Hulle gooi die dieplood uit en meet ses en dertig meter. 'n Entjie verder is dit sewe en twintig meter. Nou raak hulle bang vir die rotse. Die matrose wend 'n poging aan om ongemerk met die reddingsbootjie weg te kom. Dadelik tree Paulus op. Hy rig hom tot die offisier van die soldate:

> "As hierdie matrose nie aan boord bly nie, kan julle nie gered word nie" — 27:31.

En nou reageer die offisier spontaan op Paulus se woord. Hy laat die toue van die bootjie afkap en dit val in die see.

Almal gered

Dit begin lig word. Paulus moedig die manne aan om iets te eet. Hy stel self die voorbeeld. Hy neem 'n stukkie brood en dank die Here voor almal en begin dan rustig eet. "Eet, want julle het dit nodig om gered te word."

En die manne, al vir veertien dae in wanhoop, sonder om te dink aan kos, begin ook eet.

Paulus vertrou op God — en die mense vertrou op hom, omdat hy op God vertrou. Hy stel die voorbeeld van rustige Gods-vertroue en die ander mense word daardeur aangesteek. Hy versprei die lig van Christus en sy lamp skyn op almal wat in die skip is. So is 'n Christen wat

glo in die Lig van die wêreld.

Wat maak dit saak dat die outydse skippie deur die golwe gebreek en tot flarde geslaan word? Daardie môre spoel of swem al 276 manne uit en bereik die strand van die eiland Malta in veiligheid. God het sy belofte gestand gedoen. En Paulus se geloof is nie beskaam nie. Hy sou voor die keiser staan en daarom staan ook 276 drenkelinge veilig op die strand van Milete — as 'n Godsgeskenk vir Paulus.

Onrustige gedagtes woel in ons innerlike.

Hoeveel verlorenes verdrink elke dag, omdat die geloofsvertroue van die volgelinge van Jesus wankel?

Ag ja, ek weet van God se uitverkiesing en ons "bestemde" lot. Maar in gedagte sien ek ook dat die Heilige Gees bedroef is en Christus ween oor die hedendaagse Jerusalem.

> "Julle is die lig vir die wêreld.... ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis" — Matt. 5:14, 15.

Julle is ligdraers!

Bring tog lig vir almal wat in die duisternis sit!

Steek op julle lampe en skyn oor almal in die donker wêreld!

47. Paulus dank God en skep moed

Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep — Hand. 28:15

Moedelose apostel

Indien jy die boek Handelinge lees en Paulus op sy voetspore volg, sal jy nie maklik agterkom dat hy soms ook moedeloos was nie.

Toe hy alleen in Atene was op sy tweede sendingreis, het daar iets van deurgeskemer. Miskien het hy daar 'n geloofsinsinking beleef en juis daarom so weinig vrug op sy arbeid kon sien. Wie weet? (Vergelyk Hand. 17:16-33.)

Ook in Korinte, die groot handelstad met sy afgode en ontug-tempels het die Here dit nodig gevind om hom moed in te praat. Een nag het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê:

> "Moenie bang wees nie; hou aan met preek en moenie stilbly nie, want Ek is met jou. Niemand sal jou aanval of kwaad aandoen nie, want in hierdie stad behoort baie mense aan My" — Hand. 18:9, 10.

Na sy gevangeneming in Jerusalem het dit weer gebeur.

> "Daardie nag het die Here by Paulus gestaan en vir hom gesê: ‚Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen'" — Hand. 23:11.

So het die Here ook vir Paulus telkens ontmoet om hom moed in te praat. Hy skryf selfs aan die Korintiërs dat hy die eerste keer bewus was van sy swakheid en met groot angs en huiwering, daar aangekom het — 1 Kor. 2:3.

Onbegonne taak

En nou is hy op reis na die wêreldstad Rome. Hy het uitgesien om daar te kom, maar toe hy die buitewyke van die stad bereik gaan daar allerlei gedagtes deur sy kop en sluip angs in sy hart. Wat sou hy kon vermag teen die magte van die Satan in hierdie goddelose wêreldstad? In Rome is keiser Nero en sy trawante, misdadigers en wellustelinge, wat niks en niemand ontsien nie. En die stad is gevul met vreemdelinge en slawe en vrygelate slawe. Aan die een kant was daar armoede en ellende en honger. Aan die ander kant weelde en plesiersug. En deur dit alles heen styg die stank van 'n verrotte sedelike lewe en godsdienstige spotterny na bo.

En hier kom Paulus aan as die gesant van Jesus Christus — geboei aan 'n Romeinse soldaat. Wat sou hy daar kon vermag? Swaarmoedig slof hy sleepvoet voort — omdat hy nie anders kon nie.

Een in die Here

Hulle kom aan by die Appiusmark,

Paulus hoor sy naam uitroep. Opgewonde snel 'n groepie mense hom tegemoet. Soos die gewoonte was, val hulle hom om die hals en soen hom. 'n Entjie verder, by Drie Herberge, word die gebeure herhaal. Daar word hy tegemoet gesnel en met blye uitroepe van verwelkoming begroet.

Paulus sien die blydskap van die mense! Hy sien hoe welkom hy is! In die groot stad Rome, met sy miljoene afgodedienaars en bandelose wellustelinge, bestaan alreeds 'n gemeente van Jesus Christus. Hulle het verneem dat die groot apostel Paulus op pad is en sommige snel hom tegemoet. Hulle is bly en gelukkig. Liefde en ware geneentheid straal uit hulle oë en is

op hulle gesigte te lees.

En Paulus sien dit. Groot dankbaarheid teenoor God vervul sy hart. En sy moedeloosheid verdwyn soos mis in die môreson.

> "Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep."

Sy geloofsoog sien nou weer helder.

In hierdie groepie mense sien hy die begin van die stroom wat sal aanswel en eerlang die mure van Rome oorweldig.

In hulle sien hy die werk van God. Hulle is vir hom die teken van die krag en genade van sy Here.

Die Here het sy apostel vooruit gereis na Rome. Die Here het vir hom die pad gebaan. Hier sien hy die bewys daarvan — en hy dank God en skep moed.

Sterk mekaar se hande

Maar die blye uitroepe en hartlike verwelkoming vertel ook aan hom dat die gelowiges in Rome hom liefhet en hom graag in hulle midde wil hê. Hulle was vreemdelinge vir mekaar en tog herken hulle mekaar as broers en susters. Hy is een van hulle, omdat hulle een liggaam in Christus is. Hoe waar is die uitspraak van die Here nie!

> "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle my dissipels is"
> — Joh. 13:35.

As ons tog maar altyd onthou dat 'n dienskneg van Jesus ook moeg en moedeloos kan word. Hy is dikwels so eensaam, omdat hy voor moet loop as die herder van die kudde.

Kom hom teë met 'n beker koue water — 'n bietjie waardering — 'n klein blyk van liefde en meelewing. En hy dank God en skep moed.

Ligvoets stap Paulus Rome binne.

En die Here is met hom. By sy aankoms in Rome kry hy vergunning om op sy eie te woon met 'n soldaat wat hom bewaak. Hy word nie weer opgesluit nie.

Drie dae na sy aankoms nooi hy al die hoofde van Joodse sinagoges en ander leiers na hom toe. En hy begin werk. Hulle spreek af om later 'n dag lank saam om die Skrif deur te bring en saam te ondersoek of Jesus die verwagte Messias is. Sommige glo en ander hou aan om hom te weerspreek. In verdeeldheid vertrek hulle. Maar Paulus het nog geleentheid om aan hulle te sê, nadat die meerderheid van die Joodse leiers Christus verwerp het:

> "Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies gestuur word. Hulle sal luister" — 28:28.

En dan sak die gordyn oor die lewe van die apostel Paulus. Hy het nog twee jaar lank in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat hom besoek het.

> "Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer. Dit het hy gedoen met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verhindering" — 28:31.

As drankoffer uitgegiet

Daar is aanduidinge uit sy briewe dat hy later weer vrygelaat is. Die Here ag dit egter nie nodig dat ons meer van die lewe van hierdie geloofsheld sou weet nie.

Menslik gesproke dank ons ons eie geloof aan hom, want hy was die draer van die evangelie

van Jesus Christus na Europa.

Dat hy wel later tereggestel is, kan ons aflei uit sy briewe:

> "Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my heengaan is voor die deur.... Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie .... Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring ...." — 2 Tim. 4:6, 16, 18.

Deur die geloof het hy geleef en gewerk.

Deur die geloof het hy gely.

En deur die geloof het hy gesterwe.